# B. AGTER TRALIES

## ARRESTASIE EN VERHOORAFWAGTING

ARRESTASIE! Wat lê nie alles opgesluit in daardie enkele woord nie! Die een oomblik 'n min of meer normale lewe tussen familie en vriende, die volgende oomblik 'n dooie nommer in die kloue van 'n gevoellose stelsel; die een oomblik 'n burger van die moderne beskawing, die volgende oomblik verplaas na die Middeleeue.

Dit is moeilik om die gedagtes te beskryf wat op daardie oomblik deur jou brein jaag. Jy staan fier en regop: jy moet boet vir jou ideale. Jy weet dat die pad wat jy nou moet bewandel, dieselfde pad is wat soveel van jou kamerade voor jou alreeds bewandel het. Jy weet dat wat jy ookal mag gedoen het, terwille van 'n ideaal was wat al vele lewens geëis het; deel was van 'n stryd wat al meer as 'n eeu gelede begin het. Jy staan met 'n skoon gewete voor God, en jy vrees sy oordeel nie.

Jy weet wat jou kamerade van jou verwag in hierdie oomblik, en dienooreenkomstig handel jy. Maar jy weet ook dat hierdie arrestasie die einde beteken van soveel dinge wat jy met moeite opgebou het. Jou werk wat jy pligsgetrou al die jare gedoen het en waarmee jy jou daaglikse brood verdien het, waarmee jy jou gesin onderhou het of vir jou ouers gesorg het — dit is nou tot niet. Daardie jarelange diens beteken nou niks meer nie. Die toekoms is duister. Jy moet nou totsiens sê aan vrou en kinders, familie en vriende. Van hier af moet jou vrou en kinders — of miskien 'n weduwee-moeder of kranklike vader — alleen wandel. Goddank, jou kamerade is nog daar om hulle by te staan in die moeilike tyd wat hulle nou voor die deur lê. Vir hulle sal gesorg word, want die lewensbeskouing wat jy en jou kamerade huldig, is nie 'n vae teorie nie. Dit is nie net mooi woordjies nie; dit is iets wat uitgeleef word.

Arrestasie! Die einde van die lewe wat jy tot dusver geken het, en die begin van . . . wat? Nog nooit het jy met die gereg gebots nie; jou kennis van die gevangenis is feitlik nul.

„Ons arresteer jou onder Noodregulasie so-en-so van datum so-en-so, en ons wil jou kamer visenteer." Dit is miskien laat in die nag. Woordeloos trek jy aan. Twee speurders staan aan jou sy, terwyl die res jou kamer in 'n puinhoop omskep.

Alle laaie word uitgetrek en die inhoud oor die vloer gestrooi. Jou klere word deurgevoel, jou matras omgekeer, die mure en vloer van die kamer word sorgvuldig ondersoek, kaste word uitgepak, prente omgekeer, boeke verskuiwe en deurgesoek. Op 'n aparte hopie op die vloer word alles gegooi wat „suspisieus" lyk — 'n knyptang, sakboekies, briewe, 'n fotografiese filmrol, 'n leë dosie wat oorspronklik 'n Zobo-sakhorlosie bevat het en wat jy jarelank al gebruik vir hempsknopies (miskien het jy die Zobo-horlosie wat daarin was, gebruik vir 'n bom!), sleutels — ag, die onmoontlikste goed.

Terwyl die deursoekery van kamer en huis aangaan, word jy met vrae bestook. „Ken jy vir Van der Merwe?" „Ja — ek ken baie."

„Ken jy vir La Grange?" „Ja — ons slagter se naam is Le Grange."

„Ken jy vir Pieterse?" „Nee, nog nooit van hom gehoor nie." „Wat maak jy hiermee — hoekom is daardie so — wat beteken hierdie?" — en so gaan dit aan en aan en aan.

Maar jy is stom, blind, doof en onnosel. Jy weet niks en jy verstaan niks.

Intussen gooi jy haastig 'n paar goed in 'n tas om saam met jou te neem. Die speurders staan rondom jou, want baie van jou kamerade het op soortgelyke oomblikke daarin geslaag om te ontsnap. Wat moet alles in die tas kom? Jy weet nie, want jy weet so min van wat op jou wag, wat toegelaat is en wat nie.

Vrou en familie word sonder veel vertoon van gevoel gegroet, want „vreemdes" staan en kyk en sal hulle verheug in enige vertoon van verdriet.

Buitekant staan 'n kar op jou en wag — of miskien die „Black Maria." Jy wuif vriendelik aan jou mense en klim tussen twee speurders in.

By die aanklagtekantoor aangekom, snuffel hulle eers die tas deur, en dan word jy in 'n sel ingedompel en die deur gesluit. Nou begin die poging om jou te breek.

Jy mag geen besoeke ontvang en ook geen prokureur spreek nie. Jy is alleen in 'n sel met jou gedagtes. Of miskien is jy nie alleen nie. Miskien word 'n tweede persoon saam met jou in die sel gesit — iemand wat kamtig ook aangehou word onder Noodregulasies, wat kamtig nog meer anti-Engels en pro-Boer is as wat jy is; iemand wat tog alte gretig is om te gesels oor alles wat hy al gedoen het en alles wat jy gedoen het. Maar gelukkig ken jy hierdie streek. Jy was vooraf gewaarsku dat dit een van die speurders se metodes is om 'n lokvink saam met jou in die sel te stop in die hoop dat jy met hom sal gesels. Jy weet van moontlike mikrofone in die mure. En jy swyg soos die graf — of anders praat jy

„openlik" met hom en vertel hom die grootste klomp kaf waaraan jy kan dink. Dit duur dan ook nie lank nie, of jy is weer alleen.

Die kos is nie sleg nie — slegte kos kom gewoonlik eers later. Komberse is volop — as jy een van die gelukkiges is. 'n Kort rukkie elke dag word jy uitgeneem uit die sel en kan jy tussen hoë mure 'n bietjie in die son rondstap. Jou sel self is so koud soos ys, met 'n paar klein venstertjies, goed voorsien van tralies, hoog teen die dak. Jy word goed bewaak, en tog, baie van jou kamerade het uit soortgelyke selle en onder soortgelyke omstandighede ontsnap. Party het 'n gat deur die muur gegrawe met die onmoontlikste implemente, ander het die tralies deurgesaag met 'n stukkie ystersaag, 'n paar duim lank, wat hulle op een of ander manier ingesmokkel het. Al hierdie ontsnappings het dae en dae lange werk gekos; en elke môre moes alle tekens van sulke ontsnappingswerk versigtig verberg word. Party het daarin geslaag om die wag beet te kry en sy sleutels af te neem. Maar al hierdie dinge het plaasgevind waar daar 'n groep in een sel toegesluit was. Jy is alleen.

Gereeld word jy ondervra. Jy word na 'n kamer geneem waar 'n paar van die „Politieke Staf" om 'n tafel sit, en daar word enige ding aangewend om jou te laat praat. Waar dit 'n jong seun is wat ondervra word, kom hulle met dreigemente: „Jy sal die res van jou lewe in die tronk sit; jy kan selfs gehang word." 'n Speurder sit sy rewolwer en skoonmaak, 'n ander een speel met 'n stel boeie. Die hele atmosfeer wat geskep word, is dreigend; en altyd word die uitweg voor die gevangene se oë gehou: praat net, en jy is vry. Waar die gevangene baie jonk was, het die atmosfeer hom partymaal oorrompel, en hy het gepraat. Later, as hy dan besef wat hy gedoen het, kom berou en 'n poging om sy eer te herstel. In die hof weier hy om getuienis af te lê. Hy word tronk toe gestuur vir agt dae, maar hy weier nog steeds. Weer gaan hy tronk toe, en daarna weer en weer — sewe- of agtmaal agtermekaar. Maar hy is nou sterk, en selfs die dreigement om hom vir twee jaar tronk toe te stuur onder 'n nuwe Noodregulasie kan hom nie breek nie. Op die ou end word hy gevonnis tot ses maande dwangarbeid. Hy gaan tronk toe met 'n glimlag op sy gesig — 'n seun van agttien jaar — want sy eer is herstel. Hy is nie 'n verraaier nie.

Met 'n ouer persoon sal die speurders 'n ander taktiek gebruik. Nou is die dreigemente nie meer so seer teen jou persoonlik nie as teen jou familie of jou vriende. 'n Donker prent word vir jou geskilder van hoe sleg dit nou sal gaan met vrou en kinders of met jou ouers. Hulle verduidelik mooi aan jou hoe dwaas jy is om alles op te offer terwille van 'n volk. Maar dit help niks: jou houding is uitdagend. Daar word aan jou vertel dat hierdie of daardie kameraad gepraat

het — lang verklarings afgelê — die speurders weet alles van jou af — hulle het genoeg getuienis om jou galg toe te stuur of in elk geval tronk toe vir 'n baie lang tyd. Miskien word dele van sulke „verklarings" aan jou uitgelees — gewoonlik deur die speurders self geskryf. Maar hier weer is jy voorbereid; jy tart hulle uit: „As julle dan so baie weet, hoekom vra julle my?"

Allerhande dinge word jou belowe — as jy tog net wil praat! Jy word vertel van al die persone wat deur jou optrede in die tronk of kamp beland het: vriende of kamerade met wie jy in aanraking was, mense by wie jy 'n kamer gehuur het of wat jou skuiling aangebied het — miskien familielede op wie suspisie geval het. Jy word belowe dat almal losgelaat sal word; daar word so ver langs te kenne gegee dat hulle enigeen sal loslaat wat volgens jou mening onskuldig is — as jy tog maar net wil praat! Jy word gedreig dat hulle al jou vriende gaan arresteer, jou familielede, almal wat jy ken — as jy NIE wil praat nie. Partymaal het hulle selfs drank aangebied om te sien of dit nie tonge sal losmaak nie, maar later was hulle baie versigtiger, want al hulle vuil metodes het in die howe onder die kruisverhoor van ons advokate uitgelek. So, byvoorbeeld, was dit die speurders self wat onder kruisverhoor die wêreld moes vertel van die vrou en kind van een van die manne. Hulle het gedurende die aand gegaan om hom te arresteer, maar hy het ontsnap. Toe arresteer hulle sy vrou en haar drie maande-oud baba en neem hulle na die selle van Marshallplein. Toe hy dit verneem, het hy hom dadelik kom oorgee — dieselfde nag nog — en versoek dat sy vrou losgelaat word. Dit is egter nie gedoen nie; hulle moes die nag in die selle deurbring. Die volgende oggend is die vrou en haar baba saam met hom na Pretoria geneem en daar apart van die man opgesluit. In daardie selle het hulle gebly totdat hy gebreek en sy verklaring begin aflê het. Toe, terwyl hy alreeds besig was om sy verklaring te maak, is hulle losgelaat.

Sulke metodes is toegepas om verklarings af te dwing — en baie het geswig.

Jy is egter sterk, uitdagend, uittartend. Hulle besef die kanse is skraal om jou te laat praat, maar hulle probeer weer en weer en weer. Tussenin is daar lang pouses wanneer jy maar alleen in jou sel moet sit — afgesonderd van die wêreld. Dan weer ondervragings — terug na die selle — weer ondervragings — weer terug. Naderhand dring dit selfs tot hulle deur dat jy nie gaan praat nie, en vroeër of later word jy weggeneem na die gevangenis.

Nou is dit 'n ander storie; nou is jy ver weg van die twintigste eeu.

Vir enige normale, ordentlike persoon wat gewoon is aan die moderne beskawing, is die eerste indrukke van die gevangenis 'n geweldige skok. Jy vra jouself af: Is hierdie dan nog

beskawing? En tog, dit moet wees! Daardie ystertralies is in 'n moderne staalfabriek gerol, daardie hekke is met 'n moderne sweisapparaat gesweis, daardie beton kom van 'n moderne sementfabriek. Maar dit is ook al. Die atmosfeer, die houding van die owerhede, die reëls en regulasies sou meer van pas wees in die donker eeue. Hier is jy nie 'n mens nie maar 'n dier met 'n nommer.

Eers word jy nakend uitgetrek . . . en alles word sorgvuldig deursoek. Horlosies, geld, ringe, alles wat die minste waarde het, word van jou weggeneem: jy kan miskien 'n bewaarder daarmee omkoop. Potlode, penne, lineale, vuurhoutjies, sigarette, alles word weggeneem — waarom weet nugter. Enigiets wat kan gebruik word as wapen, of vir selfmoord, word ook verwyder — naelvyle, skeermeslemme, gordels en tot kruisbande en kousbande — ja, kousbande! Dit help nie om aan hulle te verduidelik dat jy glad nie van plan is om selfmoord te pleeg nie, dat jy nou EERS begerig is om aan die lewe te bly vir die dag van vergelding!

Alle besonderhede word sorgvuldig in 'n groot boek aangeteken, en jou vingerafdrukke word geneem. Jy kry 'n blou kaartjie; bo-aan staan „Verhoorafwagtend — Awaiting Trial." Onder die opskrif „Beskuldiging" sien jy in ink ingevul die woorde „Detention until further notice." Ja, nie eers in Afrikaans nie. Miskien is dit beter so.

Hierna word jy na jou sel geneem. Dit mag wees dat jy saam met ander kamerade in een sel beland. Dit mag wees dat jy alleen in 'n sel beland in eensame opsluiting waar jy nooit toegelaat word om 'n woord met ander kamerade te wissel nie — die tronk was toe vol politieke gevangenes.

Miskien beland jy in 'n tronk waar die selle darem beddens in het; miskien is jy nie so gelukkig nie en moet jy op vuil matte op die grond slaap.

Etenstyd kry jy jou „kos" en 'n houtlepel om dit mee te eet — so 'n vuil, vetterige houtlepel vol barste en met 'n steel kort afgebreek. Metaallepels word nie toegelaat nie: jy kan miskien 'n wapen daarvan maak. Later slaag jy daarin om 'n beter houtlepel te kry deur een van die kafferbandiete wat die vloere skoonmaak om te koop met 'n paar sigarette. Hy bring vir jou 'n mooi houtlepel. Waar hy dit kry en hoe hy dit inbring, weet jy nie, en jy vra liewers nie.

Wat die „kos" betref — nou ja! Maar gelukkig vir 'n verhoorafwagtende persoon was dit nooit nodig om tronkkos te eet nie. Solank as wat jy nog verhoorafwagtend is, mag jy kos van buite ontvang. En so gebeur dit dan dat jy skaars in die tronk beland het, of jy ontvang die heerlikste borde boerekos van kamerade buite — gewoonlik aan jou onbekend. Die Afrikanervrou en -dogter het goed vir ons gesorg! Hierdie borde kos was dan ook gewoonlik die eerste teken dat jy nie alleen staan nie, dat jy kamerade en kameradinne daarbuite

het wat getrou by jou staan tot die bittere einde. Hierdie kos was soos balsem, nie net omdat dit kos — en lekker kos — was nie, maar omdat dit ingestuur is deur jou „eie" mense, mense wat dink en voel soos jy, wat by jou staan en saam met jou veg. Jy ken hulle nie; jy het nie gevra dat kos ingestuur moet word nie; aan die begin weet jy nie eers dat so iets toegelaat word nie — en tog ontvang jy 'n bord kos! Jou gemoed wil oorloop; jy dank God vir so iets soos Kameraadskap.

Hier agter tralies ontvang jy dan ook jou eerste besoek. Jy word geroep; jou sel word oopgesluit, en jy word geneem na 'n kamer met 'n dubbele ogiesdraad-afskorting in die middel. Jy staan agter die draad aan die een kant. Omtrent drie voet van jou af is daar weer ogiesdraad. Tussen die twee drade staan 'n bewaarder. Jou besoekers staan agter die draad aan die ander kant. Maar jy is ongelukkig: baie van jou kamerade het hulle besoeke ontvang met slegs een draad tussen hulle en hulle besoekers.

Jy mag briewe skryf en ontvang, en jy mag koerante en tydskrifte kry. As jy eers gevonnis is, verval al hierdie „voorregte," gevolglik maak jy maar volle gebruik van hulle solank as jy kan. Wat die briewe betref, skryf jy egter altyd met die wete dat hulle „gesensor" word deur bewaarders. Jy kan nie jou gevoelens uitstort op papier nie, want jy kan dit nie verdra dat **bewaarders** dit moet lees nie. Jy kry ook die indruk dat jou briewe gelees en bespreek word deur omtrent die helfte van die gevangenispersoneel. Van die gevangenis self en die mense daarin mag jy nie een enkele woord rep nie.

Die briewe wat jy ontvang, word ook gesensoreer, en partymaal is hulle maar taamlik verflenter as hulle by jou uitkom. As jy dan later uitvind wat dit is wat hulle doodgekrap of uitgesny het, dan verstom jy jou oor die mentaliteit van diegene wat daarvoor verantwoordelik was.

Jy mag rook, maar alleenlik wanneer jy buite die sel is in die ontspannigswerf ('n sementblad omring deur hoë mure en bo-oor toegespan met 'n doringdraadnetwerk). Jy mag nie in jou sel rook nie, maar jy doen dit tog. Sigarette en vuurhoutjies word ingesmokkel op allerhande maniere: in tandepastabuisies, in uitgeholde seep, in jou skoene — orals waar daar wegsteekplek is. Voor jy sel toe gaan, word jy versigtig deursoek. Kry hulle die sigarette of vuurhoutjies, kan dit drie dae ryswater vir jou beteken — dit hang af van die owerhede.

Hier in die gevangenis bly jy — „Detention until further notice" — totdat dit die owerhede behaag om voort te gaan. Hier en daar word miskien 'n kameraad vrygestel — daarin verheug jy jou, want dit beteken 'n ekstra man terug na die front. Hier en daar hoor jy van mense wat vrygestel is omdat

hulle verklarings afgelê het, wat verraaiers geword het, kroongetuies teen hulle mede-Afrikaners en hul kamerade. Jy kners jou tande. Jou gevoel teenoor hulle is:

„Verrader, monster, vloek der aarde,
Vernederd schepsel der natuur.
Gods wraak die u tot heden spaarde,
Verdelg u eens door 't helse vuur."

Op 'n goeie dag word jy formeel aangekla van een of 'n reeks misdade onder die Noodregulasies. Jy word geneem na 'n kamer waar twee speurders op jou wag, en daar word die lys aanklagte aan jou voorgelees.

Nou is jou eensame opsluiting beëindig en word jy behandel soos enige verhoorafwagtende persoon — politiek of krimineel. Nou mag jy saam met jou kamerade in die werf wees. Jy word uitbundig verwelkom en formeel „ontgroen" — gewoonlik onder die stortbad. Nou is die roetine min of meer as volg. Wanneer die hof sit, word jy en jou mede-aangeklaagdes in 'n „Black Maria" gelaai en magistraatskantoor toe gekarwei, met 'n wavrag polisie en speurders voor en nog 'n wavrag agter. By die magistraatskantoor vind jou voorlopige verhoor plaas, en daar sit jy dag in en dag uit en luister na die duisternis getuienis teen jou. In die middae word jy teruggekarwei tronk toe, en daar word jy dan opgesluit tot die volgende môre. Oor naweke, of as die saak vir 'n tydperk uitgestel is, of as die voorlopige verhoor afgehandel is en jy op die Hoërhof wag, is die roetine egter anders. In die môre staan jy dou-voordag op wanneer jou lig aangeskakel word. Eers moet die bed op 'n vasgestelde manier opgemaak en die vloer blink gevryf word. Dan wag jy maar geduldig totdat jou sel oopgesluit word. Nou kry jy 'n kans om te was en te skeer (laasgenoemde onder „toesig"), en daarna ontvang jy „ontbyt" — swart koffie en droë brood en pap. Jy het egter baie eie kos, en dit gaan goed met jou. Nou werf toe. Eers moet die werf gewas en skoongemaak word, en daarna kan jy jou tydjie in die buitelug deurbring soos jy wil. Waar daar 'n klomp Boere saam is, ontbreek dit nie aan vermaak nie — tronk of te nie! Hoe lank jy buite bly, hang af van omstandighede. Die wet lê neer 'n minimum van een uur per dag, en partymaal was dit ook al wat jy gekry het. Gewoonlik egter bly jy sowat vier uur in die môre en twee uur in die middag in die werf. Die res van die 24 uur word jy in jou sel toegesluit. In party gevalle word elke persoon in 'n afsonderlike sel gesit, in ander gevalle was daar drie of vier in 'n sel. As jy alleen is, bring jy maar jou tyd deur met studeer en lees. Agtuur word die lig van buite afgeskakel, en dan is jy veronderstel om te slaap. So elke nou en dan op onverwagte tye word jou sel skielik oopgesluit en deursoek; jou persoon ook. Jy bewe van woede, maar jy staan magteloos.

Met wasgoed het jy geen moeilikheid nie; daar is so veel mense buite wat aanbied om dit vir jou te doen, wat gretig is om hulp aan te bied, al is dit dan ook net om jou wasgoed te was. En as jy dan miskien 'n hemp aantrek wat pas teruggekom het van die was, kry jy 'n strokie papier sorgvuldig weggesteek, met net 'n paar woorde daarop: „Hou moed — gewas deur B.M." Jy weet nie wie B.M. is nie — miskien sal jy nooit weet nie — maar jy weet in elk geval dat dit 'n kameradin is, en dit is genoeg. Die papiertjie word sorgvuldig gebêre — en jy het dit vandag nog.

So ook hoor jy van ander weldade wanneer jy besoek kry. Jou moeder vertel dat sy dorp toe was en toe sy terugkeer, lê daar 'n sak aartappels op die stoep. Sy weet nie van wie dit kom nie. Of dit is Kersfees en sy ontvang 'n yslike groot pak vol allerhande lekkernye van „Vriende in die Kaap" of „Die Boere in Delmas" of enige ander plek waar sy nog nooit in haar lewe was nie en niemand ken nie. Of die K.G. kom by die huis aan met 'n klomp hoenders. „Ek het hierdie per ongeluk doodgeskiet — sal u twee neem?" Watter gevoel wel daar nie in jou op nie! Jy kom diep onder die besef van wat kameraadskap inderdaad beteken.

Maar met sulke besoeke hoor jy ook ander dinge. Jy hoor hoe 'n klomp speurders een nag op jou moeder en verloofde toegesak het. Dit is twee-uur in die nag. Die huis word eers omsingel, en daarna klop hulle aan die deur. Jou moeder maak oop, en sy word meegedeel dat haar huis gevisenteer gaan word: hulle soek na vlugtelinge. Die hele huis word omgekeer; die inhoud van al die laaie word uitgegooi — ja, hulle soek na vlugtelinge in die laaie — vroue-onderklere en private besittings word op die vloer rondgestrooi — dit maak geen saak nie. Geen magtiging vir so 'n deursoekery word ooit getoon nie, die woord Noodregulasies dek immers alles.

En dan, nadat die huis so omgekrap is dat dit lyk asof 'n bom daar ontplof het, vertrek ons geliefde speurders en laat alles net so lê. Die vroumense sit op die hope goed en huil bitterlik; dan begin hulle maar weer regpak. En dieselfde ding gebeur weer 'n keer en daarna weer 'n keer. En jy sit magteloos in die gevangenis! Ja, daar leer jy om te HAAT! Jy lees van Visser en Van Blerk in die dodesel van die Sentrale Gevangenis, en jy hoor dat speurders by hulle was en probeer het om 'n verklaring af te dwing, selfs daar in die skadu van die galg; dat hulle selfs by Visser se moeder was en die doodvonnis op haar seun gebruik het in 'n poging om informasie van haar te kry.

Vergewe? Vergeet?

Gelukkig was daar ook speurders wat anders opgetree het.

Die dae gaan verby. Sover moontlik vereenselwig jy jou

met wat jou kamerade daarbuite doen. Feesdae word herdenk deur 'n kort diens en 'n gebed — dit is al wat toegelaat word. O.B.-dag word herdenk deur 'n hongerstaking van een dag, sodat die geld wat julle kamerade daardie dag aan julle kos sou bestee het, gebruik kon word as julle bydrae tot die Noodhulpfonds. Die gevangenisowerhede word mooi versoek om toe te laat dat die politieke gevangenes ook 'n kransie stuur met die afsterwe van generaal Hertzog. Dit word geweier.

Een spesiale vergunning van die Departement van Justisie sal egter lank in die geheue bly van diegene wat dit bygewoon het. Drie van die gevangenes in die groot hoogverraadsaak het vaders geword nadat hulle alreeds in hegtenis was, en die Departement het toegestem dat die kinders in die magistraatshof gedoop word op 'n dag wanneer die hof nie sit nie. Daardie dag was die hofsaal nog voller as gewoonlik. Al die beskuldigdes in die saak was ook teenwoordig. Die moeders het in die hofsaal aan hulle mans se sy kom staan, voor die tafel wat gewoonlik deur die kroonvervolger gebruik was. Agter die tafel het die dominee gestaan. Die diens het maar slegs 'n kort tydjie geduur. Daarna het van die beskuldigdes die babas nadergebring en in die ouers se arms gelê. Na die doopplegtigheid het die aanwesiges saggies gesing: „Kom treên wy dan gemoedigd voort;" maar teen die einde kon slegs manstemme gehoor word, daar die vroue geleidelik deur bewoënheid oorweldig is. Selfs enkele manne kon die trane nie weerhou nie.

En dan op 'n goeie dag begin die saak in die Hoërhof. Dit duur nie lank nie — twee of drie dae gewoonlik. Jou advokaat veg dapper vir jou, maar sy taak is hopeloos. Daar is 'n duisternis getuienis teen jou, en jy gee ook nie veel om nie. Die hof voor jou lê besaai met bomme en gewere en handgranate. Jy was al op 'n paar uitkenningsparades waar verskillende mense jou uitgewys het. Jy luister na die getuienis van mense wat eens op 'n tyd jou kamerade was — nou verraaiers! **Ja, verraaiers!** Met 'n glimlag op jou gesig luister jy na die skuldigbevinding, en jy voel verbaas dat jy darem ook hier en daar op 'n aanklag onskuldig bevind word! Jy staan fier op aandag terwyl die vonnis uitgelees word — dit was selde minder as vyf jaar dwangarbeid, en die rekord was ses-en-dertig jaar in een geval!

Jy gee die Stormjaer-saluut en roep uit: „Lank lewe die K.G., en na die hoenders met die Britse Empire!"

Dan en daar draai jy om en gaan by die trappe af — 'n bandiet, vir Volk en Vaderland.

*Kokkie van Heerden.*

# TRONK TOE!

„EK plaas jou onder arres!" Met 'n tik op die skouer het die sersant my die woorde toegevoeg en daarmee sonder verhoor of aanklag die tronk en seldeure oopgesluit.

Dié klein episode, sonder baie woorde of emosies, is afgespeel in die polisie-aanklagkantoor, waar ek, ironies genoeg, as seun in die Vorm III-klaskamer gesit het. Dit het gevolg op 'n besoek wat ek vroeg die Vrydagoggend van 30 Januarie 1942 ontvang het. 'n Paar polisiesersante en speurders het hulle opwagting by die kantoor gemaak en sonder aanmelding die kantoordeur oopgedraai en gesê: „Ons wil jou sien." Ek was besig op daardie oomblik, en nadat die geval afgehandel was, het ek hulle laat inkom. Met 'n „kom saam, ons moet jou huis gaan deursoek" is ons daar weg. Orals is gesoek, binne en buite, en wat hulle weggeneem het, was heeltemal alledaags en van 'n persoonlike aard.

Na die inhegtenisname is my die geleentheid gegee om onder bewaking „'n paar goedjies" te gaan inpak en om my sake reg te maak. Op my vrae „vir hoe lank?" en „om waarheen te gaan?" het ek geen antwoord gekry nie.

By die aanklagkantoor het my ou maat, oom Daap Strauss ook al sak en pak staan en wag. Ons reis na Pretoria het onder strenge bewaking geskied. In Pretoria is ons na die aanklagkantoor geneem, waar ons nou werklik van alles gestroop is: kruisbande, gordel, das, geld, pen, potlood en enigiets wat in jou sakke mag wees. Vandaar is ons na die sel geneem, waar toe alreeds vyf ander politieke gevangenes was.

Die sel was taamlik ruim en skoon maar het ook maar net genoeg lêplek verskaf vir ons sewe. Ongeveer een voet van die vloer af was daar in twee van die mure iets wat oënskynlik 'n lugopening met skuins hortjies was maar waaragter daar diktafone was. Die diktafone het die gereg in staat gestel om die gesprekke af te luister en so miskien op die spoor van ander mense te kom. Die raampie met hortjies was waarskynlik ook maar haastig ingemessel met oorlogse sement en klei, en dit was nie lank nie of die raampies was mooi uitgeskuif en die drade afgedraai. Nadat die rame mooi netjies teruggeplaas is, kon ons ook gemakliker gesels.

Dit was omtrent middernag toe die buitehek met onnodige lawaai oopgemaak word, en nie lank daarna nie het die grendel van die seldeur geklap. Die paar polisiedienaars het ingestorm, en nog half deur die slaap het ons die bevel gehoor: „Julle . . . . , uit hier!" Ons komberse en slaapmatjies is op 'n streep uitgegooi, en ons is weer beveel om ons goedjies op te tel. Ons beland toe in pare in vuil en nat selle, wat, soos ons die volgende oggend met daglig agtergekom het, gewemel het van die luise.

Ongeveer agtuur is ons twee-twee aanmekaar geboei en moes na die aanklagkantoor marsjeer, waar ons weer ons besittinkies ontvang het. Daarna is ons onder gewapende geleide in die vangwa van buite af toegesluit. Voor by die bestuurder was 'n paar gewapende manne; op twee motorfietse sowat 'n dertig tree voor ons het gewapende polisie gery, en agter was 'n motor met gewapende speurders. Vir ons sewe weerlose gevangenes was die demonstrasie voorwaar een van vrees aan die kant van die gesag, en dit het ons 'n gevoel van mag in ons onmag gegee. So het die stoet toe ewe statig deur die strate van Pretoria gegaan na die lokale gevangenis.

Die swaar deure van die gevangenis het oopgeswaai; toe dit weer agter ons toegaan en die slot en grendel geklap het, was ons in 'n ander wêrelddeel, afgesonder van alles en almal wat ons lief en dierbaar was daarbuite.

Hier het dieselfde prosedure van beslag lê op persoonlike effekte gevolg. Ons name is in die gevangenisboek geskryf, en elkeen het 'n nommer gekry, wat voortaan op elke uitgaande en elke inkomende pakkie of brief moes verskyn. Die formaliteite was gou afgehandel, en elkeen is na sy sel geneem, waar nog vir oulaas ontklee moes word, elke kledingstuk is sorgvuldig teen die lig gehou om seker te maak dat ongeoorloofde artikels nie in die sel geneem word nie. Net so maklik as wat jou gordel van jou geneem word, net so maklik word jy ontneem van jou status, en jy word niks meer as 'n gevangene met 'n nommer nie. Een koninklike behandeling kry elke gevangene: dit is nooit vir hom nodig om self die deur oop of toe te maak nie.

Nou kan jy vir die eerste maal tot jouself inkeer. Wat nou? Nou is dit ook werklik die geval dat jy jouself onder hande moet neem. Jou geestes- en gemoedstoestand moet aangepas word by 'n totaal nuwe omgewing en omstandighede.

Die sel het nie juis baie bewegingsruimte gebied nie, want dit is maar ongeveer 12 voet lank, 6 voet breed en 12 voet hoog. Sowat 8 voet van die vloer af was daar 'n venster van 2 voet by 2 voet, en aangesien dit op die tweede verdieping was, was dit moontlik om jou, as jy lank genoeg was, aan die tralies op te hys, op die stadsaalklok te sien hoe laat dit is, en verder 'n vlugtige kyk oor Pretoria te kry, met die Unie-gebou aan die ander kant en die Magaliesberge in die agtergrond. Die sementvloer het geblink, en dit was jou plig om te sorg dat dit elke môre blink opgevryf word. In die een hoek was 'n soort boekkassie, van die beste ongepoleerde greinhout; in die ander hoek 'n emmer met 'n deksel van die beste staal! Op die vloer was jou slaapmatjie met 'n paar opgerolde komberse en 'n klipharde strooikussinkie.

Uit die 24 uur word 23 op die vloer deurgebring: òf met jou rug teen die muur, òf in een of ander liggende houding plat op die slaapmat. In een posisie kan niemand dit lank volhou nie, want onder jou is daar niks wat eers effens meegee nie; en na die eerste nag voel jou lyf meer asof dit by 'n klipperige

berg afgerol is, en jou ore, na 'n nag op die strooikussinkie, soos die eerste dag in 'n skrum teen teenstanders met baie harde stoppelbaard.

Dit alles en die feit dat daar niks was om jou mee besig te hou nie, het dit die eerste paar dae sieldodend gemaak. Die 59 boutjies waarmee die deure versterk was, was oor en oor getel, en elke vlek op die deur of muur was vir jou bekend. Maar gelukkig kon geen tralies of versterkings jou gees binne hou nie, en geen vlaktes was groot genoeg of berge te hoog om te verhoed dat jou gees en siel met lang hale daaroor stryk nie.

Die aantal politieke gevangenes het so vermeerder dat die selruimte naderhand beperk geword het, met die gevolg dat ons twee-twee in 'n sel geplaas is, met die bykomende luukse van 'n bed met 'n matras. Skryfbehoeftes, wat ons self moes aankoop, is ook toegelaat, en vir die daarop volgende dae was almal druk besig om te skryf, en ook so te skryf dat dit by die sensors verbygaan!

Elke oggend om 6-uur kon jy die voetstappe van die bewaarders met hulle lywige bos sleutels, ver in die gang af, hoor naderkom. In afwagting luister jy dan hoedat een vir een hek en dan een vir een deur oopgesluit word. Nie te lank nie of jy hoor die gestamp van drawwende voete die gang afkom op pad na die waskamer, en jy weet dat emmer en handdoek nie ontbreek nie. So wag elkeen sy beurt af. Na 'n lang nag is die stukkie ontspanning baie werd, maar ongelukkig het dit nooit lank geduur nie. Dan luister jy weer hoedat een vir een seldeur en hek toegesluit word, totdat die gange weer doodstil is. Die volgende beroering is die bediening van ontbyt, en weer luister jy na dieselfde geluide, maar die keer is daar nog een by, wanneer die kommetjie pap en koffie op die vloer geplaas word. Die deur gaan oop en jy neem jou pap, 'n beker swart koffie met 'n skaapwagtersny brood bo-op, en jou rantsoen geelsuiker.

In die begin is net 'n halfuur toegelaat vir ontspanning in die vierkant, maar dit is later verleng na 'n halfuur in die voormiddag en 'n halfuur in die namiddag. Almal kom saam in die ruim vierkant, en daar kan jy dan skeer, rook en onder 'n stortbad staan. Oefeninge is altyd deur ons gesamentlik gedoen. Skaars het ons genoeg ontspan, of ons moes weer in gelid, tussen bewaarders deur, sel toe gaan.

Vir die roker, wat geen rookgoed na die sel kon neem nie, was dit altyd 'n toets van vindingrykheid, en baie sigarette het by die bewaarders verby gegaan in uitgeholde koekies seep, of in twee bondeltjies gebind hang dit langs elke broekspyp af tussen die bene.

So het dit gegaan, dag in, dag uit; week in, week uit; maand in en maand uit. Dieselfde roetine, dieselfde geluide. As dit nie was dat genoeg leesstof toegelaat is nie, sou die dae byna onhoudbaar gewees het.

Besoek wat eenkeer per week toegestaan is, het die gewone gang van sake effens onderbreek. Hoewel jy tog verlang het om jou eie mense te sien, was so 'n besoek meestal baie ontstellend, want, geskei van mekaar deur 'n sesvoet afstand met tralies en ogiesdraad aan beide kante, moes 'n gesprek gevoer of meestal geskree word deur die vier of vyf langs mekaar oor die koppe van die speurders tussenin.

Toe die gehalte van die kos baie versleg het, het die ontevredenheid begin toeneem, met die gevolg dat 'n sopstaking uitgeroep is. 'n Versoekskrif is opgestel, waarin aangedring is op verbetering van die kos, en aangesien ons sogenaamde verhoorafwagtendes was, ons dan ten minste die geriewe van daardie mense moes geniet en toegelaat word om meer besoek te kry, koerante te ontvang, sigarette in die selle te neem, meer as een brief per week te skryf en toegelaat word om by die aandgodsdiens wat ons in die selle gehou het, te sing — iets wat ons verbied was.

Die versoeke het nie heeltemal op dowe ore geval nie, en ons is 'n ruimer oefenterrein toegestaan en toegelaat om die **Daily Mail** te kry! Die kos het heelwat verbeter, en daar was daarna ook minder klagtes by die oggendinspeksies wat deur die Superintendent gehou is.

Onder die politieke gevangenes was daar manne wie se ouderdomme gewissel het van 21 tot in die 60, manne van alle range en statusse, vol moed en lewenskrag, onverskrokke en besiel met net een ideaal: „Ons vir jou, Suid-Afrika."

Oom Jaap was seker die oudste onder ons en al in die 60. Hy en sy seun was afkomstig van die Kimberleyse distrik. Met sy groot liggaam het hy altyd meegedoen aan die oefeninge en kon soms op 'n stywe drafstap aansluit by die klomp, maar hy kon dit nooit lank volhou nie. Hy en sy seun was bekende figure in sy omgewing; by hulle het eendag die gedagte opgekom dat dit tyd word dat die vriende daarbuite geleentheid moes kry om iets aan ons te doen. Hy het verlof van die owerheid gevra om van sy vriende te versoek om aan ons 'n besending druiwe of waatlemoene te stuur. Dit is toegestaan, en op 'n goeie dag het daar 33 kissies druiwe in die oefenterrein op ons gewag. Elkeen kon genoeg eet en geniet, en vir die bewaarders was daar ook nog.

'n Week later was daar 'n vrag waatlemoene, en dit vereis nie baie verbeeldingskrag om jou voor te stel wat alles gebeur het nadat elkeen meer as genoeg gehad het nie. Die persone wat verantwoordelik was vir die besending vrugte, sal seker nooit kan besef wat dit beteken het, ook vir die geestestoestand van almal nie.

Intussen het Majubadag nadergekom, en daar is besluit dat dit op een of ander manier ook hier herdenk moes word. Vir die hou van so 'n funksie is toestemming van die owerheid gevra, en 'n program is opgestel. Almal het toe die oggend van 27 Februarie in die terrein saamgekom. Oom Jaap Versluis het

geopen met 'n hartroerende gebed. Daarna het Skriflesing gevolg, en wel uit Jos. 1 vers 1 tot 11 en verse 16 tot 18, wat baie toepaslik was op die omstandighede waaronder ons verkeer het. Die geskiedenis van Majuba is kortliks geskets deur P. P. du Plessis, wat daarop gewys het dat ons weer voor 'n Majuba te staan gekom het wat verower moes word. Baie van wat daar gesê is, was dan ook nie soseer bedoel vir die gevangenes nie, want dit was nie nodig om hulle te bekeer nie, maar wel vir die aantal bewaarders wat ook teenwoordig was. Voordragte is gelewer, asook enige toesprake wat vol nasietrots was en aangemoedig het tot die groter stryd wat voorlê. Die oggendverrigtinge is afgesluit met die voordra van 'n gedig, „Ontwaking," wat in die tronk geskryf is:

*Geruisloos en sag het die dag weer gewyk*
*vir die koms van die nag in donker gehul.*
*Soos 'n dief in die nag het die duister gesluip,*
*en eensaamheid word nou 'n eindeloosheid.*
*Die donker word drukkend, die sel o so kil,*
*die mure so dreigend, die lug heimlik stil.*
*Gedagtes in hordes deurspook nou die hart:*
*dan 'n wanhoopsgevoel, dan weer haat, nyd en smart.*
*'n Kreet van verset het die duister geskeur,*
*'n magdom van vrae het die stilte gesteur:*
*Is dit dan die prys van Afrikanerskap,*
*die beloning van liefde vir volk en jou land,*
*die vrug van jou stryd vir tradisie en taal?*
*Of is dit net die lout'ring wat Afrikaner moet staal*
*teen oormag van onreg sonder perke of paal,*
*teen verknegting, verdrukking deur vreemd' heerskappy?*
*Is dit dan die pad na ons Volksideaal*
*wat sal lei na ontwrigting van dwingelandy?*
*Is Afrikaner dan immer net 'n vreemde se kneg*
*wat geen seggenskap het oor sy geboortereg,*
*wat verarm moet word deur vir ander te veg,*
*en hoon moet verduur as hy staan vir sy reg?*
*Wat deur dwang en vervolging sy bloed moet vergiet*
*wyl uitbuiter, lafaard hom oral bespied?*
*Moet immer sy bloed dan op vreemd' bodem vloei?*

*Aanskou tog, o Heer, wat ons volk het verduur:*
*die galge van onreg op ver Slagtersnek,*
*die graf langs die wapad deur grassies bedek;*
*die grot waar Bezuidenhout tot die laaste toe nog*
*in wanhoop geveg het vir vryheid en reg!*
*Piet Retief en sy burgers wreedaardig vermoor,*
*die laer van Bloukrans net 'n helder bloedspoor!*
*Die moeders en kinders wat onskuldig moes sterf,*
*ons vaders wat ons vlaktes met bloed het geverf*
*vir behoud van ons vryheid — ons heiligste reg.*
*Maar vergewe, o Vader, menig burger se skand,*

*wat verkoop het aan vyand ons dierbaarste pand*
*deur verraad, wat die hart se gemeenheid vertolk,*
*en hom maak, 'n moordenaar, dief van ons volk!*
*Is dit dan die erf'nis van ons voorvaders, Heer?*
*Het noodloos die Trekkers hul vryheid begeer,*
*U gesmeek om verlossing en leiding, o Heer?*

*Wyl strydend gedagtes nog so het gewoed,*
*kom 'n stem uit die duister: „Wees sterk en hou moed;*
*die pad van jul Vaders is deurweek met hul bloed,*
*maar die einddoel is seker, jul Vader sal hoed."*

Om een of ander rede het die verrigtinge nie die goedkeuring van die owerheid weggedra nie. Die res van die program vir die middag is toe afgelas, aangesien geen verdere toesprake veroorloof is nie. Ons het net bymekaar gekom om af te sluit. Chris het 'n sangsolo gelewer, en na die slotgebed is „Die Stem" uit volle bors deur die sowat 150 mans gesing. Die mure het weergalm, en die bewaarders het op aandag gekom.

Hierna het die sieldodende roetine van die tronklewe weer begin. Die gees het deurgaans goed gebly maar is 'n paar keer gedemp deur die afsterwe van die vader of moeder van twee van ons kamerade. Na die grootste gesukkel is verlof aan die persone toegestaan om die begrafnisse by te woon. Soos ons met mekaar kon saamvoel, so kon ons ook saam juig wanneer die een of ander ontslaan word. Dan het almal oormekaar geval om die hand van die gelukkige persoon te druk en om miskien 'n boodskap te gee vir familie daarbuite.

Dit was moontlik om jou vryheid te verkry as jy bereid was om 'n verraderlike verklaring af te lê teen jou mede-Afrikaner. Sommige speurders was maar te bereid om sulke verklarings te kry en het party van die gevangenes selfs versoek om dit af te lê. Sover bekend was daar niemand onder ons wat homself tot so 'n gemene daad geleen het nie. Wat wel vermoed is, was die teenwoordigheid onder ons van polisie-handlangers wat hulle voorgedoen het as politieke gevangenes.

Van almal wat ontslaan is kon tereg gesê word: „Vry en tog gebonde," want al hul doen en late is dopgehou, en elke telefoongesprek is afgeluister. Die swaard van Damocles was gedurig bo hulle, en enige oomblik kon hulle in hegtenis geneem word vir internering, wat ook met baie gebeur het.

Vir elkeen van ons het elke môrestond dié vraag ingehou: „Wagter op die muur, wat van die môre?" Die môre van vryheid het vir baie eers na etlike jare in die kamp aangebreek. Dit was in elk geval offers wat ons gebring het vir nasiebou en nasie-wording, en niks kon en sal die oortuiging uit ons hart en siel uitwis dat „Voor in die wapad 'n lig brand" nie.

*O. S. A. Marais.*

# HOFSAKE

## Inleiding

OP 6 September 1939 het die Unie van Suid-Afrika oorlog teen Duitsland verklaar, en daarmee is 'n tydvak van genadelose vervolging van die Afrikaner ingelui. In die naam van Reg en Geregtigheid is Afrikaners ter dood veroordeel, vir lang en eindelose jare na die gevangenis gestuur om dwangarbeid te verrig, vir lang tye in eensame opsluiting gehou en selfs wrede lyfstraf toegedien. Nog in die verre nageslagte sal die weerklanke van die gebeurtenisse en die hofsake waartoe hulle aanleiding gegee het, gehoor word. Niemand wat dit meegemaak het, sal ooit kan vergeet hoedat die Afrikaners, nadat ontsettende vonnisse oor hulle uitgespreek is, glimlaggend en blymoedig gesalueer het ten teken van nasiediens en nasieliefde nie.

Dit is waarskynlik dat die grootste leed aan die Afrikaner deur die stelsel van internering berokken is, maar die vervolging in die howe het uit die aard van die saak groter publisiteit ontvang en in 'n groter mate die verbeelding aangegryp. Duisende Afrikaners is geïnterneer, maar na die bekendmaking van die blote feit van inhegtenisname en internering het daar 'n ondeurdringbare ystergordyn toegesak; redes vir internering van persone is nie bekend gemaak en geïnterneerdes het geen geleentheid gekry om hulle te verweer nie. Met hofsake was dit anders. Afrikaners is aangekla van besondere misdade in openbare howe en kon hulle in die openbaar verdedig; meestal was die omstandighede van dramatiese aard; die howe was vol van belangstellendes, en die pers het die sensasiekalklig steeds op die hoofpersone van die hofsake gerig gehou.

Sonder oordrywing kan gesê word dat elke Afrikaner wat in daardie tyd tereg gestaan het, ook 'n verteenwoordiger van sy volk was en dat dit eintlik die Afrikanervolk was wat daar aangekla gestaan het, wat vanuit die beskuldigdebank sy helder en suiwer verweer laat klink het en wat daar veroordeel is. Daarom word in die hofargiewe 'n belangrike weerkaatsing van die volksgeskiedenis van daardie tydvak aangetref waarin die lief en leed van die Afrikaner in die fynste besonderhede tentoongestel word.

In die geskiedenis van die Afrikanervolk speel hofsake 'n besondere rol, en daar is geen krisistydstip wat nie sy reeks hofsake opgelewer het nie. Veral vandat die Brit in Suidelike Afrika op die toneel verskyn het en die stryd tussen Boer en Brit begin het, staan daar op die weg van die volksgeskiedenis talle mylpale wat hofsake verteenwoordig. Telkens maar weer het 'n Afrikaner tereg gestaan voor 'n regter wat die verpersoonliking van die volksvyand was, en telkens maar weer kon in daardie Afrikaner die Afrikanervolk gesien word. Altyd maar weer toon die prosaïese hofrekords in koue feite die

stryd tussen Boer en Brit. Dieselfde grondmotiewe wat in die Slagtersnek-hofsaak, die saak teen Hans Dons, die „Reformers"-saak, die hofsake en krygsraadsake van die Tweede Vryheidsoorlog, die hofsake van die Rebellie, die hofsaak van Jopie Fourie en die hoogverraadsake van 1922 aangetref word, word maar weereens in die hofsake van die afgelope oorlog aangetref.

**Agtergrond van Verset teen Oorlogsbeleid**

Om 'n goeie begrip te vorm van die dryfveer wat Afrikaners beweeg het om met woord en daad sogenaamde „politieke" misdade te begaan, moet die verset van die Afrikaner teen die oorlogsbeleid van die Regering kortliks ontleed word. Met die uitbreek van die oorlog teen Duitsland was daar by die Afrikaner 'n simpatieke gevoel teenoor die Duitsers; die Afrikaner, wat so lank die ystergeskoeide hakskeen van die Brit pynlik op sy nek gevoel het, het met meegevoel en bewondering gadegeslaan hoe die Duitse volk na die nederlaag van die Eerste Wêreldoorlog, hom weer opgerig en die juk deur die oorwinnaars opgelê, afgeskud het. Maar die Afrikaner het nie die Duitse Nasionaal-Sosialisme aanvaar en onderskryf nie. Die Afrikaner het Duitsland nie as 'n bedreiging vir Suid-Afrika gesien nie, en in die verhouding tussen Suid-Afrika en Duitsland was daar niks wat 'n oorlog geregverdig het nie.

Maar Suid-Afrika was lid van die Britse Statebond, en die Koning van Suid-Afrika was die Koning van Groot-Brittanje. Generaal Hertzog was Eerste Minister, en die saamgesmelte party wat in 1933 uit die ou Suid-Afrikaanse Party en Nasionale Party tot stand gekom het, was aan bewind. Van die kant van generaal Hertzog was die samesmelting ten minste 'n eerlike poging om gesonde samewerking tussen Afrikaners en Engelse in die Unie te vestig.

Die vrae wat in die begin van September 1939 in 'n geskiedkundige paar dae in die Volksraad behandel is, het in wese op die volgende neergekom: Moet die Unie soos 'n blinde satelliet van Brittanje, sonder oorweging van werklike landsbelange en met die sekerheid dat rasseverhoudings daardeur onherstelbaar verskeur sou word, oorlog teen Duitsland verklaar? Of moet die Unie, as soewerein onafhanklike staat, bepaler van sy eie oorlogs- en vredesbeleid, en om die nasionale beswil, sy neutraliteit verklaar in 'n oorlog wat hom op daardie tydstip nie regstreeks aangegaan het nie?

Vir die soveelste keer het die Suid-Afrikaanse Engelsman gefaal waar dit samewerking met die Afrikaner betref; op die ou tradisionele manier het hy Afrikaners gebruik om sy on-Afrikaanse doel te bewerkstellig en die Regering te bemeester en met roekelose blindheid vir die uiteindelike gevolge op 6 September 1939 oorlog teen Duitsland verklaar. Dit is onmiddellik opgevolg deur so 'n skandalige uitbarsting van haat

teenoor die Afrikaner, aanrandings op sy persoon en vernieling van sy goedere, dat die ou stryd tussen Boer en Brit weer in sy naakte werklikheid opgevlam het. Daar was geen twyfel meer oor nie: Die Brit sou hierdie oorlog gebruik om die Afrikaner-nasionalisme vir eens en vir altyd te vernietig, en dit het weldra geblyk dat die Regering niks sou ontsien om sy doel te bereik nie.

Die Afrikaner het nie alleen gevoel dat hy hier in 'n onnatuurlike oorlog geforseer word nie maar ook dat dit 'n saak was wat regstreeks teen sy diepste oortuigings ingedruis het. Die Afrikaner het geglo dat sy volk 'n Godgegewe roeping het, 'n spesiale taak op die kontinent van Afrika moet verrig en dat 'n oorlog teen Duitsland sekerlik nie op daardie weg gelê het nie. Die Afrikaner wou hom nie laat gebruik as die handlanger van sy ou vyand nie, en sy verset het al gou harder en vasberadener geword. Die oorlog was nog nie lank aan die gang nie, toe dit reeds oorduidelik geword het dat die anti-Afrikaanse owerheid die weg van vervolging ingeslaan het en wel op 'n manier wat sy weerga nie in die geskiedenis gehad het nie en waarvan die uiteindelike reaksie vandag, in 1953, sekerlik nog nie verby is nie.

Die „Eeu van Onreg" het in 1902 ten einde geloop, maar dit was nie die einde van onreg nie; 'n tweede tydperk van onreg het toe ingetree, en een van sy toppunte is bereik toe die Unie van Suid-Afrika in hierdie oorlog ingedompel is. So het die Afrikaner die saak beskou. Buitengewone maatreëls moes getref word en abnormale dinge moes gedoen word om die regte van die Afrikaner te handhaaf; die volk het deur 'n moeilike tydperk gegaan, en baie aanslae moes weerstaan word. Hier is die verset teen die oorlogsbeleid gebore, en met die uittarting van die on-Afrikaanse elemente in ons land het die verset verhard en geleidelik oorgeslaan na aksie in verskillende vorme. Voeg nog hierby dat dit gedurende die eerste tye van die oorlog baie waarskynlik geword het dat Engeland sou ondergaan en dat daar as vanself ingrypende staatkundige veranderings in die Unie sou intree, dan is die beeld van die agtergrond van die verset voltooi.

Ter afsluiting van hierdie onderdeel moet nog 'n paar gedagtes aan die waarde van die verset gewy word. Die vorme van verset was velerlei, maar hierdie artikel beperk hom tot woorde en dade wat in die howe beregbaar was en wat gerieflikheidshalwe saamgevat word onder die woord „sabotasie." Volgens die mening van gesaghebbendes was die draadknippery en die onderbreking van verbindings as gevolg daarvan die geslaagdste daad van sabotasie wat nog ooit gepleeg is, en dit sonder die verlies van 'n enkele lewe en selfs sonder 'n enkele ongeval. Die versetveldtog in al sy vertakkinge was verder daarvoor verantwoordelik dat meer as die helfte van die stryd-bare mannekrag van die Unie se leër moes tuisbly om enige

ontwikkelinge in die Unie die hoof te kan bied. Voorwaar, die verset van die Afrikaner, ten spyte van die vele slagoffers in tronke en kampe, was 'n geweldige faktor om die volkskern te staal en te suiwer.

**Die Opset by die Politieke Misdade**

In die algemeen vorm opset („dolus") 'n essensiële onderdeel van 'n misdaad. Die misdaad van diefstal bestaan daarin dat die dader iemand anders se goed of geld vir homself toe-eien met die opset of doel om daardie goed of geld self te hou en te gebruik. As 'n dader iemand opsetlik dood, sal hy aangekla word van moord; die opset om te dood is 'n element van die misdaad van moord.

Gedurende die oorlog is talle Afrikaners veroordeel op aanklagte van hoogverraad, diefstal, aanranding, saakbeskadiging, roof, ontsnapping en nog talle ander misdade. Maar daardie veroordeeldes was nie hoogverraaiers, diewe, aanranders en rowers soos die Strafreg hulle ken nie. Al die dade is met opset, ja, met voorbedagte rade, gepleeg, maar tog was die element van opset in alle gevalle anders as die opset van die gewone misdadiger. Elke daad wat die dader voor 'n magistraat of regter laat verskyn het, is gepleeg met die opset om die volk te dien; die dade is begaan uit liefde vir die volk; soveel keer het 'n beskuldigde in die Hof verklaar dat hy die daad beskou het as plig, 'n dure plig teenoor sy volksgenote. Dikwels is aan die lig gebring dat beskuldigdes alleen opgetree het na ernstige gebed en afsmeking van die leiding van die Allerhoogste.

In geen geval is dit ooit aangetref dat 'n beskuldigde opgetree het met die oogmerk van persoonlike gewin of voordeel nie. Wat van andere afgeneem is, is aangewend om die verset-organisasies te sterk; waar liggaamlike leed aangedoen is of beskadiging van goed en eiendom plaasgevind het, was dit nie uit oorwegings van haat of ander persoonlike motiewe teenoor daardie mense en hulle besittings nie maar slegs op grond van absolute noodsaak in die diens van die volk. Dit was mos oorlog, die oorlog teen die Boer deur die Brit verklaar! Elke Afrikaner wat so in die hof tereggestaan het, was immers 'n burger op aktiewe diens, 'n stryder vir vryheid en reg, 'n beskermer van sy volk! Daarom ook was dit 'n eer en nie 'n skande om veroordeel te word nie; daarom ook kon die beskuldigdes by die aanhoor van hulle vonnisse vasberade uitroep: „Lank lewe Suid-Afrika!"

Op slegs een of twee uitsonderings na is nie een van die hofsake gekenmerk deur 'n element van pro-Duitsheid nie. In die groot Stormjaer-hoogverraadsaak, waar die hele verset-beweging as 't ware beskuldig gestaan het, was daar geen titteltjie getuienis dat die motiewe pro-Duits was nie; inteendeel, dit het altyd geblyk dat die Afrikaner sekerlik nie geneig was

om die Britse oorheersing vir Duitse oorheersing te ruil nie. Sy motiewe was altyd nog maar presies dieselfde as in die Slagtersnek-saak, die Tweede Vryheidsoorlog-sake, die Rebelliesake en die 1922-hoogverraadsake; dit was nog maar steeds vryheidsidealisme, 'n strewe na die verwerwing van 'n vrye Republiek.

**Polisiemetodes en Vervolging**

Hoewel die Staat die ondersoek van politieke misdade opgedra het aan 'n spesiale afdeling van die polisie, is die gewone misdaadsbestrydingsmasjinerie in die algemeen daarvoor gebruik. Nou is dit interessant dat die sogenaamde misdadigers meestal hoogsontwikkelde manne en vroue was. Daar was predikante, professore, advokate, prokureurs, geneeshere, staatsamptenare, boere, polisie-amptenare, speurders, onderwysers, vakmanne, klerke, wetenskaplikes, boukontrakteurs, joernaliste — vaders van gesinne, eerbare manne en vroue, skoolseuns en -dogters. Feitlik altyd was hierdie „misdadigers" manne en vroue van hoër intellektuele ontwikkeling as die speurders wat hulle „misdade" moes ondersoek. Inderdaad was dit 'n geval dat die kat wat opgelei was om die muis te vang, nou skielik leeus en tiers moes aandurf. Is dit 'n wonder dat soveel van die speurders grof en met intens-gemene metodes opgetree het? Dit is ook nie vreemd dat die speurders in soveel van die sake dikwels hulpeloos gestaan het omdat die intellek wat aan die ander kant besig was, nie deur hom gepeil kon word nie.

Ook wat die vervolgers in baie van die sake aangaan, was dit nie slegs 'n blote roetinevervolging nie maar het dit dikwels ontaard in 'n venynige persekusie. Die normale houding van vervolgers in die Unie se howe om die aangeklaagde billik en lankmoedig te behandel en om hom sportief allerhande geleenthede te bied, het dikwels in die politieke sake totaal ontbreek, en die beskuldigdes is met die uiterste hardvogtigheid en strengheid behandel. Dit het veral in die oog geloop waar die beskuldigde in elke opsig die meerdere van die kroonvervolger was, en juis daar het die minderwaardigheid van die vervolger deur hierdie optrede sterker uitgekom.

Dieselfde verskynsel het hom voorgedoen by die gevangenisowerheid en -personeel toe die bevolking van die tronke skielik met 'n groot aantal hoogbeskaafde en ontwikkelde mense toegeneem het. Ander artikels in hierdie boek sal die onderwerp van gevangenisse en tronkbewaarders vollediger dek.

**Misdade**

Onmiddellik nadat die oorlogsverklaring teen Duitsland op 6 September 1939 plaasgevind het, het die Owerheid 'n uitgebreide stel regulasies geproklameer onder nr. 201 van 14 September 1939. Hierdie sogenaamde veiligheidsregulasies of „Landsnoodtoestandregulasies" het 'n geweldig wye veld gedek

en talle nuwe oortredings en misdade geskep. Solank die oorlog geduur het, het die Owerheid van tyd tot tyd nuwe proklamasies uitgevaardig en daarmee telkens weer nuwe oortredings en misdade geskep. In een proklamasie is daar selfs 'n aantal misdade geskep wat „spesiale misdade" genoem is, en daar is selfs ook 'n Spesiale Hof ingestel om dié spesiale misdade te verhoor.

Voordat hierdie spesiale misdade en ander politieke misdade in nadere besonderhede behandel word, moet eers daarop gewys word dat die misdade beskryf in die strafkode van die Unie, en die gewone Gemeenregtelike misdade nog steeds bly bestaan het en dat baie Afrikaners van hierdie misdade aangekla is en hulle ook dikwels die reg ontneem is om die sake as politieke sake te bestempel. Al die hoogverraadsake was byvoorbeeld gebaseer op die Gemeenregtelike misdaad van hoogverraad, terwyl 'n hele aantal diefstal- en aanrandingsake eweeens gebaseer was op beskuldigings van Gemeenregtelike misdade of misdade onder ons Strafkode. Eers later in die oorlog het die Owerheid sommige van hierdie misdade „spesiale misdade" gemaak met strawwe wat veel hoër was as deur die Strafkode bepaal.

Onder die proklamasie van 14 September 1939 is in die eerste plek aan die Ministers van Verdediging en Binnelandse Sake onderskeidelik onbeperkte magte van aanhouding verleen. Later het die Minister van Justisie ook dieselfde magte onder 'n proklamasie van 10 Desember 1941 ontvang. Onder hierdie proklamasie het die interneringskampe en die interneringsbeleid van die Owerheid tot stand gekom, maar verder het dit die mag in die hande van 'n paar ministers geplaas om enige persoon wat van enige oortreding verdink word, in hegtenis te neem en vir 'n onbepaalde tyd aan te hou. Die verskynsel het hom dan ook veelvuldig in die oorlog voorgedoen dat 'n persoon eers in hegtenis geneem word en dat die misdaad waaraan hy vermoedelik skuldig is, dan eers deur die polisie ondersoek is.

Onder dieselfde proklamasie van 1939 is die sogenaamde Noodtoestandshowe ingestel. In die geval van 'n aanklag teen enige persoon van 'n oortreding van die Noodtoestandsregulasies het die magistraatshof waarin die verhoor plaasgevind het, outomaties verander tot 'n Noodtoestandshof. Verder is dit heel interessant om met die oog op die rol wat die howe in die Unie van Suid-Afrika in die afgelope twee jaar in die sogenaamde Grondwetkrisis gespeel het, te sien dat artikel 21 van die Proklamasie soos volg gelui het:

„**Artikel 21.** Geen geregshof is bevoeg om hom op welke wyse ook in te laat met 'n handeling ingevolge hierdie regulasies verrig of om van so 'n handeling kennis te neem."

Verder in die verband is dit interessant dat 'n proklamasie van 5 Desember 1939 die stemreg van sekere persone in

Suidwes-Afrika summier wegneem en verder ook sommige lede van die wetgewende vergadering in Suidwes-Afrika summier diskwalifiseer.

Onder die talle misdade wat onder die Noodregulasies geskep is, word slegs daardie een genoem wat dit verpligtend gemaak het om alle gewere aan die Owerheid op te lewer. Hierdie opkommandeer van gewere het meegebring dat talle persone in alle dele van die land vervolg is op die aanklag dat hulle hierdie regulasie oortree het. Daar is deur die Noodregulasies soveel van hierdie tipe oortredings geskep dat dit 'n onbegonne taak is om hulle te probeer opsom of selfs klassifiseer.

Afgesien van die talle oortredings en misdade vermeld in die duisende Noodregulasies gedurende die oorlog uitgevaardig, was daar die sogenaamde „spesiale misdade" waarna hierbo reeds verwys is. Volgens 'n definisie bevat in Proklamasie nr. 29 van 1942 het „spesiale misdade" die volgende betekenis:

„Moord of aanranding met die opset om ernstige liggaamlike letsel te veroorsaak, of mense roof („plagium") of opsetlike saakbeskadiging, of besit van 'n ontplofbare stof in stryd met 'n wet, of openbare geweld, of oortreding van Artikel 37 van die Spoorweë en Hawens Reglement, Bestuur en Beheer Wet, 1916 (Nr. 22/1916) soos gewysig, of diefstal of 'n poging om so 'n misdryf te begaan of uitlokking om so 'n misdryf te begaan, of deelname aan 'n sameswering om so 'n misdryf te begaan."

In die geval van 'n spesiale misdaad was daar ook geen voorlopige verhoor in die magistraatshof met later die verhoor in die hooggeregshof nie. 'n Spesiale Hof is kragtens Oorlogsmaatreël Nr. 13/1942 (Nr. 427 van 6 Maart 1942) ingestel om spesiale misdade te bereg en regter Oliver Deneys Schreiner is aangestel as regter van daardie hof. 'n Persoon aangekla van 'n spesiale misdaad, is regstreeks aangekla en verhoor in die Spesiale Hooggeregshof voor regter Schreiner.

'n Verdere belangrike kenmerk van die „spesiale misdade" was die feit dat nadat bewys gelewer is dat so 'n misdaad gepleeg is, dit gepresumeer is dat die beskuldigde die daad gepleeg het met die opset om die Regering te belemmer in sy oorlogspoging of om iemand te weerhou om die Staat te help met die voortsetting van die oorlog of om afkeuring van sodanige hulp te kenne te gee of om 'n rewolusie of 'n opstand of gewelddadige verset teen die Regering te veroorsaak of in die hand te werk. Die bewyslas is dus geheel en al op die beskuldigde gewerp, wat moes aantoon dat hy die betrokke daad nie met daardie opset gepleeg het nie. Hierdie presumpsie was van die allergrootste belang, soos blyk uit die volgende voorbeeld. Waar 'n persoon voor die Spesiale Hof aangekla is van aanranding met die opset om ernstige liggaamlike letsel te veroorsaak en die feite van die aanranding deur middel

van getuienis bewys is, het die bewyslas in verband met die opset waarmee die daad gepleeg is, op die beskuldigde gerus. As die beskuldigde hom nie kon kwyt van die bewyslas aldus op hom geplaas nie, dan moes die hof hom ter dood veroordeel.

Die spesiale misdade en die strawwe daaraan verbonde kan soos volg saamgevat word: Wanneer 'n Spesiale Hooggeregshof iemand skuldig vind aan —

(a) moord;

(b) poging tot moord;

(c) aanranding met die opset om ernstige liggaamlike letsel te veroorsaak of

(d) opsetlike saakbeskadiging,
en die hof bevind dat die misdaad deur ontplofbare stowwe gepleeg is, of

(e) uitlokking van die bogemelde dade of

(f) oortreding van artikel 37 van die Spoorweëwet,
en die hof vind 'n opset om enigeen wat met 'n spoortrein reis om die lewe te bring of ernstig te beseer, of

(g) moord op 'n ander wyse;

(h) poging tot moord op 'n ander wyse of

(i) uitlokking tot moord op 'n ander wyse of

(j) openbare geweld in die loop waarvan enigiemand beseer word deur 'n ontplofbare stof of 'n vuurwapen;

(k) menseroof (plagium), en ten opsigte van (g) tot (k) die hof 'n opset vind om die Regering te belemmer in die voortsetting van die oorlog, dan moet die hof so 'n persoon ter dood veroordeel.

In die geval waar 'n spesiale hof 'n persoon skuldig bevind van saakbeskadiging deur middel van 'n ontplofbare stof, het die hof die keuse gehad om die doodstraf of lewenslange gevangenisstraf met dwangarbeid of gevangenisstraf met dwangarbeid vir ten minste sewe jaar op te lê. Dan is daar 'n minimum van sewe jaar gevangenisstraf met dwangarbeid bepaal vir die volgende misdade:

(a) Ander saakbeskadiging,

(b) ander openbare geweld,

(c) ander aanranding met die opset om liggaamlike letsel toe te dien,

(d) poging tot een van die voormelde drie misdade,

(e) ander oortredings van artikel 37 van die Spoorweëwet en

(f) poging tot menseroof of plagium.

'n Vonnis van minstens vyf jaar en hoogstens tien jaar dwangarbeid is neergelê vir die volgende misdade:

Die besit van 'n ontplofbare stof,

huisbraak,

oortreding van die Poskantorewet,

oortreding van die Elektrisiteitswet,

oortreding van die Wapens en Ammunisiewet,

die besit van 'n bomomhulsel of bomdop of enige deel daarvan,

die rapporteer van die dood, besering of siekte van iemand in die Unie se leërmag.

'n Laaste voorbeeld van 'n spesiale misdaad is die weiering van 'n persoon om getuienis in 'n strafsaak af te lê, en vir hierdie misdaad is 'n straf van minstens ses maande en hoogstens twee jaar gevangesetting met dwangarbeid bepaal.

Uit die saamvatting van die politieke misdade en die strawwe daaraan verbonde kan 'n duidelike beeld gevorm word van die tipe misdaad en vervolging wat die oorlogsjare gekenmerk het. Daar is 'n aantal doodvonnisse uitgespreek, maar nie een is voltrek nie. Baie manne is veroordeel tot lang termyne gevangenisstraf met dwangarbeid, en in een geval is 'n beskuldigde wat van verskeie spesiale misdade aangekla was, veroordeel tot 'n totaal van 38 jaar gevangenisstraf met dwangarbeid. In baie gevalle is beskuldigdes vrygespreek, maar dit het nie beteken dat hy vry en ongehinderd huis toe kon gaan nie. By al hierdie sake was daar altyd 'n verteenwoordiger van die spesiale afdeling van die polisie, en sodra 'n beskuldigde vrygespreek word en die hofsaal verlaat, is hy by die deur van die hof in hegtenis geneem onder 'n ander noodregulasie en inderhaas na 'n interneringskamp verwyder. Geen wonder nie dat Afrikaners wat verhoorafwagtend was, alle moontlike pogings om te ontsnap in die werk gestel het en dikwels ook daarin geslaag het. 'n Mens dink terug aan die ontsnapping van 24 Stormjaers uit die Fort te Johannesburg en ook nog heelparty ander dramatiese ontsnappings uit gevangenisse en interneringskampe.

Een van die strawwe wat nie hierbo vermeld is nie, is lyfstraf; en in 'n aantal gevalle waar die beskuldigde uit die nood van die omstandighede met geweld teen ander persone moes optree, is hy veroordeel tot lyfstraf in die een of ander vorm. Dit word beweer dat 'n Johannesburgse magistraat wat Stormjaers tot lyfstraf veroordeel het, een aand deur Stormjaers beetgepak is en self ook 'n goeie pak slae toegedien is.

**Algemene Kenmerke van Hofsake**

Ten spyte van die koue, gevoellose wyse waarop 'n gewone strafsaak meestal in die hof afgehandel word, was baie van die

politieke sake dikwels dramaties en spannend. Gesien teen die agtergrond van die besondere tydsgewrig en die groot sensasieberigte in die pers daaroor, het die verloop van hierdie hofsake steeds intense belangstelling gaande gemaak. 'n Mens het soms die indruk gekry dat die Owerheid van hierdie sake wou gebruik as propagandamiddels. Die groot hoogverraadsaak teen 'n vyftigtal en meer beskuldigdes was een van daardie sake waar die Staat alle moontlike en onmoontlike getuienis gemobiliseer het om 'n saak van hoogverraad teen die beskuldigdes te kan uitmaak. So is daar byvoorbeeld getuienis gelei aangaande 'n byeenkoms van persone wat niks anders was as 'n byeenkoms van 'n Christen-Studentevereniging; 'n ander byeenkoms van persone wat bespied was en volgens allerhande vermoedens 'n hoogverraadsoogmerk gehad het, het 'n piekniek van studente geblyk te wees.

Een van die mooiste kenmerke van hierdie oorlogshofsake was die kameraadskap en getrouheid van die jong Boere teenoor mekaar, wat uiting gevind het in die weiering van sovele om getuienis teen hulle strydmakkers af te lê. Dit was voorwaar altyd 'n daad wat moed en vasberadenheid gekos het, omdat die betrokke getuies wel goed geweet het dat 'n weiering om te getuig onmiddellik gevolg is deur 'n summiere verhoor met skuldigbevinding en 'n straf van ten minste ses maande gevangenisstraf met dwangarbeid. In soveel van die hofsake was dit 'n tyd van spanning wanneer een van die kamerade in die getuiebank verskyn en wanneer verwagtings dat hy sou weier om te getuig, gekoester is. Soms het 'n weiering ook heel onverwags gekom, en menige saak van die Staat het op hierdie manier plotseling soos 'n kaartehuis inmekaar gestort. Daar was die welbekende geval van die skooldogter in Pretoria wat geweier het om getuienis af te lê en kragtens die bepalings van die Strafkode (nie kragtens die Noodregulasies nie) na die gevangenis gestuur is. 'n Hele reeks getuies in die groot hoogverraadsaak het geweier en is summier verhoor en veroordeel. Hierdie onselfsugtige optrede van manne en vroue, wat goed besef het dat hulle self tronk toe gaan en dat die beskuldigde in die betrokke saak waarskynlik vrygespreek gaan word, sal nooit vergeet word nie, en die dramatiese oomblikke in die howe waarmee dit gepaard gegaan het, sal ook altyd helder voor die gees bly.

Daar is ongelukkig ook 'n ander kant aan hierdie saak, naamlik die verraad van strydmakkers teenoor mekaar. Die sake van die Kroon is in menige gevalle gebaseer uitsluitlik op die getuienis wat hulle kon bekom van mededaders, kamerade van die beskuldigdes. Hoewel dit bekend was watter groot druk op hierdie persone deur die Owerhede uitgeoefen is, het dit nogtans verraad gebly. Daar was ongelukkig veels te veel van hierdie sake, veral as in aanmerking geneem word dat die

Owerheid in baie van die gevalle geen vervolging sou kon ingestel het sonder die verraderlike getuienis nie.

Die groot hoogverraadsaak het 'n episode in die verband opgelewer wat sekerlik onder die omstandighede van daardie tyd ongeëwenaard was en wat onder dramatiese omstandighede in die hof afgespeel is. Na 'n verhoor wat reeds maandelank geduur het en waarin die Kroon met alle mag 'n saak van hoogverraad teen 'n vyftigtal of meer Stormjaers probeer opbou het, het die kruisverhoor van een van die kamerade van die beskuldigdes ten einde geloop. Hierdie persoon, wat 'n lid van die Stormjaers was en die Stormjaer-eed afgelê het, het verkies om teen sy kamerade getuienis te lewer. Die verdedigingsadvokate het hom onderwerp aan 'n intense kruisverhoor, wat ongeveer tien dae lank geduur het. Die getuie het eindelik geestelik sowel as liggaamlik begin ineenstort onder die genadelose kruisverhoor en was amper nie meer in staat om in die getuiebank te staan nie. Sy antwoorde het vaag en ontwykend geword en op sy gesig kon gelees word dat hy die marteling nie baie langer kan verduur nie. Sy aansoeke om te mag sit is van tyd tot tyd streng deur die magistraat van die hand gewys.

Hierdie getuie was 'n medepligtige, en gevolglik moes die Kroonvervolger na die voltooiing van sy getuienis aansoek doen om vrystelling van vervolging onder die betrokke bepaling van die Strafkode. Voordat die Kroon die aansoek gedoen het, het die magistraat onder doodse stilte die getuie self onder kruisverhoor geneem. In antwoord op die vraag of hy besef wat die gevolge is as 'n medepligtige as getuie deur die Kroon geroep word, het die getuie as volg verklaar: „Ek weet nie presies wat die gevolge is as 'n medepligtige as 'n getuie deur die Kroon geroep word nie. 'n Paar dae terug het luitenant ———— vir my gesê dat die Kroonvervolger die hof sal versoek om my te ontslaan nadat ek getuienis afgelê het. Hy het gesê dat volgens 'n wetspunt die versoek gedoen sal word. Ek weet verder niks wat die gevolge is as die Kroon 'n medepligtige roep nie. Die wet is nou aan my verduidelik — as ek hierdie bepaling geweet het voordat ek my getuienis afgelê het, dan sou ek alle vrae so beantwoord het soos ek dit in werklikheid afgelê het."

Hierop het die volgende vrae en antwoorde gevolg:

Magistraat: Wat is jou opvatting van die Stormjaer-eed?

Antwoord: My opvatting van die Stormjaer-eed is dat daar met geweld 'n Staatsgreep uitgeoefen sal word.

Magistraat: Het jy die Stormjaer-eed dan nie ernstig opgevat nie?

Antwoord: Toe ons onder mekaar oor die eed gepraat het, het ons die eed ernstig opgevat. Ek het die mening gehuldig dat ek die eed moet hou. Die indruk wat die eed op my gemaak het, was dat dit 'n belangrike eed is. Dit is al. Ek het gemeen

dat ek deur die eed gebind is teenoor my mede-Stormjaers — dat ek getrou aan hulle moet bly. Dit is al.

Magistraat: Ken jy die geskiedenis van die Afrikaners in Suid-Afrika, die gebeurtenisse van Slagtersnek, die latere geskiedenis, dié van die oorlog van 1899—1902 ensovoorts, en die rol wat verraad daarin gespeel het?

Antwoord: Ja, ek ken die geskiedenis.

Magistraat: Het jy dan nie besef dat die Stormjaers-eed en die Eed van Getrouheid nodig was om jou te beskerm teen verraad — om die manskappe te bind?

Antwoord: Ja.

Magistraat: Het jy dan die eed as 'n grap beskou; 'n eed wat jy enige tyd kan breek as dit tot jou eie voordeel kan wees?

Antwoord: Ek het nie die eed as 'n grap beskou om te breek te enige tyd nie. Ek het nie gemeen dat ek die eed kon breek wanneer die breek daarvan tot my voordeel kan wees nie — ek kan dit nooit breek nie. Ek meen dat die eed werklik onder diegene wat dit afgelê het, eerbiedig moes word — dit is nie as 'n grap beskou nie.

Hierop, en nog steeds onder doodse stilte en in die grootste spanning, het die Kroon aansoek gedoen om die vrystelling van vervolging van hierdie getuie. Weereens volg die strenge woorde van die magistraat:

> „Getuie was altyd 'n medepligtige wat die steel van petrol aangaan. Dit is lank laaste dat ek 'n getuie voor my gehad het wat so ontwykend antwoorde gegee het, of wat so geskerm het om antwoorde te gee in 'n saak soos getuie nie. Getuie het nie alle wettige vrae aan hom gestel, volledig beantwoord tot bevrediging van die Hof nie. Die applikasie word nie toegestaan nie."

Hierdie insident het 'n diep indruk gemaak op almal wat dit meegemaak het. Nie alleen was dit die geval dat die betrokke magistraat met strenge regverdigheid opgetree het nie, nie alleen was dit die geval dat die kameraad wat verraad gepleeg het, regverdiglik sy loon ontvang het nie, maar ook was dit die geval dat die hele fondament van die saak van die Kroon teen die groot aantal Stormjaers daarmee feitlik vernietig is. Geen wonder dat hierdie magistraat onmiddellik hierna vervang is deur 'n ander een, wat weer daartoe gelei het dat die verdedigingsadvokate in protes die hofsaal verlaat het om nie weer terug te keer nie.

Daar was ander gevalle van dramatiese verwikkelinge in sake, waarvan veel nog voortleef in die geheue van die Afrikaner. Een geval wat egter onbekend is maar nogtans treffend van aard, was die volgende. 'n Afrikaner, die enigste seun en broodwinner van 'n weduweemoeder met nog 'n paar jonger dogters, is in hegtenis geneem op 'n aanklag dat hy in besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen was. Daar was geen verdediging teen hierdie aanklag nie, en hy kon alleen maar

vooruitsien na die oplegging van 'n minimum tronkstraf met dwangarbeid wat as gevolg sou hê dat sy moeder en jonger susters broodgebrek sou moes ly. Voor die aanvang van die saak het die weduweemoeder 'n onderhoud met die betrokke prokureur gehad en is toe meegedeel dat slegs een ding kon gebeur, naamlik 'n skuldigbevinding en die oplegging van die minimum straf indien die hof die argumente ter strafversagting sou aanvaar. Hierop het die moeder gevra of daar nie êrens 'n stil plekkie in die kantoor van die prokureur was waar sy kon bid nie; sy het lank en vuriglik gebid.

Kort hierna het die saak 'n aanvang geneem in die hof. Die rol was dié oggend taamlik vol, met die gevolg dat die magistraat die groot aantal sake inderhaas probeer afhandel het. Die gewone getuienis is gelei nadat die beskuldigde onskuldig gepleit het, en daarna het die beskuldigde in die getuiebank gegaan en 'n halfhartige verklaring aangaande die besit van die ongelisensieerde vuurwapen gemaak. Na 'n oomblikkie van oorweging kom die uitspraak van die magistraat: „Onskuldig. Jy kan maar gaan." Die publieke vervolger sowel as die prokureur vir die verdediging was stom van verbasing, omdat hierdie uitspraak beslis verkeerd was. Die beskuldigde het opgestaan en saam met sy moeder by die deur van die hof uitgestap. Almal het verwag dat die lid van die Spesiale Afdeling van die Polisie die persoon daar en dan in hegtenis sou neem vir internering, maar wonder bo wonder het moeder en seun ongemolesteer die hofgebou uitgestap en is hierdie seun ook nie later weer deur die polisie lastig geval nie.

**Slot**

In die argiewe van die howe in Suid-Afrika lê die verslae van die hofsake teen politieke gevangenes, en die nageslagte sal daardie verslae nog in die verre toekoms bestudeer om die gees van die tyd gedurende die jare 1939 tot 1945 te vertolk. Agter die droë koue relaas van die feite bevat in die formulering van die aanklag, die getuienis van Kroon en verdedigingsgetuies, die opsomming van die pleidooie en die vonnis lê 'n hele wêreld van avontuur, dappere en onverskrokke dade, spanning, tragedie, getrouheid en kameraadskap en 'n onweerstaanbare vryheidsdrang en idealisme. Die howe het manne en vroue na die tronke verban en as misdadigers bestempel, maar in die annale van die geskiedenis van Suid-Afrika sal hulle nie as misdadigers nie maar as ware vryheidstryders gedenk word.

Dit mag wees dat van hulle dade in beginsel miskien nie alle toetse sal deurstaan nie, maar die onderliggende motiewe, die geloof en idealisme wat hulle aangevuur het, was suiwer en skoon. Die selfopoffering en onselfsugtigheid was soms amper ongelooflik, en daar is vele offers op die altaar van die volk gebring.

Soos in die Slagtersnek-saak en alle ander politieke sake wat in die howe van Suid-Afrika in tye van krisis vir die

Afrikaner besleg is, kan selfs die dooie perkament van die ou hofverslae nie die onderliggende idealisme verberg nie. 'n Helder lig skyn steeds uit die versamelings van feite, en saam met die veroordeeldes kan ons salueer en die helder roep uit die selle, tronke en kampe laat weerklink: „Vir vryheid en reg vir ons vrye Suid-Afrika!"

*J.*

---

## ONS REGSGELEERDES

'N GESKIEDENIS van die wedervaringe van ons politieke gevangenes sou onvolledig wees sonder verwysing na die aandeel wat ons regsgeleerdes daarin gehad het. Hier sal ons egter moet volstaan deur feitlik net sommige van die belangrikste name te vermeld. Gegewens aangaande besondere sake, waarin ons gevangenes en geïnterneerdes betrokke was, sal ook agterweë moet bly. Heelwat daarvan is in lang sensasiekolomme uitgespin in die oorlogtydse dagblaaie; iets wat interessante studiemateriaal vir studente in die regsgeskiedenis van Suid-Afrika uitmaak om te sien hoe regspraak in 'n sogenaamde demokratiese staat nie behoort beoefen te word nie. 'n Finale oordeel oor die gehalte daarvan kan ons met gerustheid aan die toekoms oorlaat. Daar is geen roekeloser despotisme as die brute magsoptrede van 'n militêre oligargie onder die dekmantel van demokrasie nie; veral wanneer huurlinge van buite die gewapende wagte is by tronke en kampe, waarin landseuns magteloos opgesluit lê terwyl hul broers buite ontwapen en dikwels soos honde voor twyfelagtige „tuiswagte" en politieke „speurders" moet rondvlug. Dit was in hierdie soort atmosfeer dat ons regsgeleerdes moes rondploeter om nog enigsins iets van 'n verdediging van ons manne te kon opstel — 'n byna onmenslike taak.

'n Hele aantal regsgeleerdes deur ons land versprei het die betrokke gevalle van advies gedien, soms regstreeks soms onregstreekse hulp verleen en het dikwels opgetree as voorspraak by 'n plaaslike hoogwaardigheidsbekleder, gewoonlik van partypolitieke of amptelike regeringstatus en meestal van militêre vermaardheid of van geheime tuiswagtelike obskuurheid. Min of meer onparlementêr uitgedruk, was dit vir iemand wat 'n gevangene se saak in sy woonomgewing aan die gang wou kry, baie maal 'n geval van kniel of vrek wanneer dit van bogenoemde bevoorregte toutjiestrekkers afgehang het! **Dit is onmoontlik om al die persone** wat in hierdie verband ons mense in hulle vervolging gehelp of probeer help het, **te noem. Ons kan hulle hier alleen van ons aller opregte waardering vir hul dienste verseker.**

Dit is vanpas om te onthou dat die Kommandant-Generaal self 'n wetgeleerde is; en toe hy as leier van die Ossewabrandwag hom met genoemde organisasie die saak van alle politieke

gevangenes aangetrek het en die versorging van hul agterblywende gesinne onderneem het, het hy goeie geleentheid gekry om daagliks kontak te hou met alle gevalle van politieke arrestasie. Hy kon put uit sy ryke en veelsydige regservaring as eertydse Sekretaris van Justisie. Hy kon elke saak intelligent en met die nodige simpatie volg; hy het gewoonlik ook 'n wetenskaplike objektiewe kyk daarop gehad en kon van tyd tot tyd vanaf die openbare verhoog trefrake kritiek lewer aangaande die verkragting van die mees vanselfsprekende en elementêre regsbeginsels deur die destydse oorlogsregering. Deur sy nugtere oordeel en persoonlike verantwoordelikheidsbesef het hy 'n dissipline bly handhaaf onder al sy volgelinge wat op die kritiekste stadium bepaald 'n algemene nasionale bloedbad soos dié van 1914—1915 voorkom het. Die arrestasies het honderdduisende Afrikaners se bloed laat kook, en sake wat later daarop gevolg het, het hulle uitgetart tot op die uiterste grense van selfbeheersing. Sonder K.G. se hantering van uiters moeilike regsituasies sou dinge bepaald handuit geruk het.

Sy regterhand in hierdie dinge was wyle die owerste, ons onvergeetlike dr. Steve Hofmeyr, werklike hoof van die S.J.'s — die man agter die skerms. As algemeen geleerde, bekende opvoedkundige, advokaat met baie wye kontakte oor die hele land, goed opgeleide militêre offisier, koelbloedige denker en as mens met 'n groot hart was oom Steve die bestemde amptelike regskundige skakelbeampte van die hele Beweging. Sy onverwagte en skielike heengaan het op 'n tydstip gekom toe ons, menslikerwys gesproke, sy persoon eenvoudig nie kon ontbeer nie.

In die hof self is van die belangrike sake van politieke vervolgdes deur advokaat Rumpf waargeneem. Saam met ander het hy voortdurend gehamer op onreëlmatighede in die optrede van destydse geregsdienaars. Voortdurend is geprotesteer teen vertraginge en verkragtinge van die gebruiklike reg van landsburgers, wat dikwels lank en meestal tevergeefs gewag het op billike verhoor; landsburgers wat deur hul persoonlike rekords as gevangenes alle lae kritiek op hul persoonlike gedrag ontsenu het en nogtans met gewone misdadigers van die laagste gehalte saamgehok was. Daar was gevalle waar manne tol-los gepleit is deur hom net om na die uitspraak opnuut gearresteer en sonder verdere opgaaf van redes geïnterneer te word. Hy het waarlik moed aan die dag gelê om met so 'n werk te kon voortgaan in die aangesig van die ope wêreld.

Die vernaamste prokureursfirma wat hom beywer het om hulp te verskaf, was Van Wyk de Vries, Malan en Steyn. In besonder noem ons die naam van die heer Jan van Wyk de Vries, wat vroeg reeds self politieke gevangene was en daardeur later met meer insig en simpatie ten behoewe van sy kamerade kon optree, veral nadat hyself losgelaat was.

In die bekende saak van die Twee-en-vyftig het advokaat Albert Hertzog 'n belangrike rol gespeel in hul verdediging.

Hier in Pretoria was dit, sover dit hulp van prokureurs betref, veral die heer Swanevelder en die heer Dirk Hertzog wat voortdurend hulle hulp verleen het in sake waarby politieke gevangenes betrokke was.

Vir sekere gevalle het onder andere ook nog opgetree adv. J. F. Ludolf, adv. P. M. Cillie, adv. C. P. Bresler, adv. O. Pirow, adv. H. A. Fagan en D. O. K. Beyers; verder adv. Van Reenen, adv. Jerling, adv. Japie de Vos (veral in adviserende hoedanigheid) en adv. Kobie Marais — sommige meer in die openbaar en ander minder, na gelang van besondere omstandighede. In talle kleiner sake het adv. R. E. van der Pol opgetree. Daar was meer wat wetsadvies gegee het, en ons noem hier onder andere nog die volgende here: J. Lötz, J. L. Pretorius, Gordon Fraser, De Villiers, G. Tomlinson, J. L. Uys en John Vorster.

Al die bogenoemde persone en nog baie ander het hulle ingespan om politieke gevangenes uit hul verleentheid te help, en meer as een van hulle **sonder** inagneming van hoe dit hul eie private praktyk mag raak of hoe hulle vir hul werk vergoed sou word; baie wou geen vergoeding vir dergelike sake hê nie.

Gelukkig was daar baie Afrikaners buite die tronke en interneringskampe wat die hand gereeld in die sak gesteek het — sommige het verpligtings tot duisende ponde aangegaan — om die wiel van die groot Volksbeweging so lank moontlik aan die rol te hou. Juis dit het nasionale betekenis gegee aan die meer lokale aktiewe proteste van die honderde **ongelukkiges** wat gevang is, asook van die **gelukkiges** wat nooit gearresteer is nie, hoewel hulle plaaslike dade van presies dieselfde aard as hul gevange kamerade gepleeg het. Die groep wat gearresteer is, was egter voortbestem om te ly vir almal — eintlik vir die hele volk, soos later nog algemeen erken sal word. Daarom was hulle hofsake ons almal s'n in die Beweging — en die waarderingsbetuiging aan ons regsgeleerdes vir hulle aandeel is van die hele Beweging; ja, ook van die Volk van Jong Suid-Afrika!

'n Eertydse Franse Minister van Buitelandse Sake, Delcassé, het eenmaal gesê: „'n Oorwonne nasie of een wat met die mes op sy keel 'n noodlottige ooreenkoms aangaan, is nie onteer nie; maar so 'n nasie is onteer wanneer hy ophou om te protesteer, wanneer hy in sy ondergang toestem en daarin berus. Nie teenspoed nie maar ontaarding, onteiening noem ek neerlaag."

Laat ons dit dan as 'n voorreg beskou dat vir ons geslagte en in hierdie veelbewoë tydsgewrig dit ons was wat vir die republikeinse Afrikanerdom die protesterende aktiviste was. Mag ons die betekenis van hierdie optrede nooit verloën nie en die morele krag behou om nooit te verflou in die stryd vir volkome vryheid van ons land en volk nie.

*H. M. van der Westhuysen.*

# DIE GEVANGENIS SOOS ONS HOM LEER KEN HET

AS mens oor die tronk wil praat, moet jy begin net nadat die magistraat of regter met jou klaar het; want dan gee die polisie jou finaal aan die bewaarders af en is jou laaste reg daarmee heen. Van nou af bestaan daar net voorregte vir jou. Die eerste stap nadat jy veroordeel is, is om jou eie klere met tronkklere te verwissel. Nou word jy in Johannesburg se Fort opgesluit tot die eersvolgende Vrydag. Dan word almal wat gedurende die week gestraf is, drie-drie aanmekaar geboei en in bandietklere na Parkstasie vervoer, om vandaar per trein en tussen ander passasiers na Pretoria te gaan. Van Pretoria-stasie af loop mens te voet en aanmekaar geboei in Potgieter-straat op tot by Sentrale Gevangenis.

Die Sentrale Gevangenis van buite gesien, is 'n somber gebou met sy hoë mure en outydse wagtorings. Van binne is dit soos 'n grafkelder, en die persoon wat uit die buitelug van son en reine lug daarin beland, voel dadelik die muwwe grafkoue hom tegemoet kom.

Dit is mens se heel eerste indruk van die gevangenis. Dadelik daarna val die baie deure, tralies en slotte jou op. Oral waar daar maar plek vir tralies is, is hulle — selfs aan die voetbreë luike van die bewaarders se latrines.

Gaan 'n mens by die voorhek in, bevind jy jou dadelik in 'n vierkantige plein, alkante omring deur hoë mure. Reg voor jou wag 'n volgende groot hek. Het 'n magistraat of regter jou hierheen gestuur, is dit jou volgende bestemming.

In die breë gang met sy baie deure weerskante waarin jy jou nou bevind, is jy al dadelik bewus van die koue en word jy neerdrukkend beïnvloed deur hoë tralies en nog tralies tot in die oneindigheid — so lyk dit — wat jou hier 'n welkom toegryns.

Die derde deur op regs is jou onmiddellike bestemming. Hier word jy van jou boeie (bengels of „jewelry," soos die ou voëls dit noem) bevry; ook van al jou klere. Want die bandietpak waarin jy hierheen gereis het, moet van die slaprand-voëlver-skrikker-hoed tot die verflenterde beeswagterskoene teruggestuur word. Hier moet jy ook al jou persoonlike besittings afgee. 'n Paar vrae word gestel. 'n Kaartjie word aan jou gegee. Daarop is 'n nommer — jou nommer van nou af. Indien jy alreeds probeer het om van jou bewakers en hul huis van bewaking te ontsnap, word twee rooi strepe deur jou kaartjie getrek. Nou weet hulle jy is 'n gevaarlike en desperate kalant.

Hier afgehandel gaan jy verder. Nou word jy nogmaals onaangenaam bewus van al die tralies, kry 'n knop in jou keel en verlang huis toe. 'n Bewaarder neem jou deur die eerste blinkgevryfde traliehek. Jy blik rond in 'n ruim saal wat naastenby veertig voet hoog is. Ver bo, seker dertig voet van die grond af, is die eerste vensters. Hulle is sonder tralies.

Jy word nou begelei na die volgende traliehek. Hierdie hek verleen ingang na die B-seksies. Regs van jou is die C-seksies,

wat alle residiviste op voorregte herberg. Links weer is die traliehek-ingang na die C-seksies, die strafafdeling vir tweede-oortreders.

Mens gaan nou weer in die breë gang voort en stuit eindelik teen nog 'n traliehek. Agter hierdie hek lê die B-seksies. Hier is ook die klerekamer, en eers hier word mens voorsien van 'n paar skoene, 'n baadjie, hoed, slaapklere, handdoek en sakdoek. Links en regs van 'n lang breë gang gaap die deure en traliehekke van omtrent vyftig selle. Daar is nog twee verdiepings selle bokant hierdie ry. Maar die wat in een span kom, word die eerste aand almal in die opnamesel saamgehok. Hulle is gewoonlik van tien tot twintig bymekaar. En van alle soorte — diewe, moordenaars, boemelaars . . . Hier deel elkeen sy verhaal mee, beklemtoon dat hy onskuldig is.

Môreoggend kom 'n mens voor die dokter. Jy word geweeg en gemeet. Mens se ouderdom, gewig en lengte word op 'n lys aangeteken, ook jou naam, nommer en gemiddelde gewig. Van nou af word jy elke maand geweeg. Sodra jy twintig pond onderkant jou opname of gemiddelde gewig val, kry jy 'n ekstra ons konfyt of vet.

Die dokter se ondersoek is oppervlakkig. Hy stel 'n paar stereotipe vrae en sê aanhoudend: „Mm." Daarna sal elke versoek of klag aan hom gerig, met 'n „mm" beantwoord word — ook die kêrel wat gaan kla het oor 'n eelt onder sy voet en toe 'n hoofpynpil gekry het om te drink.

Die hospitaal is ook verdeel in drie vleuels en kan omtrent veertig pasiënte herberg. Om daar te beland, moet 'n mens òf dodelik siek òf dikvellig wees. Want 'n mens moet so siek wees dat jy nie meer kan loop nie of elke dag gaan kla tot die geneesheer eindelik besluit dat dit met jou 'n saak van erns is voordat hy jou in die hospitaal toelaat.

Diegene wat net een of ander ongesteldheid het — verkoue, hoofpyn, ens — tree vroeg in die oggend, net na oopsluittyd, in die saal aan. Hulle word dan deur 'n bewaarder na die hospitaal gemarsjeer. Daar drink hulle — somtyds by die honderd gevangenes — uit twee erdeflessies. Die flesse word nadat elkeen dit gebruik het, in 'n emaljebak bevattende omtrent 'n pint water uitgespoel. Die water in die bak is naderhand al rooiswart maar word nie vervang nie.

Hierdie siekeparades bestaan uit alle soorte; meestal boemelaars — ou sjerriedrinkers met gesigte wat 'n mens laat gru. Maar as jy siek is, is daar geen genade nie.

Daar word ook elke aand 'n hospitaalbediende gestuur met 'n tafeltjie waarop vier groot medisynebottels pryk. Dit is vir hoofpyn, verkoue, hoes en maagpyn. Mens sê net wat jou makeer, en jy kry 'n dosis.

Vroeg in die oggend, pas nadat kos uitgedeel is, word diegene wat siektes gerapporteer het, beveel om in die saal aan te tree. Mens moet jou kos waaraan jy nog skaars geëet het, net so laat en gaan aantree. Wanneer die dokter met jou klaar het,

is dit reeds tyd om vir werkparade aan te tree. Die skoonmakers het jou voedsel dan verwyder, en jy bly daarsonder.

Die eerste oggend nadat die opnames gearriveer het, moet hulle voor die bestuurder paradeer en moet hulle op aandag staan terwyl hy een na die ander se lêer nagaan en vrae stel. Jy word betig omdat jy 'n misdaad gepleeg het en verseker dat goeie gedrag remissie kan verdien en dat hy vir ernstige klagtes en versoeke altyd te spreek is.

Na hom kom jy voor die opperbewaarder. Hy is die spil waarom die hele gevangenismasjinerie draai. Is hy 'n gematigde man, is alle bewaarders gematig in hulle optrede. Is hy 'n bullebak, sal min bewaarders menslikheid aan die dag lê.

Hy bring jou op hoogte van sake met kleinere voorregte en tronkmisdade. Hy lig jou in oor die tyd wat jy in die strafklas moet deurbring; hoe die strawwe op tronkmisdade toegepas word; oor briewe en besoeke aan jou toegestaan, en verduidelik aan jou die elementêre regulasies. Dit is: „Jy mag nie praat nie. Jy mag nie rook nie. Jy mag nie sonder toestemming uit jou sel of seksie gaan nie." Vir die geringste versoek moet 'n mens hom spreek. As mens 'n aansoek tot die bestuurder wil rig insake studievoorregte, laat ligte of 'n spesiale brief, moet hy eers gespreek word. Om hom nie in aanmerking te neem nie, is 'n flater wat jou nooit vergewe word nie.

Alle klagte word eers voor hom gelê en alle aangeklaagdes word eers voor hom gebring. Hy oorweeg of 'n oortreder slegs met die verbeuring van 'n maaltyd gestraf moet word en of sy oortreding so ernstig is dat die bestuurder moet besluit. Hy mag nie met ryswater straf nie.

Hy regeer ook oor die bewaarders, en vir hom koester hulle gewoonlik 'n doodse vrees. Die bewaarders het nie veel meer voorregte as die gevangenes nie en is onderworpe aan dieselfde wette dog nie dieselfde straf nie. Veral die ongetroude bewaarders. Hulle moet ook sekere ure in die aand by hulle kasernes wees, mag ook slegs die terrein met verlof verlaat, en hulle mag ook nie tydens werksure rook nie. Sy oortredings word gewoonlik uit sy karige loon geboet.

Die bewaarder se taak is dan ook baie eng begrens. Hy moet die gevangenes oppas. In hierdie taak is daar vir hom weinig speelruimte en geen eie diskresie nie. In die werkswinkels moet hy toesien dat die gevangenes besig bly, nie praat nie en nie rook nie. Self mag hy nie met die gevangenes praat nie, behalwe waar hy teregwys of aankla. 'n Dissiplinebewaarder mag aan geen gereedskap raak nie. Hy moet altyd staan en die agt uur van sy diensperiode onafgebroke op die loer wees om gevangenes wat rook of praat, te betrap.

Die ambagsbewaarder, daarenteen, het afwisseling. As hy so voel, werk hy self of leer hy die gevangenes. Hy het speelruimte. Met enkele uitsonderings is die ambagsbewaarders nie gekwalifiseerde vakmanne nie; is die ambagte, metodes en gereedskap outyds en onprakties; is wat 'n mens daar leer, vir

jou later van bykans geen waarde nie. En hier moes mens leer besef dat bekwaamheid, ywer en geskooldheid onder die bewaarders glad nie maatstawwe vir promosie is nie.

Wat die dissiplinêre bewaarders betref, geld dit ook. Bekwaamheid dien nie as spoorslag tot promosie nie. Ook nie pligsgetrouheid nie. Mens kry byvoorbeeld ambagsbewaarders (instrukteurs) wat nie die elementêre kennis van hul vak het en nie die intelligensie besit om dit aan ander te leer nie. Mens kry meesterambagsmanne wat nie 'n eenvoudige plan. bv. vir 'n varkhok, kan lees nie. Mens was dus nie verkeerdelik die oortuiging toegedaan dat in die gevangenisdepartement net baantjies vir boeties bestaan nie. Baie bewaarders het ons sienswyse gedeel en dit met ons bespreek.

Nege-uur in die oggend neem die tronkhof 'n aanvang en word gevangenes vir tronkoortredings verhoor en gestraf. Omstreeks tien- tot elfuur gaan die bestuurder op inspeksie deur die hele tronk en al die werkswinkels. Dit is bloot formaliteit.

Na die agt arbeidsure word die gevangenes dadelik in hulle selle opgesluit, waar 'n maaltyd van sop en brood wag. Dan kan hulle hul tot agtuur onledig hou, òf met lees òf met studeer. Die gevangenes kon nogal spog met 'n ruim biblioteek waarin iets van alles gepryk het.

Oor die meeste vakke en rigtings was daar iets, oor die algemeen oud en verniel, maar darem leesbaar. Studente kon ook benodigde boeke van die staatsbiblioteek bestel. Die boeke in die biblioteek was almal gekatalogiseer. Numeriek, volgens die skrywers en in soort ingedeel, soos Landbou, Godsdiens, Filosofie, Fisika, Fiksie, Engels en Afrikaans, Letterkunde, Geskiedenis, ens.

Mens kon fiksieboeke tweekeer per week kom omruil. Een afdeling kon Maandae en Donderdae boeke omruil; die ander afdeling Dinsdae en Vrydae. Die boeke is uitgereik volgens 'n kaartestelsel, die versorging waarvan die verantwoordelikheid van 'n paar gevangenes en een bewaarder was. Studie- en wetenskaplike boeke kon tweekeer per maand omgeruil word.

Wat studie betref, het dit eers baie moeilik gegaan. Volgens regulasie moes 'n gevangene ses maande in die gevangenis wees voordat aan hom saam met ander voorregte ook studievoorregte toegelaat is. Die gevangene doen dan skriftelik aansoek by die bestuurder en noem die vakke waarin hy wil studeer, asook die lesings wat hy reeds het, of voorbereidings wat hy getref het.

Die bestuurder keur die aansoek gewoonlik goed. Nou mag die gevangene studeer, mag hy pen en ink, potlode, skryfgereedskap, ens. in sy sel hê. Voor hy op voorregte gekom het, is sulke goed ten strengste belet en kon dit 'n aanklag ten gevolg hê.

Die gevangene kan ook nou aansoek doen om een of twee uur ekstra lig. Indien hy 'n graadstudent is, tot tienuur; andersins tot nege-uur. Daar word nadruk op gelê dat studie 'n baie groot guns is, spesiaal verleen. Die gevangene kry weinig

ondersteuning, wat ook wel te verstaan is, omdat so weinig dit eerlik en ernstig bedoel en so baie misbruik daarvan gemaak word. Later het die owerheid egter na die ander uiterste oorgehel en probeer om almal voor die voet tot studie te dwing.

*H. S. van Blerk.*

---

## DIE DAAGLIKSE ROETINE IN DIE TRONK

DIT is winter, en dit is koud! Ek lê al lankal wakker, want hierdie tyd van die môre voel dit asof die koue al deurgedring het tot murg en been. Dan kan 'n mens nie meer slaap nie. Buite is dit stikdonker. Ek wens die nag wil verbygaan, en tog — wat help dit as hy verbygaan. Die dag wat voorlê, sal maar dieselfde wees as die dae wat verby is —ook donker nag!

In die verte hoor ek die klank wat aandui dat 'n nuwe dag begin — die „geklik" van ligte wat aangeslaan word. Uiteindelik brand my lig ook. Ek lê so 'n rukkie na die lig en kyk, en dan staan ek vinnig op. Eers word die drie perdehaarmatte waarop ek slaap, styf vasgerol en met 'n toutjie vasgebind. Daarna word die komberse opgevou. Die een moet twee voue kry in die een rigting en dan drie in die ander. Die ander twee komberse word weer anders gevou — een kry net 'n aantal voue in die een rigting want hy moet buite om die ander twee kom. Die hele klomp word nou versigtig inmekaar gevou sodat dit amper soos 'n radio lyk.

Nou gou aantrek. Dit is nie nodig om kouse aan te trek nie: ek het hulle aangehou toe ek gaan slaap het — so 'n growwe grys gedoente wat al so gekrimp het dat hulle skaars by die skoene uitsteek. Die „slaapklere" word uitgetrek — 'n kort broekie wat net onderkant die knie sit, en 'n verflenterde kortmou-baadjie gemaak uit 'n growwe soort linne. Die klere wat ek aantrek, bestaan uit 'n krapperige kortmou-hemp sonder boordjie, 'n molvelbroek wat bokant die enkels sit, en 'n bruin trui wat gemaak is uit dieselfde soort materiaal as lemoensakke en ook baie na 'n lemoensak lyk. My skoene staan buite voor die seldeur. Ek sit nou al vier jaar in die gevangenis, en ek weet nou nog nie hoekom 'n mens jou skoene voor die seldeur moet sit nie.

Hulle begin oopsluit. Die een bewaarder sluit die buitedeure van die sel oop, 'n tweede een maak die deur oop, en die derde sluit die traliehek oop. As jou deur oopgesluit word, moet jy sorg dat jy op aandag voor die traliehek staan, sodat jy getel kan word.

Ek gryp my skoene, trek hulle vinnig aan en hardloop met my pot na die latrine. Daar is alreeds 'n lang tou daar. Dit ruik sleg. Intussen kom twee bandiete aan met die emmer pap. Elkeen se kommetjie en beker staan alreeds op die vloer by sy seldeur. Daarin word 'n halfpint mieliepap gegooi. 'n Ander

bandiet kom met 'n emmer swart, bitter koffie, en almal wat daarop geregtig is, kry 'n beker vol. Ek het al meer as 'n sesde van my vonnis uitgedien, dus kry ek darem ook koffie. Ons kry ook drie onse soetigheid per dag. Ek het een ons konfyt (effens meer as 'n teelepel vol) en twee onse suiker gekies. Die suiker is nie genoeg om beide pap en koffie soet te maak nie, en dus sit 'n mens elke môre met die probleem — hoe moet die suiker tussen koffie en pap verdeel word? Verder kry ons 'n homp growwe brood, wat met die naam „katkop" vereer is.

Die selle word weer gesluit, en „ontbyt word genuttig." Daarna word die vloer gou blink gevryf en die sel mooi netjies afgestof en alles op sy plek gesit. Anders kry jy miskien geen kos vir middagete nie.

Die selle word weer oopgesluit en elkeen, met ferweelbaadjie aan, staan in sy seldeur gereed om uit te stap. Gou kom die bevel: „B-seksie, val in." Bewaardertaal is nie van die suiwerste nie, daarom dat ons gedurig maar „inval."

Elkeen stap na die werf en sluit aan by sy span. Al wat bewaarder is, skree: „Stap uit," „kyk voor jou," „maak vas jou baadjie," „bly in lyn," ens. ens. Jy is al daaraan gewoond en steur jou nie meer daaraan nie.

Sorgvuldig word elke span getel, en daarna marsjeer ons in gelid deur 'n nou hekkie agter die galg. Elkeen word sorgvuldig deurgesoek vir „kontrabande." As ons by die werksplek aankom, is daar 'n kort pouse van tien minute. Diegene wat daarop geregtig is, kry nou hulle eerste offisiële kans om te rook. 'n Mens mag nie sit en rook nie, en jy mag ook nie praat nie. Soos 'n groep verdoemdes loop ons agtermekaar in 'n kring — elkeen besig met sy eie gedagtes.

Nou aan die werk. Vir elke bedryf is daar 'n aparte werkswinkel. Een span moet skoene maak, ander weer possakke. Party werk in die passerswinkel, waar alle metaalwerk gedoen word. Daar is 'n kleremakerswinkel, 'n skrynwerkersafdeling, 'n loodgietersafdeling en 'n klipkapseksie. Elke persoon moet ses maande in die „klipjaart" deurbring. Daar sit jy op 'n plat klip met 'n tweede plat klip voor jou. Aan die een kant van jou word 'n hoop groot klippe neergegooi. Met 'n vierpond-hamer moet jy hulle stukkend slaan. Die fyn klippe moet van 'n bepaalde grootte wees, en aan die einde van die dag word die hoeveelheid gemeet. As daar nie genoeg is nie, gaan jy sonder kos slaap. Voor jou, agter jou, orals loop bewaarders rond en soek fout. Hulle geitjie-oë is orals. Kap, kap, kap — uur in en uur uit. Jy mag nie praat, rook of rondkyk nie. Net kap.

Ek het dit deurgemaak sonder om mal te word en toe in die drukkerswinkel beland. Hier word al die drukwerk vir die hele gevangeniswese uitgevoer.

Ek stap na my masjien toe en begin werk. Daar is ongeveer twintig van ons hier, met drie of vier bewaarders om ons op te pas. Twee is „ambagsbewaarders." Met hulle kom ons goed klaar. Die ander is „dissiplinêre bewaarders." Hulle plig is

om heen en weer te sluip, om toe te sien dat ons nie die geringste van die talryke reëls en regulasies oortree nie. Jy mag geen woord of gebaar met 'n ander wissel nie, nie 'n oomblik ophou werk nie, en jy mag nie eers rondkyk nie. En al vier bewaarders moet natuurlik sorg dat jy nie daardie ergste van alle misdade pleeg nie — dat jy nie miskien iewers tussen twee masjiene 'n paar skywe aan 'n sigaretjie trek nie — daardie uiterste misdaad wat jou drie tot ses dae ryswater kan kos, wat kan veroorsaak dat jy alle „voorregte," soos briewe, besoeke, die koppie swart koffie, die derde ons soetigheid, die paar uur in die buitelug op Saterdae en Sondae, die voorreg om boeke te lees, kan verbeur en dan nog 'n ekstra tyd in die tronk deurbring as gevolg van die punte wat jy ontbeer.

Die lange oggend gaan verby, en etensuur kom. 'n Klok word gelui, en jy moet voor die winkel „inval." Weer gaan ons deur die nou hekkie, weer getel, weer deurgesoek en so sel toe. Ek kom in my sel en vind dat die sel „gestrip" was!

'n Byna onkeerbare woede wel in my op. My lesings, my boeke, komberse, alles lê oor die vloer gestrooi. „Hoe lank nog, O Heer . . . ?" Gou eet ek my bord sop en my „katkop," en dan begin ek regmaak. Die komberse moet weer net so sorgvuldig opgevou word as vanoggend, die matte moet weer opgerol en vasgebind word, alles moet weer netjies aan die kant wees voordat etenstyd verby is, anders kry ek vanaand geen kos nie. Ek is ook net klaar as die klok lui om weer terug te gaan werk toe.

Weer word ons gevisenteer, weer getel, en dan aan die werk tot vieruur. Dieselfde ou sieldodende storie. Hier skree iemand jou toe, daar vang hulle iemand wat rook; hier word iemand ge-„charge" omdat hy gesels. My masjien dreun voort, maar my gedagtes is ver. En tog, elke minuut van elke uur bly ek bewus van my omgewing: bewaarders op die loer, klipmure en ystertralies, laaggesonke misdadigers wat nie meer mense genoem kan word nie — vernedering en haat! Sal daar ooit 'n einde aan kom?

Vieruur lui die klok, en ons tree aan. Tien minute lank loop ons weer in die rondte en rook.

Weer deur die nou hekkie, weer gevisenteer, weer getel. Gelukkig is daar nie vanaand 'n „strip-search" nie, wat inhou dat jy jou kaal moet uittrek terwyl bewaarders kyk of daar nie „kontrabande" in jou klere of aan jou liggaam versteek is nie — die ergste van alle vernederings.

In die sel staan die pint sop, die beker swart koffie en die „katkop" en wag. Ek sit my skoene voor die seldeur neer, en my sel word gesluit — eers die traliehek en dan die buitedeur. Ek eet stadig, want die kos is min, en ek is honger. Dan vat ek my paar studieboeke en begin werk. Ek het ook 'n roman wat ek van die tronkbiblioteek gekry het, maar hier voel ek min lus vir sulke leesstof. Geen roman kan jou gedagtes wegneem van hierdie naakte werklikheid nie. Partymaal kan studie dit

wel doen. As student het ek vergunning gekry dat my lig mag aanbly tot 10-uur. Die res se ligte word 8-uur afgeskakel. Daar is 'n kaartjie op my deur geplak, sodat die bewaarder nie my lig 8-uur sal afskakel nie.

Maar vanaand is dit te bitter koud. Vroeg al kruip ek onder my komberse in. Die vloer is koud en die matte en komberse is dun. Ek krul my op soos 'n kat. Dit is laat voordat ek aan die slaap raak.

*Kokkie van Heerden.*

---

## DIE HOUDING VAN DIE OWERHEID TEENOOR DIE POLITIEKE GEVANGENES EN OMGEKEERD

DIT was vroeg die oggend op 'n dag in die maand November 1942. Ons het die oggend net klaar ons ontbyt genuttig en gewag op die oomblik wanneer ons seldeure oopgegooi sou word en ons na die paradewerf en vandaar na ons verskillende werkswinkels sou marsjeer. Hierdie oggend is ons deure egter vroeër as gewoonlik en baie plotseling oopgegooi.

„Saalhoofbewaarder! Saalhoofbewaarder! Saalhoofbewaarder!" klink dit van sel tot sel. Ons het een vir een, soos jakkalse uit hulle hole, uit die donker selle gesluip en nou eers gesien dat dit slegs die stuk of nege politieke gevangenes is wat so dringend hullę opwagting by die saalhoofbewaarder moet maak.

Ons het vraend na mekaar gekyk — want praat mag ons nie — en voortgestrompel deur hoë traliehekke tot ons eindelik in die ruim saal voor die hoofbewaarder staan.

„Julle tree vanoggend almal by die klipwerfspan aan," het die hoofbewaarder gesê. „Julle gaan vir ses maande terug om klippe te kap."

„Maar wat gaan aan, meneer? Wat is die rede?" wou etlike van ons weet.

„Opdrag van die bestuurder. Alle eerste oortreders moet vir 'n tydperk van ses maande klippe kap."

„Maar almal is nie hier nie. Ons is net die paar politieke gevangenes," troef ons hom.

Die man het dadelik bot geword. „Tree by die klipwerfspan aan," het hy beveel.

Ons het daarteen eksepsie geneem, want dit was diskriminasie van die ergste graad. Ons het die opperbewaarder sowel as die bestuurder gaan spreek en moes verneem dat dit op bevel van die assistent-direkteur is en daarmee basta.

Ons moes terug klipwerf toe, daar ses maande lank klippe kap. Selfs daar is aan die klipwerfhoofbewaarder opdrag gegee dat politieke gevangenes geen ander werk mag doen nie.

Ons het vertoë gerig. Later gedreig om hierdie onreg in simpatieke koerante rugbaar te maak. Eers na vyf maande is drie van ons na werkswinkels verplaas.

Hierdie verskil — diskriminasie ten koste van ons — in behandeling vergeleke met ander gevangenes moes ons mettertyd aanvaar as 'n beleid wat van bo-af op gevangenisbeamptes afgedwing is. Meer sou volg.

In Mei 1943 arriveer ons op 'n middag in ons afdeling en vind ons beddegoed en studieboeke in hopies in die gang met die opdrag: „Trek oor na C3." Seksie C3 het bestaan uit klein, koue sementselle en was die tuiste van die boemelaars wat strawwe minder as drie maande moes uitdien. In B1, waar ons oorspronklik was, was in elke sel 'n raktafeltjie sowel as 'n houtbankie. Hierdie primitiewe geriefies was vir ons, die enigste ernstige studente in Sentrale Gevangenis, van onskatbare waarde.

In C3 was ons enigste meubels twee perdehaarmatte, drie komberse, 'n wasskottel, drinkwaterbak en toiletemmer. Ons studente — en daar was B.A.-, B.Sc.- en M.A.-studente en etlike matrikulante — moes plat op die sementvloer sit en studeer. Klagte het net nuwe beperkings ten gevolg gehad. Drie maande later, toe die winter haas verby is, is ons net so onverwags en byna sonder motief, teruggeplaas na ons ou seksie.

Later in die jaar is 'n berugte misdadiger as luistervink tussen ons geplaas. Toe hierdie poging geen vrugte afwerp nie, is selfs 'n persoon van buite ingebring. Hy het voorgegee dat hy 'n politieke misdaad gepleeg het en hom by ons probeer inburger. Ook sonder resultate — tog tot ons nadeel.

Vroeg in 1944 wag dieselfde verrassing wat hom in 1943 voorgedoen het, sommige van ons. Twaalf politieke gevangenes word willekeurig uit die B-seksie geneem en in A- en C-seksies tussen residiviste en gewoontemisdadigers versprei. Twee word gesegregeer en die volgende dag in beenkettings gekluister. Daar word geen rede vir die optrede verskaf nie, selfs nie toe daarom gevra is nie. Selfs verklarings aan die besoekende magistraat word die slagoffers geweier.

Later moes ons verneem dat die pseudo-politieke gevangene, wat 'n tyd lank vrugteloos in ons midde verkeer het, wel 'n verklaring gemaak het en dat hierdie onverwagse optrede 'n gevolg van daardie leuenagtige verklaring is.

Sommige van hierdie twaalfstuks moes 'n volle jaar in die tweede-veroordelingseksies bly. Van hulle het indrukke opgedoen en komplekse ontwikkel wat maande na hulle ontslag steeds 'n struikelblok geblyk het in hulle heraanpassing by die buitelewe.

Die diskriminasie wat deur die hoofde voorgestaan en toegepas is, het by etlike mindere beamptes die idee laat posvat dat hulle op die rugge van politieke gevangenes na promosie kan ry. Hulle het 'n uittartingsbeleid gevolg deur met kleinsielige gevit, die toepassing van elke onbenullige regulasie, deur argumente waardeur hulle die politieke gevangene se penarie en oortuigings aan hom wou opdring en bespotlik maak, deur tydige

en ontydige geskreeu, wat op die duur mense wat in omstandighede prikkelbaar moes word, byna rasend gemaak het — om dan die kroon te span en 'n aanklag in te dien.

'n Opperbewaarder van die Sentrale Gevangenis destyds het dikwels politieke gevangenes laat uitskud. Byna elke middag en aand was sy vir ons onbeminde figuur in die deur van die groot saal aanwesig. Daar het hy een opperste ou skelm en daggaroker na die ander beduie om eenkant te gaan staan en het hy min politieke gevangenes, wat honger en moeg na 'n dag se arbeid en uittarting en verlangend na die stilte van die sel wat rus verseker, oorgeslaan.

Hierdie straf — want straf was dit — was in die politieke gevangene se geval seker die onnodigste, ongetwyfeld die vernederendste, en het nie net seergemaak nie maar ook tot haat aanleiding gegee. Hy word dan deur 'n bewaarder na sy sel geneem en daar moet hy hom ontklee, die een kledingstuk na die ander aan die bewaarder oorhandig, wat dit deurvoel vir dagga, tontel en ander ongeoorloofde artikels.

Ons politieke gevangenes het tog alles in ons vermoë gedoen om gedissiplineerd op te tree, binne die regulasies te beweeg, ons werk te doen, ons te gedra. Ons kon ons net nie tot kruipery verneder nie en het, afsydig en trots, geen bewaarder se gunsies verlang nie. Maar waar ons ordentlikheid en vriendskap aangebied is, het ons gewys dat ons dit waardeer en nie misbruik daarvan gemaak nie.

Later, reeds in 1947, het weer iets gebeur wat die traak-my-nie-agtige moedswilligheid, die venynige sadisme van die owerheid deeglik in die lig gebring het. 'n Persoon het 'n uittartende, selfs walglike houding begin aanneem teenoor die politieke gevangenes, wat nog trou aan hulle leier en organisasie was. Hierdie persoon se houding het daagliks in buitensporigheid toegeneem, wat willens en wetens tot 'n klimaks en ernstige gevolge sou voer.

Onder omstandighede sou enige optrede wat nie streng by die dissipline van die gevangenis inpas nie, vir die politieke gevangenes as 'n groep die fataalste gevolge gehad het en hulle voor die buitewêreld as ongedissiplineerde oproermakers en nie as idealiste nie aan die kaak gestel het.

Om hierdie botsing te verhoed, is twee van die besadigste politieke gevangenes na die bestuurder afgevaardig om namens almal te praat. Hulle het hul saak gestel en ernstig gevra dat daar iets gedoen moet word, by voorkeur dat die persoon verwyder word na 'n plek waar hy nie meer met hulle in aanraking kan kom nie — iets wat geen moeite en geen ongerief vir die outoriteite sou besorg nie. Aan hom is terdeë aan die verstand gebring wat aangaan en wat die gevolge kan wees. Hy was self immers net so deeglik op hoogte van sake.

Maar die bestuurder se antwoord was: „Julle is kêrels wat

lang vonnisse moet uitdien. Julle verwag almal amnestie en weet dit sal vroeër of later kom. Julle besef ook dat julle jul kanse heeltemal in die wiele kan ry deur onverantwoordelike optrede. Julle wil seker nie 'n dag langer as absoluut nodig in die gevangenis bly nie. Die onus rus op julle." Dit is die opsomming van sy antwoord. Die uittarting wat politieke gevangenes moes verduur was hemeltergend en enige normale mens was ten spyte van die heftigste wilsinspanning, amper gedwing tot onverantwoordelike optrede, maar gelukkig was die politieke gevangenes tot daardie byna bomenslike selfbeheersing in staat en bly hulle gedissiplineerde gedrag in daardie tydperk van uittarting 'n prestasie en ongetwyfeld 'n morele oorwinning.

Die Gevangenisraad was nog 'n kanaal waardeur die politieke gevangene die harde hiel van die owerheid terdeë gevoel het. Die Raad het bestaan uit vier lede. Fossiele het ons hulle genoem weens hulle hoë ouderdom en Milneragtige lewenskyk. In hulle hande het die politieke gevangene se lot berus. Hulle het elkeen wat voor hulle gekom het, gevul met wanhoop, met 'n fatalisme wat geen lig kon sien nie. Het hulle maar gehaat? Was hulle maar venynig? Maar hulle roede was 'n onverskilligheid, 'n absolute onvermoë om die situasie te snap, 'n houding asof hulle die ewigheid tot hulle beskikking het om tot besluite te kom. Hulle het veel gewig gedra by die Minister van Justisie. Hulle het aanbeveel wie ontslaan mag word en wie nie, wanneer die termyn van 'n onbepaalde vonnis bepaal mag word en hoe lank so 'n gevonnisde se vasgestelde straf sal wees.

Hulle het elke gevangene eenkeer per jaar gespreek. Na jare bly dit nog 'n nagmerrie. „Het-jy-enige-versoek-om-aan-die-Raad-te-rig?" „Ons-sien-jou-weer-oor-'n-jaar." „Hou-jou-kaartjie-skoon."

Op die verklaring van 'n „petty thief" — 'n egte streepsakdief — het die Assistent-Direkteur en latere Gevangenisraadvoorsitter 'n bevel uitgereik en moes ongeveer sestig politieke gevangenes vir ses maande lank in die klipwerf klippe kap. Gevangenes is aangemoedig om stories van smokkelary van tabak en ander nietighede wat slegs 'n oortreding is van kleinlike en pynigende regulasies, na die outoriteite aan te dra, waarvoor aan hulle punte toegeken mag word en ook remissie. Maar toe aan hulle meegedeel is dat 'n politieke gevangene gebreekte masjinerie wat reeds afgeskryf was, herstel het en die Departement duisende ponde bespaar het, het hulle nie kans gesien tot remissie, selfs 'n dag nie.

Die algemene optrede van die owerheid teenoor die politieke gevangene in Sentrale Gevangenis was een van kleinlike wraak en was 'n geestelike marteling wat ongetwyfeld nie ongunstig vergelyk het met verslae van Buchenwald nie.

*H S. van Blerk.*

# WAT HET DIE GEVANGENIS AAN ONS GEDOEN?

GEVANGENIS! Pretoria-Sentraal! Daarheen is baie van ons manne deur die „Empire builders" gestuur. Die bedoeling was nie maar om hierdie manne se vuur te blus nie of hulle 'n tyd lank onskadelik te maak sodat die bou van die Empire ongestoord kon voortgaan nie. Nee, die bedoeling was om teenstand uit te delg en die teenstander te skandmerk. Daarom is hierdie manne saam met die misdadigers opgesluit. Daarom is niks hulle gespaar nie. Die gevangenisstelsel soos dit ontwikkel het deur die ervaring van die uitvaagsels, die afval van die samelewing is onversag meedoënloos toegepas op opgevoede gevoelige en fynbesnaarde mense. Vir hulle wat met 'n skoon gewete, hoë ideale, groot liefde en fiere houding daar ingekom het, was dit, soos te begrype is, 'n geweldige skok en 'n verbysterende ondervinding. Dit het kwesplekke en littekens nagelaat wat altyd weer in bepaalde klimaatsomstandighede swel en pyn.

Vir die misdadigers, veral hulle wat al daar gewees het, is die gevangenis die kollege, welkome hoë mure waaragter hulle 'n tyd lank skuil, 'n rusoord waar die „johns" jou nie meer agterna sit nie. Hulle kom doodonverskillig met 'n glimlag of 'n houding van bravado ingeslenter. Selfs hulle wat aan die begin nog geraak word, gee gou oor en word 'n nommer. Maar vir ons manne was die gevangenis verskriklik, skokkend en 'n monster wat gedurig probeer het om al wat goed en dierbaar is uit die lewe uit te skeur. Baie was momenteel verdwaas deur die skok. Sommige het lank vertwyfeld gestry. Almal het gely. Ek het hulle sien inkom verbysterd en uitgeput maar fier, want hulle het nie onder kruisverhoor en gemene behandeling gebreek nie. Ek het hulle uit die klipwerf met bebloede hande maar met ferme stap sien kom. Ek het hulle na onderhoude na die dodesel sien teruggaan met 'n vaste wil om nie die mede-Afrikaner te verraai nie. Ek het hulle sien ly en stry en . . . oorwin. Hulle het met weinig uitsonderings daar uitgekom beter toegerus vir die lewe en het baie gou beter posisies beklee as die waarin hulle voor die tyd gestaan het. Hierdie oorwinning is alleen na die felste stryd behaal. Die gevangenis is 'n bittere strydtoneel. Almal dra diep littekens.


Die weg deur die gevangenis is 'n pad van vernedering. So is dit in die geval van die gewone misdadiger. Sy arrestasie, die behandeling wat hy kry, die aan die kaak stellende kruisverhoor, die verskriklike vervoer na Pretoria, die kleredrag en ook die ellende waarin sy familiebetrekkinge gedompel is, werk alles mee om hom tot in die grond te verneder. Vir die een wat dit die eerste keer deurgaan, is dit 'n ontsettende ondervinding. Dit slaan hom plat. Geen mens kan onder hierdie vernedering leef nie. Die lewe kan eenvoudig nie so voortgaan nie. Iets

moet daar gebeur. Die weinige verootmoedig hulle voor die Here, vind genade en staan uit die vernedering op — 'n nuwe mens. Enkeles word daardeur so geknak dat hulle dit nie te bowe kom nie. Verreweg die meerderheid, seker 99 persent, vind beskerming in 'n soort oorkompensasie. Die een ontworstel hom aan die vernedering deur te roem op sy vooraanstaande familie. Die ander speel martelaar en loop homself gedurig en bejammer oor sy lye in onskuld. 'n Derde roem in sy misdaad en soek daarin vernaamheid en bewondering van die ander. Ander, 'n interessante groep, leef hulle in 'n ander persoonlikheid in en word later oortuig daarvan dat hulle 'n heel besondere persoon is. In al hierdie gevalle lei dit tot hoogmoed. Snaaks genoeg, in die gevangenis kry 'n mens ontsettend veel verwaandheid. En hierdie soort verwaandheid vorm weer op sy beurt een van die vernaamste oorsake vir die herhaling van misdade.

Ook die politieke gevangenes het deur hierdie meul van vernedering gegaan, en dit het nie in hul koue klere gaan sit nie. Wat het sommige nie deurgestaan tydens hul strafafwagting, hulle verhoor onder die hande van 'n verlope kroonvervolger en die wyse waarop hulle na Pretoria vervoer is in bandietklere en aanmekaar geboei aangeja is oor stasieperronne nie? Bowendien was die gevangenis self 'n gedurige vernedering.

Dit alles was nie sonder uitwerking op ons manne nie. Die reaksie was egter heeltemal anders as in die geval van die gewone misdadiger. Immers hierdie manne het vir die skoonste saak en die mooiste ideale gestry en opgeoffer. Dit alles en die wete dat waardiger volksfigure voor hulle die pad geloop het terwille van die ideaal, het die skok van die vernedering gebreek. Daar was baie salf vir hierdie wond van vernedering. Wat het 'n telegram soos hierdie nie beteken nie: „As Agab op die troon is, is dit 'n eer om in sy tronk te sit." Die ingesmokkelde stukkie biltong of turksvye of druiwe het meer as net die honger gestil of net na beter dae laat verlang. Die vriendelike woorde van 'n bewaarder, Afrikaner soos jy, en veral die geselsie in die stilte van die nag het goed gedoen. Dit alles was olie in die wonde. En dan was daar die liefde en trou van die kamerade daar buite! Die gevolg was dat die vernedering net maar op die tande laat byt het. Dit het groter trou en vasberadenheid gekweek en meer veragting vir die verraaier en die papbroek. Aan die nadelige kant was die vernaamste reaksie dat dit jou in baie van jou mede-Afrikaners geskok het. Lank het ons aan hierdie skok gely. Of ly ons nie vandag nog nie?


Die gevaarlikste invloed van die gevangenis is egter die verontpersoonlikende mag van die stelsel. Dis in werklikheid 'n geweldige monster wat gedurig poog om die mens so van sy wesenlike te beroof, dat net die leë dop, 'n ontsielde mens daar bestaan, nie eens leef nie. Die stelsel met sy lewe, roetine en werk breek die wil van die mens. Daarmee begin dit. Jy moet alles op bevel doen, nooit enige inisiatief aan die dag lê of



*Beker, katkop en kosbak*




*Die „ritus" van komberse opvou*



*Eensame studie*



*In die biblioteek*



*In die werkswinkel*



*In die saal*



*Inspeksie op die binneterrein van die Sentrale Gevangenis*



*Ontvangs na loslating*

wilskrag gebruik nie. Jou lig word vir jou in die môre aangeslaan. Jy word aangesê wanneer jy moet opstaan, eet, uitstap, ens. ens. totdat jou lig weer in die aand vir jou afgeskakel word. Sonder kommando doen jy niks nie. Jou wil atrofeer. Die tipe van dissipline en die verskriklike eentonigheid van die lewe breek die wil af. Die ideale bandiet is ook die willose.

Daarby kom nog die interessante feit dat 'n mens in die gevangenis maklik 'n gefantaseerde persoonlikheid aanneem. Die vernedering waarin jy nie kan berus nie, wek allerlei ideale, en die ideaal word so getroetel dat die persoon later glo dat hy is wat hy nie is nie. So erg word dit by mense wat lank daar deurbring, dat 'n mens dikwels wonder hoe ver hulle al op pad na kranksinnigheid is. Die een is oortuig daarvan dat hy 'n bokser is, die ander is 'n sosiale hervormer en is gedurig besig om daarvoor te beplan, terwyl 'n derde 'n eersterangse psigoloog is.

Hierdie verontpersoonlikingsproses word verhaas deurdat die mens sodra hy opgesluit word, begin lugkastele bou. Jy begin dink wat jy sal doen as jy uitkom; wat jy sal eet of drink; waarna jy sal gaan kyk; hoe jy sal optree; wat jy sal doen, ens. In al hierdie lugkastele is jy die middelpunt. En in die abnormale omstandighede is jy al gou besig om 'n skynwêreld vir jouself te skep. Agter die hoë mure verloor jy meer en meer kontak met die werklikheid, en na jare is die skyn of gefantaseerde wêreld jou wêreld. Dis een van die vernaamste oorsake van die herhaling van misdaad, want as die persoon ontslaan word, breek sy wêreld en staan hy verbysterd in 'n vreemde werklike wêreld. Hy kan nie aanpas nie en verlang heel gou na daardie droomwêreld waarin hy middelpunt en nie verstoteling was nie.

Die afwesigheid van vroue verskerp die proses. Die lewe word onnatuurlik. Mense wat in die lewe buite nooit enige geneigdheid tot homoseksualiteit geopenbaar het nie, verval maklik in die gevangenis daartoe. In hierdie opsig kon 'n mens daagliks van die mees lagwekkende tot die mees liederlike dinge sien en hoor.

Ook ons manne moes teen hierdie afbrekende invloede van die gevangenis stry. Dat hulle heerlik oorwin het, word bewys deur die feit dat hulle feitlik sonder uitsondering nadat hulle ontslaan is, beter posisies beklee as voor hulle gevangeneming. Dit het egter strenge selfdissipline en harde werk gekos om te triomfeer. Dit was 'n lus om te sien hoe die manne werk. Die meeste het gestudeer of op een of ander wyse iets nuttigs gedoen. Almal saam het die bekende analise van die Bybel aangepak. Hulle het die tyd daar uitgekoop en van die nood van hul opsluiting 'n deug gemaak. Die resultate was skitterend. Hulle het daardeur hulself bewaar, met die aflê van eksamens in die tronk geskiedenis gemaak en hulle posisies verbeter. Ook is die organisasie in die tronk in stand gehou en is daar selfs offisiersvergaderinge gehou en dissipline uitgeoefen. En natuurlik het dit aan plan maak vir ontsnapping nie ontbreek nie!

Kortom, ons manne het vasgebyt en doelbewus teen die karakter- en persoonlikheid-verwoestende magte gestry. En waar hulle die fatale uitwerking van die gevangenis op die lewe van die gewone misdadigers gesien het, het dit hulle des te meer aangevuur om hulself daarvan te red.

Opsluiting aksentueer die dominante eienskappe van die karakter en trekke van die persoonlikheid en bring besonder sterk na vore waarvoor die persoon eintlik aanleg en talent het. Dit was besonder interessant om die uitwerking hiervan by al die gevangenes waar te neem. Daar agter die hoë mure, onttrek van die oog van die publiek en al die konvensies en sosiale invloede, usansies en gewoontes tree die eintlike mens te voorskyn. Dis asof die gevangenis die konvensionele, die uiterlike, die skyn en die bykomstige wegveeg en die wesenlike blootlê. In sy aanraking met ander mense is die gevangene besonder geslote, gereserveerd en vals, maar agter die hoë mure onder mekaar vertoon hulle die ware wese. Die gevangenes klassifiseer hulle dan ook self. Soort soek soort. Die wesenlik slegtes sien jy ook in hul volle liederlikheid. Wat in die persoon is, kom uit. Daarby was dit besonder interessant om met hierdie karakteropenbaring ook die talente aan die lig te sien tree. Die een dig, die ander probeer skilder, die een skryf en die ander sing, die een wil toneelspeel en die ander werk met hout, ens. ens.

Hierdie invloed van die gevangenis het ons manne ten goede gekom. Nie alleen het die gevangenis die suiwerheid van hul motiewe, die adel van hul karakter en die balans van hul lewe laat sien nie, maar dit het hulle ook gehelp om hul presies te laat sien waarvoor hul in die wieg gelê is. Die lewe van ons manne het dikwels in skrille kontras met die van die ander gestaan. Hulle het dan ook eerbied afgedwing. Vir baie het die gevangenis die funksie van die beroepsvoorligter vervul. Baie is daar aan hulself ontdek en het met die ontdekking wins gedoen. Hulle het hulle in nuwe rigtinge begin bekwaam. Sommige het daar eers geleenthede gekry wat hulle vroeër nie gehad het nie, en hulle het dit aangegryp. Die gevolg was 'n nuwe ambisie en harde werk om in die nuwe rigting diensbaar te wees. Dit het op sy beurt weer nuwe moed en krag gegee om die las te dra en die slegte invloede af te skud. Dit het hulle na die toekoms laat kyk, maar dan nie as willose dromers wat in 'n gefantaseerde wêreld leef nie. Die ontdekking van die talent het die ideaal gebaar, en die harde werk en wilsoefening het die sukses gewaarborg.

Tog was daar invloede waaraan hulle hul nie kon ontworstel nie, omdat hulle feitlik geen verweer teen die oorsake daarvan gehad het nie. Hierdie invloede het dan ook die langste nagewerk en die meeste skade berokken.

Die skokke wat die gevoelige mense opgedoen het, het gedreig om hulle sinies te maak. Die behandeling wat baie van hulle van mense ontvang het, het hulle diep geskok. Hulle was daarop uit om die vyand te benadeel en te strem en het van die

kant van die vyand enigiets verwag. Die houe wat baie egter van sommige van ons eie bloed gekry het, het diep gekwes. Onder die speurders, kroonvervolgers, regters en bewaarders was daar 'n groepie — eer aan die groot meerderheid wat nie hierdie optrede goedgekeur het nie — wat nie brutaal en gemeen genoeg kon optree nie. Dit was asof hulle, bewus van eie karakterswakheid en verraad, 'n wrede afkeer gehad het van hulle wat nie tot daardie peil gedaal het nie. Slegs een voorbeeld wil ons noem. Een van hierdie mense het twee van ons manne, wat net tyding ontvang het dat hulle appèl teen die doodvonnis van die hand gewys is, in die dodesel kom besoek en vir hulle gesê: „Ek het gekom om julle 'n laaste kans te gee; praat of so nie rek ons julle nekke."

Daar het soms verskriklike dinge gebeur. Dit het diep geskok. Daarby was die hele lewe in die tronk, die tipes waarmee hulle in aanraking moes kom en met wie hulle moes saamwerk, en die strafstelsel, 'n wrede skok vir fynbesnaarde en opgevoede mense. Wie kan ooit die eerste bak kool, die emmer sop of die bak pap vergeet? Gril 'n mens nie vandag nog as jy aan sommige van die inwoners daar dink nie? Maar dit was veral die nuus wat van buite gekom het, wat soos 'n skroeiende woestynwind oor 'n jong lap graan gegaan het. Die verraad van kamerade, die koue, afsydige bejeëning van mede-Afrikaners, die ongevoelige kritiek uit die hoogte van mense wat liefde vir volk en vaderland veins maar steeds net aan hulself dink, en die valse voorstellings wat daar gegee is, het nie sonder uitwerking gebly nie. Die vyand se optrede het hul verwag en kon hulle verdra, maar hierdie houe van broederhande het diep wonde geslaan. Dit het tot diepe neerslagtigheid gestem, wat weer gedreig het om oor te slaan in 'n koue sinisme. Dit het vrae gewek en gedagtes deur jou brein gejaag waarteen jy jou later self moes beskerm. Daar waar dit altyd aan die siel geskaaf en geskryn het, het 'n eelt gegroei.

Hierdie neiging tot sinisme is vererger deur die mate van ontnugtering wat die meeste van die manne gewag het. Almal was jong manne vir wie die stryd nie sonder sy romantiese kant was nie. In heerlike kameraderie het hulle saamgestry. Hulle het in 'n kring beweeg waar daar enkel lojaliteit en trou was en waar een vir almal bereid was om te offer. En dis nie praatjies nie. Was manne nie bereid om alle blaam te neem om 'n kameraad vir verdere diens vry te stel nie? Dit het oor en oor gebeur. En toe hierdie manne later in die tronk kom en van daaruit sien hoe andere in diepe selfsug en selfsoekery bereid is om vir eie veiligheid of posisie of uit pure lafhartigheid en daadloosheid 'n mede-Afrikaner in die steek te laat, het dit hulle geskok. Daarby was hierdie manne nog nie gestaal teen die harde werklikhede en die ontsettende teenspoede nie. Duitsland was seëvierend, en dit het geskyn asof die dag van oordeel vir die Brit aangebreek het. Dit het so seker gelyk, dat ons manne alles te maklik verwag het. Dit moes noodwendig tot

teleurstelling lei. En waar die mens nie in teleurstelling kan berus nie en nie daarin kon leef nie, het dit gedreig om hierdie idealiste tot onverskilligheid te dryf.

En toe kom die daadloosheid van die tronklewe! Buite was hulle besonder aktief. Sommige het elke dag met die dood gespeel. Die lewe was vol en interessant. Daar was aksie — romantiese stryd en vlug. En daar in die tronk leef jy nie; jy bestaan net. Dit het vir hulle gevoel of hulle daar lê en vergaan. Buite het die manne nog heerlik gewerk, en hier moes hulle as betekenlose nommers lê en krepeer. Dit het hulle byna tot opstand gedryf. Hulle kon hulle nie met die toestand versoen nie. Hulle het daagliks gedroom van ontsnapping en gedurig beplan. En daar sou baie meer ontsnappings gewees het as die beleid nie was dat ontsnapping gebêre is vir geval iemand tot die dood veroordeel is en nie begenadig sou word nie. Dit is te betwyfel of iemand in die Sentrale Gevangenis opgehang sou gewees het. Hierdie daadloosheid het verder sy nare nasleep van onrus, buierigheid en melankolie gehad. Die eentonigheid van die tronklewe was dodend. Die lewe was kleurloos en geurloos, saai en sieklik, koud en dood. Die manne kon dit nie verduur nie.

En toe kom die nekslag! Die skeuring onder die Afrikaners was die bitterste van alle ondervindings. Dit het ons manne verbyster en byna verbitter. Dit het hulle erger getref as die swaarste vonnis. Vir die Afrikanervolk het hulle geleef en probeer werk. Hulle het na die beste lig en met die beste bedoelinge hulle beste lewensjare gegee, terwyl broers buite mekaar geskel en beswadder, mekaar verraai en vertrap het. En die spot van die vyand het sout in die wonde gevryf. Dit het 'n gevoel van verydeling gewek. Was dit vir hierdie naywerige, kortsigtige, twistende mense wat hulle opgeoffer het? Dit was 'n verpletterende slag. Gelukkig was die hoop daar dat Duitsland die oorlog sou wen en dat dit die arme Afrikaner sy groot geleentheid sou gee om volkome homself te wees, tot verantwoordelikheid en besinning te kom en eenheid en lojaliteit te ontwikkel. Hulle het hulle getroos met die gedagte dat met die ondergang van Engeland die papbroek ook weer 'n man sal word en die selfsoeker na die hoek van vernedering gedryf sal word en dat daar op die goeie aarde van die volkome eie nasionale bestaan groot trou en sterk eenheid sal groei.

Dit was derhalwe vir die manne daar 'n besondere slag toe Duitsland die oorlog verloor het. Hulle het lank vooruit die onheilspellende tekens gesien maar kon dit nie glo nie. Vrees en hoop het hulle verteer. Die finale uitslag het hulle neergeslaan. Hoe hulle gevoel het, dit kan nie beskryf word nie. So het die Boer by Vereeniging gevoel, en so het generaal C. R. de Wet in die tronk gevoel. Immers nie net Duitsland het verloor nie! Dit het sommige in 'n donker geloofskrisis gedompel waar hulle in bange twyfel geworstel het. Dit het

ander nog meer sinies en onverskillig gemaak. Andere is tot die rand van wanhoop gedryf. In almal het dit geskreeu: „Tevergeefs, tevergeefs."

Daar in die klein, koue selle het die storm in en oor hulle uitgewoed. Dit was swaar, want elkeen was alleen. Die toekoms was so gitswart. Dit het hulle laat terugkyk na die verlede. Toe was hulle nie meer alleen nie. Die voetstappe van die groot De Wet is gehoor — het hy nie sy psalms in so 'n sel gesing nie? Jopie Fourie was daar — in die lokale tronk kan jy mos die merk sien waar die koeël, wat hom onsterflik gemaak het, die bakstene vergruis het. En so het hulle verbygegaan: Die lyers in die vryheidstryd, stryders van die Groot Trek en die fiere figure van die eerste weerstand teen die Empire. Was hulle nie in hul tyd vir dwase uitgeskel nie? Het hulle nie verloor nie? Het hulle nie ook hierdie foltering deurgemaak nie? Daarom kon hulle troos. En daardie manne het weer die kop opgelig, want hulle het ook weer leer verstaan dat die graankorrel moet sterf om vrug voort te bring. In die lig van die geloof het hulle weer geleef, verseker daarvan dat God regeer. Hulle het weer op die tande gebyt en na die toekoms gekyk. Die vuur het in die lewe teruggekom. Voor in die wapad het die lig weer helder gebrand. Weer het hulle vir mekaar gesê:

„Duisendmaal liewer die strop se ruk,
As die vernederende geskaaf van die slaaf se juk."

Weer het hulle aan die werk gespring en harder gewerk as voorheen. Na die krisis het hulle besef dat hulle na hul eie toekoms moet kyk. Hulle het hul voorberei vir die lewe buite. Dit was ook weer vir hulle redding. Hulle het nie langer in 'n droomwêreld geleef nie. Hulle het hul ingestel op die werklikheid, 'n harde werklikheid.

Toe die deure vir hulle oopgegaan het, het die koue wêreld hulle nie onvoorbereid gevang nie. En tog was die aanpassing nie maklik nie. Hulle is weggeruk uit die stroom van die lewe en 'n lang tyd agter hoë mure gehou waar hulle alleen die blou daarbo kon sien. Selfs koerante was verbode, hoewel daar gelukkig gesmokkel is. Hulle was radikaal afgesny van die lewe. Dit het hulle persoonlik geaffekteer. Die wêreld het egter ook intussen verander, veral ten opsigte van die houding van die Afrikaner. Die vuur in die Afrikaner is intussen deur die afloop van dinge gesmoor. Dit het hulle opgeval. Toe hulle ingegaan het, was die Afrikaner onstuimig entoesiasties oor sy vryheid — was die Republiek nie net om die draai nie? — en toe hulle uitkom, het niemand meer daaroor gepraat nie. Op vergaderinge kon jy geen vonk slaan uit 'n Afrikanergehoor wat jy voor die oorlog tot vuur en vlam kon aanwakker nie. Dit het diep teleurgestel en hulle laat voel dat hulle nie in hierdie dampkring kon leef nie en daar nie pas nie. Die ou spookgestalte het weer verskyn: Was dit die opoffering werd? Dit het die

stryd in eie hart opnuut ontketen. En dis aangewakker deur die behandeling wat baie van hulle ontvang het.

Moenie haastig oordeel nie. Die vyand kon aan hulle niks doen nie. Die vyand het hulle met rus gelaat, en selfs aan hulle werk gegee. Die gevaar vir die Empire is mos afgewend, en die Engelsman verstaan die kuns om te wen. Dit was helaas baie mede-Afrikaners wat klein vertoon het en gemeen opgetree het. Niemand het in die uur van die verplettering van die hoop van die Afrikaner entoesiastiese ontvangste verwag nie, maar die begrypende handdruk was dikwels nie daar nie. Baie manne wat so brandend na die uur van vryheid verlang het, is met 'n afwysende gebaar, die vernederende simpatie uit die hoogte bejeën of het selfs harde stampe gekry. Het dit seergemaak? Dikwels het hulle vir mekaar gesê: So is goeie Afrikaners in die verlede in die hande van die Engelse geja. Het dit seergemaak? Waarom sal 'n mens jou wonde wys of die littekens laat sien? Die gevallene het simpatie nodig. Hy het gedwaal. Die soldaat vir die vryheid het nie verskoning aan te bied nie en vra ook nie simpatie nie. Het dit seergemaak? Verwag geen antwoord nie. Dit mag egter gesê word: Hierdie behandeling het die aanpassing bemoeilik en het menigeen weer in die ou krisis gedompel. Weer het dit jare van stryd gekos. Dikwels het die donker gevoelens gedreig om in 'n minderwaardigheidsgevoel om te slaan of tot verwerping van die volk oor te gaan.

Gelukkig was die leerskool waarin hul was hard, en dit het gehard; en die lewe was te veel aan die vryheid verpand om losgeruk te word. Die vyand het dus nie ryker geword nie. Die manne het maar weer op die tande gebyt, en troos gaan soek by die wat die hoogste offer gebring het en vallende 'n boodskap gelaat het vir die wat daar na hulle in versoeking sou kom: „Soek my by die dooies, nie by die hensoppers nie." Hulle het maar weer gaan werk, en met die jare het daar genesing gekom. Die meeste van hulle leef stil, het volkome aangepas en het oorwin. Iets van die sinisme en die teleurstelling het egter gebly.

Maar nie een van hulle is daar waar die praters is nie; wanneer die vaderland egter roep, sal dit nie vir ander nodig wees om hulle te roep nie.

*J. D. Vorster.*

---

## BESONDERE ERVARINGS IN DIE SENTRALE GEVANGENIS

DAAR was uit die staanspoor nie die gedagte om ons te vestig nadat ons gevonnis is en in die Sentrale Gevangenis aangeland het nie. Altyd het ons maar gehoop dat verlossing net hier om die hoek is. En altyd het ons die spanning en afwagting ervaar van mense wat op 'n trein wag wat laat is.

Tweedens was daar seker nie een Stormjaer wat in die Sentrale Gevangenis gaan sit het met die gevoel dat sy deeltjie gedoen en afgedaan is nie; inteendeel, niemand was tevrede met sy bydrae nie. En nou eers, nadat ons hande afgekap is, het honderd-en-een metodes om die Regering in sy oorlogspoging te dwarsboom, hulle voorgedoen. Ons wou uit. Ons wou baklei.

Mettertyd leer mens egter om te berus. Jy hoop dat iewers in die toekoms 'n kentering sal intree. Met die oog op daardie verre dag organiseer jy. As iets mag gebeur, die geallieerde magte wankel, ons oorlogsdorstige Regering tuimel, wou ons buite wees waar ons ons plekke vol sou kon staan as soldate van ons ideaal. Ons was nie toeskouers in ons volk se stryd nie. Ons wou dit ook nie in die toekoms wees nie. Maar ons het geleer om te berus.

Die nuwe inkomelinge kon net so min as ons aan die begin gevestig raak. Hulle was soos diere aan 'n tou en het heeldag net gebeur. Die onmenslike regulasies, die kleinlikheid van die owerhede en dan die gees wat in elkeen van daardie manne se liggame was, het alles bygedra tot daardie stuwing wat steeds op breekpunt gehuiwer het. En ons wat al gely en geleer het om te berus, moes soebat en dreig omdat die geleentheid om alles breedvoerig te bespreek nie daar was nie. Ons het toe reeds kennis gemaak met die meedoënloosheid van regulasies en hul verbeeldinglose uitvoerders.

Dit het 'n drieërlei spanning teweeggebring. Eerstens is daar die spanning veroorsaak deur die abnormale tyd en omstandigheid waarin ons ons bevind het. Ons het nie en sou nooit aan die gebondenheid van die tronk en 'n tronksel gewoond raak nie. En die ironie het my steeds bygeval dat die mense wat die vryheid die liefste het, steeds in kerkers en kettings gehou moes word. Tweedens was daar die nimmereindigende spanning wat veroorsaak is deur kleinsielige beamptes wat vroeg en laat getreiter en geterg het en 'n mens altyd in gevaar en bedreig laat voel het. Dit is 'n verskriklike gevoel wat jy ervaar maar nie beskryf kan word nie. En eindelik was daar die wrywing tussen jou en mense wat jy liefhet en wat jy teen hulleself wou beskerm. En waar daar dan onmin bestaan het, was dit steeds veroorsaak deur die liefde wat wil beskerm en niks anders nie. Eers later het ons geleer dat 'n bietjie takt, 'n bietjie geduld en 'n klein bietjie mensekennis veel vermag. Maar in daardie omstandighede is die senuwees tot breekpunt gespan.

Natuurlik was ons nie van plan om permanent in die gevangenis te bly nie. Die verlossing het vir ons steeds om die hoek gewag. En ons het ons altyd gereed gehou vir gebeurlikhede. Vasberade om nie uit die ding te wees as iets gebeur nie, was ons altyd in kontak met die regte mense buite en het ons planne altyd reggelê. Die enkele kere toe dit gelyk het of die einde daar is en ons koorshoogte van opwinding bereik het, die finale planne vir 'n ontsnapping binne en buite afgehandel is, het ons dit regtig hotagter gehad. In die nag het mens drome

gedroom. Altyd was jy die vlugteling; altyd vervolg deur speurders; selfs in jou drome het jy in al om die ander mens 'n vyand gesien en het jy nêrens veilig gevoel nie. Ons drome, meer as enigiets anders, het bewys wat ongemerk in ons aangegaan het, nl. 'n wantroue in almal, 'n geval waar 'n mens teen die muur veg en in niemand meer 'n vriend of 'n bondgenoot het nie.

In die drie jaar en vier maande wat sommige van ons in die strafklas moes deurbring, was ons tydens naweke opgesluit, op 'n kort stapoefening na van nege-uur tot halftien en van tweeuur tot halfdrie. Somtyds is ons Saterdagmiddag om twee-uur opgesluit om eers weer Sondagaand om sewe-uur die sleutels in die slotte te hoor knars. Dit was 'n probleem om 'n mens in daardie lang ure van eensaamheid besig te hou en jou nie aan swartgalligheid en wanhoop oor te gee nie. Om besig te bly was die enigste wapen teen minute en ure wat martelend lank kon word.

Gebeur dit dat mens oor een of ander voorval opgewonde is, kon jy selfs nie konsentreer om 'n boek te lees nie. En dit het al gebeur dat ek talle bladsye gelees het, om dan plotseling te besef dat ek nie weet waarom dit gaan nie. En sulke periodes besoek 'n mens nogal dikwels. Dit kan net gebeur dat een van ons kamerade voor die opperbewaarder of bestuurder gedaag word, om ons almal vir die dag te ontstel. In daardie toestand is studeer dan buite die kwessie. En om in 'n nou sel gehok te wees en niks te doen nie, is eers moeilik, en iets wat ook wel gebeur het en nogal dikwels wanneer 'n mens deur spanning en ander dinge te uitgeput is om te studeer, absoluut nie die lus het om te lees nie, moeg voel maar nie kan slaap nie, met die felle lig van die elektriese lamp altyd in jou oë. Op so 'n aand raak 'n mens gewoonlik lank nadat die ligte uitgedoof is, eers aan die slaap — en dan is jou gevangenskap waarlik vir jou 'n straf.

Tog het die eensaamheid van die sel ook sy voordele gehad. Vir iemand wat wou studeer, kon nouliks beter afsondering gevind word. En mettertyd, nadat 'n mens jou eers tuisgemaak en belangstelling in jou studies erlang het, leer jy om jou geheel en al oor te gee aan die vakke wat jy bestudeer. Dan word die aande alléén in die sel 'n vooruitsig. Maar dit bly 'n opdraande pad wat veel wilskrag verg.

Maandae en Donderdae kon ons briewe pos. Wat 'n vooruitsig! Tydens die jare in die strafklas was ons een maand geregtig op 'n brief en die volgende maand op 'n besoek. Hierdie brief moes op tronkpapier geskryf word. Bo-aan moet verskillende dinge ingeskryf word, en langsaan is die instruksies in Afrikaans, Engels en Kaffertaal. Die inhoud van ons briewe word streng gekeur. Daar mag niks omtrent gevangenes geskryf word nie; omtrent mense in die gevangenis ook nie. Geen ander persone behalwe dié aan wie geskryf word, mag in die briewe genoem word nie. Alte dikwels het briewe teruggekom of is ons

na die ontvangskantoor ontbied om te verduidelik waarom ons dit en dat geskryf het en wat sekere sinne presies beteken.

So het een kêrel, nadat sy derde brief teruggestuur is, aan sy ouers geskryf dat dit met hom goed gaan; maar dat hy nie toegelaat word om meer te skryf nie. Dit en daaropvolgende reperkussies het hom ses dae ryswater en isolasie besorg.

Ons enigste uitweg met briewe wat wel inhoud bevat, was 'n ompad. Ons moes dit uitsmokkel. Dit het ons darem altyd reggekry. Die een metode was om jou brief aan 'n persoon te gee wat ontslaan gaan word. Is hy eerlik genoeg, sal hy dit pos sodra hy buite kom. 'n Ander metode was om die gevangene wat in die ontvangskantoor werk, om te koop. Hy vra natuurlik betaling en is baie versigtig vir wie hy werk. Hy gee dit òf aan iemand wat ontslaan word, òf hy laat dit tussen die briewe beland wat reeds gekeur is. In die possak is dit veilig. Gedurende die oorlog was daar nog die sensors buite ook. Het sulke briewe informasie bevat wat hulle pligte geraak het, het hulle dit aan die gevangenisoutoriteite teruggestuur, en dan moes iemand verduidelik. Ons het toe maar gewoonlik „Dennleton," 'n plekkie iewers ek-weet-nie-waar, as ons pos gebruik. Nog 'n derde metode was die gevangene in die vryetydskantoor. Hy het glo gewoonlik die possak se bek toegebind en met 'n slot gesluit. 'n Brief aan hom het baie stil en baie geheimsinnig by die ander beland, en geen haan het ooit daarna gekraai nie.

Dit het heel dikwels gebeur dat 'n mens 'n brief wil uitstuur wat geen gevaarlike informasie bevat nie, maar die inhoud waarvan jy tog nie deur Jan en Alleman gelees wil hê nie. In die omstandighede van gedurige bewaking waarin ons gelewe het, kon ons nouliks die stramheid en die masker waarmee ons ons bewakers elke dag tegemoetgegaan het, uit ons briewe weer indien ons weet dat die briewe deur hulle gelees sal word. 'n Brief na jou mense was dan altyd 'n marteling. Jy was gedwing om stug en hard te wees, jou gevoel nie te verraai nie. Daar was niks om oor te skryf nie, en mens was maar dankbaar as jy een of ander onderwerp kry om oor uit te wei en so 'n bladsy te vul.

Gedurende die lang strafklasperiodes is besoeke, net soos briewe, een elke twee maande toegestaan. Ons het ons besoekers ontvang in 'n vertrekkie wat spesiaal vir die doel ingerig is en so ingerig is dat die besoeker en die gevangene nie in kontak met mekaar kon kom nie. Die besoekkamertjie is lank en smal. Die besoeker kom by die een deur in en die gevangene by 'n ander deur, sodat hulle al dadelik van mekaar geskei is. Die gevangene bevind hom dan in een van 'n stuk of agt hokkies agter 'n afskorting van jakkalsdraad; terwyl die besoeker weer agter 'n balk beland wat hom minstens ses voet van die persoon vir wie hy kom kuier het, hou. Dan is daar ook nog 'n bewaarder teenwoordig met opdrag om die gesprek af te luister en toe te sien dat daar geen informasie omtrent die bestuur, gevangenis, ens. oorgedra word nie.

Baie later, nadat van ons al meer as drie jaar van ons strafperiode agter die rug gehad het, is die regulasies verander en kon ons ons besoekers in 'n vertrek ontvang waar ons by hulle kon wees. Ook hier was 'n bewaarder by elke besoek teenwoordig en moes hy streng toesig hou dat daar nie nuus oorgedra word nie. So het dit gebeur dat toe een van ons kêrels vir 'n tronkoortreding gestraf is — en deel van die straf was natuurlik dat sy besoeke vir twee maande belet is — sy vrou my kom besoek het en sy van my wou weet wat gebeur het — mens kon aanneem dat sy besorg was. Maar die bewaarder het naby ons kom staan en my gewaarsku as ek die saak net by benadering aanraak. Sy moes net so nuuskierig en net so besorg omdraai.

Op 'n ander keer het 'n professor my kom spreek oor verhaaltjies wat ek uitgesmokkel het. Ook hierdie keer was die bewaarder so konsensieus dat die professor nooit kon praat oor die saak waarvoor hy eintlik gekom het nie. Hy het toe maar 'n lesing oor die kortverhaal gegee, en die bewaarder was 'n belangstellende luisteraar.

Deel van die regulasies en deel van die hardepad was dat 'n mens die eerste ses maande nie mag rook nie en daarna slegs met rookparades tweekeer per dag. Dit het in die meeste gevalle aanleiding gegee tot skelm rook. Niemand mag vuurhoutjies by hom hê nie, en dit is ook bykans onmoontlik om vuurhoutjies in die gevangenis te bekom. Die skelmrokers moes toe maar weer terugval op die ou beproefde middels, nl. tontel, vuurslag en vuurklip. Vir tontel word 'n stuk lap eers skoon uitgewas en dan verbrand tot hy swart is, waarna hy gesmoor word. Vir rookdoeleindes word klein stukkies hiervan afgebreek en bo-op die pyp gesit. Die gewone vuurklip was nog in gebruik, maar in die plek van die vuurslag het ons 'n „wiel" gebruik. Hierdie wiel, 'n klein staalplaatjie, rond en met twee gaatjies in die middel, word soos 'n woer-woer gebruik. Die draaiende wiel word teen die klip gebring, die klip weer net bokant die pyp en tontel sodat die tontel so gou moontlik met die eerste vonke aan die brand slaan.

In die seksies is ook gebruik gemaak van die skakelaar. Die kop wat oor die ontblote drade is word afgehaal, die krag word aangeskakel en met 'n skeermeslemmetjie word vuur verkry wat weer die tontel aan die brand slaan. Later is ook vuursteentjies („flints") bekom. Hulle is ten duurste verkoop — gewoonlik vir twee pond suiker of twee rantsoene tabak.

In die werkswinkels is heel dikwels gerook. Daar was altyd 'n plekkie om agter te skuil. Sommige bandiete het nie geaarsel om oop en bloot naby die bewaarder te rook nie. Die bewaarder wat meestal op en af in die loopruimte tussen tafels en banke stap, word dopgehou. Sodra hy sy rug op die skelmroker draai, word die gereedskap of „outfit," soos hulle dit genoem het, in werking gebring. Agter sy rug word dan diep aan die pyp getrek — borshoue, om die regte benaming te gebruik. Die

rook word dan haastig op die grond uitgeblaas. Daar word gewaai en tekere gegaan dat dit 'n aardigheid is om alle spore van rook te verwyder. Soms word die rook sommer voor by die hemp ingeblaas.

Dit is kostelik om iemand dop te hou wat besig is om skelm te rook. Terwyl hy aan die kortsteelpyp trek, loer sy oë oral rond, keer wit om en word so groot soos pierings. Hierdie soort rokery is dan ook nie senuweekalmerend nie. Die gevaar is altyd daar dat hulle betrap en aangekla kan word. Dan volg onverbiddelik isolasie en ryswater en die verbeuring van alle voorregte. Daar word natuurlik baie slim metodes uitgedink en ontwikkel om die „outfit" so te bêre dat hy nie gevind word nie. Een geslepe ou vos het baie lank 'n vals boom gehad in die bakkie seep wat hy gebruik het om sy els se punt mee glad te hou, en daarin het hy sy kortsteelpyp, wiel, vuurklip en tontel gebêre.

Nuwe bewaarders word natuurlik dadelik ingelig omtrent al die metodes waarvan gevangenes gebruik maak. So 'n rekruut is dan dadelik waaksaam en gretig op soek na wiele en enigiets verdags. Een so 'n bewaardertjie wou dan ook net links en regs aankla omdat hy 'n stukkie vuurklip op die werf opgetel het. Dit was nie moeilik om vir hom nog 'n handvol in die onmiddellike omtrek te gaan optel nie. Die rekrute word spesiaal gewaarsku teen wiele, en die hoofbewaarder van die passerswinkel se eerste instruksies aan so 'n rekruut is om op te let na bandiete wat wiele maak.

So het 'n rekruut dan ook werklik eendag 'n ou skelm betrap waar hy besig was om wiele te maak.

„Maak jy nie nou 'n wiel nie?" het hy aan die ou voël gevra.

„Nee, meneer, dit is nie 'n wiel nie. 'n Wiel lyk so," het die bandiet gesê en sy eie wiel uit sy bêreplek gehaal en aan die rekruut gewys, waarna hy dit weer wegbêre. Die rekruut het weggestap, heeltemal tevrede dat die man nie wiele maak nie.

Die hoofbewaarder van die passerswinkel was baie dom. As hy tabakrook ruik, kyk hy gewoonlik daar verlangs of hy nie die skelm sien nie. Van die gevangenes het later 'n gewoonte daarvan gemaak om hier skuins agter hom te staan en rook. Hy op sy beurt, snuiwe dan maar in die wind en kry suspisie op 'n onskuldige wat baie ver van hom is — gewoonlik die skoonmaker wat vir al die ander se misdade dit moes ontgeld.

Een kêrel wat graag sy kordaatheid wou tentoonstel, het etlike kere vir hom tontel voor sulke jong rekrute gebrand. Dan staan die bewaardertjie belangstellend en toekyk. Hy weet hulle mag nie tontel by hulle hê nie, maar hy kan die lap wat die man nou besig is om te verbrand, nie met die ongeoorloofde artikel assosieer nie. Vroeër of later word hy tog deur 'n bewaardertjie wie se intelligensie hy onderskat, gevang en moet hy die gevolge verduur. Vir die rokers wat hulle gedurig aan skelm rook skuldig gemaak het, was rook spannend vir die senuwees. Dit het hulle selfs in hul drome ook besoek. So

het een van die politieke gevangenes vertel dat hy een nag droom dat hy op 'n uitkampery is, 'n vuurtjie gewaar, baie mooi rondkyk of niemand hom sien nie en toe op sy maag nader seil om gou eers sy pyp aan te steek.

Wat egter die meeste daartoe bygedra het om ons senuwees rou te maak, was die onredelike verbod op praat, wat oor vier-en-twintig uur van die dag gestrek het en oral 'n verbod was. 'n Mens het tog dikwels iets gehad wat jy aan ander wou meedeel. Jy het behoefte daaraan gehad om gedagtes met ander te wissel. En daar is gepraat: op parade, in die werkswinkels, met oefeninge — net waar twee bymekaar kom. Dit was nou wel nie so 'n vreeslike oortreding nie en het heel dikwels nie 'n aanklag ten gevolg gehad nie. Maar die bewaarders se gedurige blaffende: „Bly stil!" het 'n mens mettertyd verskriklik geïrriteer. Die beste plek waar twee iets wat hulle op die hart het, kon bespreek, was die biblioteek. Hulle gaan daarheen, gewoonlik studente, onder voorwendsel dat die een aan die ander 'n probleem moet verduidelik. Daar praat hulle dan uit wat hulle op die hart het, of bespreek 'n saak wat hulle in die mou voer. En daar was dit ons unieke lot om soms fluisterend met mekaar hewig rusie te maak.

Die hospitaalparade het ook soms die geleentheid gebied om 'n bietjie te gesels, hoewel dit moeilik was, want die bewaarder moet altyd in die oog gehou word. En dikwels was die „Marching Sick," soos die bewaarder genoem word, 'n permanente een en iemand wat sy plig al te ernstig opgeneem het.

Met oefeningsparade moes ons agtermekaar loop met 'n tree spasie tussen elke twee en was daar 'n hele paar bewaarders aanwesig wat moes toesien dat ons nie met mekaar gesels nie. Tog is ook hier af en toe, wanneer die bewaarder 'n bietjie ver is, 'n paar haastige woordjies gewissel. Dit het moeilik gegaan. Soms het die gesprek oor 'n geskil gegaan wat so vat-vat aan 'n rusie. Dan moet jy soms, nadat jou maat sy standpunt gestel het, minute lank voortstap, jou eie argument rondrol en dophou tot jy die geleentheid kry om jou sê te sê. Vanselfsprekend was mens se humeur maklik ontvlambaar en was woede teen vriend en vyand wat tot 'n uitbarsting gedy, vergeeflik.

In die seksies self was die kanse om met mekaar te gesels baie skraal, want ons is gewoonlik dadelik opgesluit sodra ons by ons selle aanland. Donderdae is ons egter tussen twaalf- en eenuur uitgelaat om ons hare te skeer, handdoeke, onderklere, slaapklere, sakdoeke en kouse te was en ons toiletemmers blink te vryf. Maar dan word ons ook streng dopgehou en verhoed om met enigiemand 'n woordjie te wissel. Selfs wanneer ons in die badkamer onder die paar stortkrane besig is om klere te was, was die moontlikheid maar skraal om 'n woordjie met die man langs jou te wissel. Partykeer het dit gebeur dat die bewaarder ons een-een laat uitkom en ons dadelik opsluit sodra ons hare geskeer is.

Naweke was dit dieselfde. As ons van oefeningparade terugkom, loop die bewaarder agter ons aan. Elkeen se seldeur word toegeslaan sodra hy oor die drumpel van sy sel gegaan het. Baie keer is dit ons nie vergun om oor die naweek die latrine te gebruik nie.

Die geleentheid het hom darem soms voorgedoen om weer uit die sel te kom. Mens kon òf die skoonmakers, wat nie toegesluit word nie, met 'n bietjie tabak omkoop om jou sel later wanneer die seksiebewaarder tee gaan drink het, oop te maak, òf, as dit gebeur dat jy self en nie die bewaarder nie jou deur toemaak, kon jy hom op 'n skrefie na sluit, net so dat die knip nie vang nie. Later as alles dan stil is, kon 'n mens versigtig uitloer en indien omstandighede gunstig is, na die sel sluip waar jy graag met iemand oor iets wil gesels. Dit was egter 'n gewaagde ding en het selde en alleen as dit nie anders kan nie, gebeur. Vang hulle 'n mens in 'n ander se sel, kon hulle jou vir die verregaandste oortredings aankla, en jy het glad geen verdediging nie.

Later is die gevangenis se veelsoortige inwoners met drie Pole verryk — drie werklik uitgeteerde rotte wat skelm, onnosel en vir hulleself 'n gevaar was. Een van hulle het, as hulle maar die geleentheid daartoe kry, gesorg dat sy deur so op 'n skrefie toe is. En wanneer alles stil is, kon diegene wat buite is, sien hoe die deur baie stil en baie langsaam oopgaan, hoe mettertyd 'n benige kop met uitpeuloë aan 'n baie lang, maer nek, gevolg deur 'n paar krom skouers, by die deur uitloer en op en af, heen en weer bespied. As alles veilig is, kom die Pool tevoorskyn en word sy twee maats ook oopgemaak. Nou verdwyn hulle in die badkamer, gesels, rook en hou „cavé," dit wil sê hulle hou die gang dop vir bewaarders. Word hulle daar betrap, verstaan hulle geen Afrikaans, geen Engels, geen taal onder die son nie — selfs nie Pools nie.

Maar die oulikste egter is wanneer met die uitloerproses iets verdags gewaar word. Dan word daardie deur net so stil en geheimsinnig as wat hy oopgegaan het, toegetrek en heers daar etlike minute lank doodse stilte en word geen beweging bespeur nie — totdat die deur weer baie-baie langsaam oopgaan en 'n benige kop en twee loerende uitpeuloë verskyn.

Tydens die strafklasperiode is daar vir die gevangene absoluut geen georganiseerde vermaak nie — dit wil natuurlik sê as 'n mens die enkele ou malle wat in die ryswaterselle beland, se geskree en gegil, gehamer en gehuil, nie as voorbedagte afleiding beskou nie. Na die strafklas agter die rug is, word die gevangene toegelaat om konserte, bokstoernooie en debataande by te woon. Hierdie konserte word deur die gevangenes georganiseer en gefinansier. Almal wat daaraan wil deelneem, is welkom, hoewel sy bydrae eers deur die komitee beoordeel word. Vir elke konsert word 'n „producer" benoem. Hy keur die bydraes vir die program, stel die program op, sorg vir alles

en is verantwoordelik vir die welslae van daardie maand se konsert — en maak vir die maand heelwat vyande.

Die stukke wat opgevoer word, grens gewoonlik aan die burleske. Dit is gewoonlik growwe satire op die bewaarders, gevangenisstelsel en polisie. Daar word gespot met hulle kleinlikheid of gekgeskeer met die erns waarmee hulle hul taak bejeën. Selde indien ooit word iets opgevoer wat buite die sfeer van die tronk of misdaad val. Af en toe is daar 'n sentimentele stuk, meestal melodramaties tot in die hoogste verdieping. Dit beweeg sommige tot trane en besorg aan ander maagpyn maar word allerweë geniet. Een so 'n stuk, met die titel: „Die lig wat brand in die Venster," het algemeen trane uitgelok. Dit is geskryf deur een van die gevangenes, het gehandel oor 'n ou moeder wat op haar misdadigerseun wag en nagte waak, en was baie geslaagd. Daar vind 'n mens dat die geharde misdadigers glad nie so hard is nie en veel eerder wisselvallige mense is wat die stryd om die bestaan binne die bestaande samelewing gewonne gegee het.

Af en toe het die konserte darem iets opgelewer wat nie laf en ook nie skreeuend sentimenteel was nie. Een so 'n Afrikaanse stuk het 'n groep chauvinistiese Engelse genoop om Shakespeare op die planke te bring en wel 'n fragment uit „Julius Caesar," waar Antonius by Caesar se graf die Romeinse gepeupel teen die moordenaars opsweep. Die stuk wou nie inslaan nie, te oordeel na die gehalte spel ook nie by die spelers nie.

Saterdae en Woensdagmiddae is sokker gespeel. Eersteoortreders kon egter nie daarna gaan kyk nie. Slegs die paar wat speel is toegelaat maar moes die terrein verlaat sodra hulle wedstryd verby is. Natuurlik geld dit net vir mense wat nie meer in die strafklas is nie. Op Nuwejaarsdag het ons atletiese sport gehou. Behalwe meeste van die naellope en 'n paar veldnommers was daar 'n aartappelresies, naald-en-gareresies, sakresies en soms ook 'n hindernisresies. Die persoon wat die meeste punte behaal, is die Victor Ludorum vir die jaar. Baie tabak word hier verwed.

Debatte mag miskien ook onder vermaak ressorteer. Daarvan het ons elke maand een gehad. Dan mag sestig persone dit bywoon. Die Naturelleprobleem is daar reeds herhaalde kere bespreek en afgehandel. Ander onderwerpe soos emansipasie van die vrou, is ten koste van die vrou besleg. Selfs oud-minister Conroy se irrigasieskema bo in Bechuanaland-Protektoraat om ons reënval te verbeter, is bespreek en deur 'n meerderheid onprakties bevind.

Vir ons in die strafklas was daar waarlik nie veel om oor te lag nie. Tog het daar nou en dan iets gebeur wat 'n mens vir 'n oomblik laat vergeet het. Een so 'n keer was toe 'n Jood vir Willie Muser met 'n toiletemmer oor die kop geslaan het. Muser was verskriklik verontwaardig, veral omdat hy, en nie die Jood nie, vir die opskudding aangekla en gestraf is. Toe ds. Vorster ontslaan sou word, het hy die dominee versoek om

tog asseblief vir die mense daarvan te vertel en propaganda daaroor te maak.

„Moet ek ook vir hulle vertel waarmee die Jood jou oor die kop geslaan het?" het dominee laggend gevra.

Die beste vermaak kon die gros van ons nooit sien nie. Dit is wanneer gevangenes wat met mekaar rusie gekry het, dit op 'n Woensdag- of Saterdagmiddag in die skool gaan uitspook. Tog het ons altyd die voorspel van so 'n geveg geniet en kon selfs opgewonde raak daaroor. Vir so 'n geveg moes een die uitdaging uitskryf en die ander een dit onderteken. Dan word dit aan 'n bewaarder gegee, wat weer moet sorg dat die opperbewaarder dit kry om die geveg goed te keur. Wanneer daar van vier tot ses gevegte is, spook hulle dit na mekaar op 'n Woensdag uit. Soms raak twee oues kwaad vir mekaar en besluit om die ding uit te spook. Maar wanneer bakleityd kom, is hulle al so bang vir mekaar dat hulle hul geskil maar in der minne skik.

Later kon ons wel die bokstoernooi bywoon wat al om die ander maand gehou is. Daar het dit gewoonlik dol aangegaan en is gebaklei „vir die beker." Vir elke gewigafdeling was daar 'n kampioenskap waarom geveg moes word. En om kampioen van die Sentrale Gevangenis te wees, was 'n besondere eer. Daar was altyd twaalf pare wat bereid was om vir 'n sjieling se sjokolade of grondboontjies te baklei, en oor die algemeen het hulle alles wat in hul ondervoede liggame was, uitgehaal om te wen. Die toeskouers het hul gunstelinge op wie hulle tabak en kruideniersware verwed het. Gebeur dit dat so 'n gunsteling verloor, ontgeld hy, die skeidsregter en beoordelaars dit. Heel dikwels gebeur dit dat 'n geveg „gekook" word.

By die bokstoernooi en konserte is praat nogal nie verbode nie. Ons kon vry gesels. Die deursnee-bandiet of misdadiger se taal is 'n gemengde Afrikaans en Engels met 'n sterk neiging tot skollie-Afrikaans. Die meeste probeer natuurlik Engels praat en hou geen oortuiging daarop na nie. As hulle wel Afrikaans praat, is hul Afrikaans so deurspek met Engelse woorde dat dit tog nog 'n kompromis tussen die twee bly. Selfs hul Engels word ook aangevul deur Afrikaanse woorde en die Engels wat hulle besig, reik selde hoër as basiese Engels met 'n sterk neiging om skollie-uitdrukkings te gebruik.

'n Groet wat byna sonder afwisseling vir 'n mens naderhand 'n straf geword het, was die lawwe: „Hoes dit nou?" Daarop moet 'n mens elke vyf minute reageer. Willie Muser se: „Is jy nog nie spyt omdat jy dit gedoen het nie?" het 'n mens veel meer aangestaan.

Oor 'n eie unieke taal beskik die gevangene nie. By hom is dit bloot 'n geval van luiheid en slordigheid. „Watte," van die skollies, word heel dikwels gebruik. As 'n ontkenning, was „nooit" en „nei" vry algemeen. Om 'n rokie te nuttig was „om 'n skyf te trek." As iemand in 'n verkeerde bui is, het hy „'n rot." Verneem iemand hoe laat dit is, vra hy gewoonlik: „What's the birdlime?" Die ryswaterselle word kortliks

„Bombay" genoem. 'n Uitdaaggeveg is 'n „needlefight." Om bewaarders dop te hou wanneer skelm gerook word, word „cavé" genoem. Die broodjies wat ons by elke maaltyd kry, is 'n „katkop." Om jou werk te verstaan, hetsy bewaarder of bandiet, is om die „drade" van die plek te ken.

Dit is in die kleurryke name wat hulle aan bewaarders gee, dat hulle uitgemunt het. Mens kry name soos: Swahili Sam; Skaapwagterkoos; Afval; Swart Mamba; Mango Mike; Banjo Bill; Flash Harry; Vlerkies of The Wingcommander; Kalbas; Dirty Tom; Gert Gansvoet; Hanslam; Harktand; Brasswurm; die Duiwel se Kleinboetie en Fordsburg Joe.

Die verspreiding van 'n gerug deur al die werkswinkels, by die hospitaal, kombuis, kantore — oral, was iets wat aan die wonderbaarlike grens. Niemand mag praat nie, tog weet almal binne 'n halfuur as enigiets gebeur het. Selfs toe Timosjenko — een van die bewaarders — se vrou 'n baba ryker geword het, het ons dit onmiddellik geweet, al wou hy dit nog ontken. Die moeilikheid was net dat die nuus wat ons gekry het, gewoonlik so 'n lang stert aangekry het dat mens dit nie met 'n sak sout kon aanvaar nie. Wat ook dikwels gebeur het, was dat 'n bewaarder of 'n bandiet 'n storie die tronkruimtes instuur, net om te kyk hoe lank dit sal duur voordat dit by hom uitkom en in watter gedaante dit sal terugkeer. Aan die begin het dit weinig gebeur dat ons enige outentieke nuus gekry het. Indien ons 'n uitknipsel kry, was dit gewoonlik via die biblioteek. (Ook het ons een ander bron gehad.) Maar dit was net belangrike brokkies, soos 'n Churchill- of Hitler-toespraak. Ons het ook so nou en dan 'n brokkie bekom oor hofsake voor die spesiale hof. Af en toe het ons van bewaarders nuusbrokkies ontvang. Die meeste het hulle nuus egter so swak oorgedra dat dit eerder verwarrend as opheldernd was.

'n Uitknipsel het gewoonlik van hand tot hand gegaan. En die persoon wat dit in sy besit het, moes dit baie versigtig bewaar. Te maklik kon dit gebeur dat sy sel tydens werksure deurgesoek word. Word so iets in iemand se sel gevind, beteken dit baie maklik nuwe regulasies of beperkings vir vyfhonderd gevangenes.

Later het ons baie gereeld nuusbrokkies in uitknipselvorm gekry. En nog later het die O.B.-koerantjie baie gereeld sy verskyning via die ondergrondse kanale gemaak. Nog later het ons byna elke dag die vernaamste nuusbrokkies in 'n hele paar koerante bekom. Maar dit was in die goeie nuwe tyd. Ons het dan ook die jaarblad wat in 1946 verskyn het, bekom, asook byna al die pamflette en boekies wat deur die O.B. uitgegee is. Selfs mnr. Johan Schoeman se boekie oor 'n hele paar politieke aangeleenthede, onder meer die Neuremburg-verhoor: **Hear the Other Side**, het sy weg na elke sel gevind en is gretig gelees.

Ons het ook een eksemplaar van **Sonder Gewere** laat binnesmokkel vir ons almal saam. Daarna het nog een eksemplaar

binnegekom. Dié het Kokkie vir die outeur in leer gebind en is agterin met ons almal se handtekeninge versier. Toe het een van ons vooraanstaande predikante — natuurlik 'n O.B.-predikant — sy Bybel wat die Vryheidsoorlog en Rebellie met hom meegemaak het, laat insmokkel. Ook die Bybel moes Kokkie in leer bind, en ook daarin pryk al ons name.

Ons het elke jaar met K.G. se verjaardag 'n boodskap aan hom uitgestuur, asook verjaardagboodskappe aan die O.B., kerskaartjies aan K.G. en sy gesin en aan die Beweging. Ons het ook eenkeer 'n kerskaartjie vir een van ons kapelane gemaak. Dit kon nie op „konstitusionele manier" die regte adres bereik nie en moes stilletjies in die kerk aan hom oorhandig word. Die dominee het dadelik verstaan, blitsvinnig gehandel en toe oorhaastig die aftog geblaas — die kersfeeskaartjie veilig in sy manel se binnesak. En daardie dag was 'n versugting wat 'n skuldige gewete dikwels aan ons besorg het, ook seker sy versugting: „O, hulle moet tog net nie foeter om my vandag te ‚strip' nie!"

*H S. van Blerk.*

---

## DIE GODSDIENSTIGE LEWE IN DIE GEVANGENIS

DIE politieke gevangenes is as misdadigers gereken, geklassifiseer en behandel. Offisieel is daar geen onderskeid gemaak nie. In die praktyk is hulle wel onderskei, nie alleen daardeur dat die politieke gevangenes anders was nie, maar deurdat hulle anders behandel is. Die Britsgesinde bewaarder het hulle met meer wrewel en haat behandel, terwyl die Afrikaner en daar was gelukkig baie van hulle — hulle met eerbied en toegeeflikheid bejeën het. Dit is bekend dat die owerheid selfs bewaarders van wie hulle verwag het dat hulle die lewe van die politieke gevangenes sou vergal, met promosie na die Sentrale Gevangenis verplaas het. Ten spyte van regulasies en bevele en soms met groot risiko het baie bewaarders deur woord en daad getoon dat bloed kruip waar dit nie loop nie. Offisieel is die politieke gevangenes egter met die misdadigers gereken. Godsdienstig is hulle dus ook oor een kam geskeer.

Het die gewone publiek weinig of geen kennis van die lewe in die gevangenis nie, aangaande die kerklike en godsdienstige lewe bestaan daar nog meer wanbegrippe. Sommige verkeer onder die indruk dat die gevangenes soos diere behandel en mishandel word en dat hulle ook godsdienstig totaal verwaarloos word. Ander weer is van gedagte dat die gevangenes baie vatbaar is vir goeie indrukke en dat die gevangenis 'n baie goeie arbeidsveld is. Die een gedagte is so verkeerd soos die ander.

In die Sentrale Gevangenis was daar gereeld ongeveer 500 gevangenes. Onder hulle was daar lede van alle kerke en gesindtes: Jode, Anglikane, Presbiteriane, Wesleyane, Katolieke,

lede van die drie Hollandse Kerke en van die verskillende sektes. Vir elke kerk of groep was daar geleentheid om vir sy mense, as die getalle dit geregverdig het, op Sondag 'n diens te hou. In die praktyk het dit in die reël daarop neergekom dat vir die Afrikaners 'n diens gereël is, die Anglikane vergader het, dat daar 'n diens vir die Engelse Protestantse groep was en dat die Katolieke saamgekom het. Met feesgeleenthede het ook die Jode alle geleentheid gekry om ook daar bymekaar te kom. Alle gevangenes was verplig om een diens op 'n Sondag by te woon. Soms is die reël nie so streng toegepas nie, maar by tye is daar besonder streng op gelet. Die dienste is in die skoolsaal gehou, en na die diens kon die wat daarom gevra het, die prediker spreek. Eintlik word dit nie toegelaat dat iemand die diens van 'n ander kerk of genootskap bywoon nie. Wie dit wel wil doen, moet formeel by die opperbewaarder daarom aansoek doen.

Behalwe hierdie dienste is daar weekliks 'n vergadering van die Christelike Strewers gehou. Die bywoning was opsioneel, en alleen die wat nie meer in die strafklas was nie, kon gaan. Die politieke gevangenes het flink hierheen gekom. Dit het geleentheid tot selfaktiwiteit en selfekspressie gebied en was vir die aanwesiges van enorme waarde. Dit het tot Bybelstudie geprikkel en was 'n besondere geleentheid tot diens van God. Waar hierdie vergadering in die week gehou is, het dit ook die kans gebied om weg te kom van die sel en die eentonigheid van die tronk en 'n aangename gesellige uur met jou maats deur te bring.

Die Oxford-groep het ook weekliks 'n „house party" in die gevangenis kom hou. Gewoonlik het een of meer van die Groep verlof gekry om vir die doel die gevangenis te besoek. Die aktiwiteite het veral onder leiding van 'n sekere persoon gestaan. Hy het ook van die Owerheid die reg verkry om die selle te besoek en daar sonder die teenwoordigheid van die bewaarder met die bandiete te gesels. Omdat hierdie voorreg nie eers aan die kapelane van die gevangenis gegun is nie, het hierdie voortrekkery die Afrikaners agterdogtig gemaak. Miskien was dit die bedoeling van die persoon dat die politieke gevangenes by hom die sonde van opstand teen die Empire moet „share" en bieg. Hy het dan ook elkeen besoek. Meer as 'n besoek was dit nie, want ons manne het hom padlangs gesê dat ons met hulle niks te doen wou hê nie. Selfs Jode het na die „party" gegaan, want dit was die algemene opinie dat dit 'n kort pad uit die gevangenis gebied het. So graag as ons manne na die kerk gegaan het, met die Groepvergaderinge wou hulle niks te doen hê nie.

In 1944 het ons manne 'n taak onderneem wat getuig van hul besondere agting vir die Woord van God en 'n bewys van hul karakter en deursettingsvermoë lewer. Hulle het hulle die reuse-taak opgelê om die Afrikaanse Bybel numeries te ontleed. Die veertig man, verdeel in drie groepe, het aan die werk gespring. Elke groep het 'n gedeelte van die Bybel gekry om deur te

werk. 'n Kommissie van drie het die koördineringswerk gedoen. Die hoofstukke, verse, woorde en letters van die Bybel is getel; en na behoorlike kontrole is die besonderhede netjies op 'n kaart aangebring. Meer as agt maande was hierdie 40 man in hul vrye tyd met hierdie unieke studie besig. Enkele besonderhede van die resultate van hul arbeid stel die belang van hul studie in die lig. As gevolg van hulle werk weet ons nou dat die Afrikaanse Bybel 1,189 hoofstukke, 794,899 woorde en oor die driemiljoen letters het. Psalm 117 is die middelste hoofstuk in die Bybel, terwyl Psalm 101:8 die middelste vers is. Die woord „dors" in Psalm 63:2 is die middelste woord van die Skrif. Hierdie pragtige werk, wat met soveel noukeurigheid uitgevoer is, toon aan watter gees ons manne besiel het. As 'n getuigskrif van hul karakter of 'n bewys van hulle siele-adel nodig was, dan is dit hier gelewer.

Geleenthede om die Here te dien was daar genoeg. Maar hoe is daarvan gebruik gemaak! Uit hierdie oogpunt was die dienste 'n ware studie. Daar moet onthou word dat die dienste altyd onder die toesig van bewaarders gehou word.

Vir die gevangenes wat in die strafklas was, was die diens op Sondag 'n ware verkwikking. Daar was drie klasse: die strafklas, die goeie-gedrag-klas en die ster-klas. Hulle wat in die strafklas was, het nie geleentheid gekry om Woensdagmiddag, Sondagoggend en Sondagmiddag 'n uur of twee vrye verkeer met ander te hê in die opelug op die tronkterrein nie. Terwyl die ander hiervoor uitgaan, is hulle in die sel toegesluit. Dit was verskriklik eensaam. Hierdie eensaamheid was die groot vyand ook van ons manne. Vir hulle wat in die strafklas was, was die kerkdienste dus baie baie welkom. Dit was 'n onderbreking in die eensaamheid van die sel en die verskriklike eentonigheid van die lewe. So tussendeur kon daar 'n paar woorde gewissel word, en die diens was gesellig, 'n ware sosiale funksie. Dit op sigself het al weldadig aangedoen. Sommige het net hiervoor gekom. Dit was dan ook besonder opvallend dat die strafklas altyd uitgesien het na die diens, terwyl baie in die ander klasse verkies het om buitentoe te gaan. In die ander klasse moes die bewaarders maar gedurig waak teen stokkiesdraaiery.

Vir sommige was die diens 'n gulde geleentheid om te smokkel. Alles wat verbode was, is daar van die een na die ander oorgedra. Stukkies koerant, seep, inligting en veral tabak het onder die diens van eienaar verwissel. Dit was 'n lus om te sien hoe knaphandig dit alles gedoen is. Tabak het 'n baie vername rol in die gevangenis gespeel. Dit het die plek van geld ingeneem. In alle handelstranksaksies of weddenskappe was tabak die betaalmiddel. En waar rokers alleen beperkte rantsoene ontvang het en die geleentheid vir rook, veral vir hulle wat in die strafklas was, maar baie skraal was, kan dit lig begryp word hoe daar planne gemaak is om tabak en vuurklippies in die hande te kry. Die rokers het dit baie swaar gehad.

Ander het na die kerk gegaan omdat dit die verbeelding geprikkel het en hulle laat terug verlang het na die tye van vryheid. Dit was vir hulle 'n oomblik van ontvlugting van die ellendige lewe. Die kerk het herinner aan die jeug, wat verlore is, of aan dierbares met wie hulle saam kerk toe gegaan het. Die hele samekoms met sy sang en gebed en verkondiging van die Woord het hulle weer laat inleef in situasies wat 'n welkome verandering op die saaie lewe van die gevangenis was.

Daar was egter ook diegene wat uit diepgevoelde behoefte die diens bygewoon het. Daar in die gevangenis het daar tog mense tot waaragtige bekering gekom. Onwillekeurig dink mens aan die een persoon wat daar in die dodesel tot waaragtige berou en sondebesef gekom het en daarna met vaste voete op die weg van heiligmaking gewandel het. Hierdie persoon het ook een nag in die hospitaal van die gevangenis die woord van die lewe aan 'n sterwende ou gewoontemisdadiger gebring. Wat het die troos uit die Woord van God nie beteken vir hom wat eensaam, deur familie en bloedverwante vergeet en verstoot, gesterf het nie. Vir baie was die diens 'n lewensverkwikking. Ongetwyfeld het baie na die heiligheid van lewe, waarvan die Woord van God spreek, verlang.

Onder die politieke gevangenes was daar diegene wat onverskillig was en wat nie graag die diens bygewoon het nie. Buite het hulle nie kerk toe gegaan nie, en hier het hulle alleen gegaan omdat hulle verplig was om te gaan. Dit was egter die klein minderheid. Die ander het graag die dienste bygewoon. Ook vir hulle was dit egter meer as erediens. Hulle het dit ook verwelkom as geleentheid om die kamerade te sien, nuus te hoor en iets te kry van wat daar mee te deel was. Dit was veral die geval as hulle pas in die gevangenis gekom het. Later het hulle ook die verskillende kanale vir smokkel en kontak ontdek. Vir baie was die erediens ook suiwer diens van God. Vir die meeste was die diens 'n heerlike herinnering aan die aangename oomblikke saam met die familie.

Dit was baie interessant om die houding van die gewone gevangenes, afgesien van die gaan na die kerk, teenoor die godsdiens as sodanig na te gaan. Die gevangenes is nie vatbaarder vir die invloed van die evangelie as mense buite nie. Hulle is oor die algemeen baie geslote en gee hulle nie maklik aan 'n buitestaander nie. Veral kom hulle heel moeilik tot enige belydenis van sonde. Hulle sal roem in hulle kwaad of teen hul eie beterwete sweer dat hulle onskuldig is of stug weier om oor hulself iets te sê: maar eerlike en openhartige belydenis van skuld vind jy selde.

Vir baie is godsdiens die toppunt van valsheid en skyn. Dit is veral die houding van die anti-sosiale element. Hulle het met die samelewing meer as eens gebots en staan steeds gekant teen die geordende maatskappy. Hulle is teleurgesteld en verbitterd. Hulle het die lewe veral van sy teleurstellende kant

gesien. Vir hulle wat meer as eens lelike ondervindinge opgeloop het, is alle mense maar sleg. In hulle denke is daar net twee klasse mense: die wat sleg is en hulle so openbaar, en die wat sleg is maar voorgee dat hulle dit nie is nie. Godsdiens is dan ook vir hulle enkel 'n uitnemende middel vir laasgenoemdes om hulle beter voor te stel as hulle is. Hulle is dan ook verhard, en godsdiens maak nie die minste indruk op hulle nie

Ander het van die godsdiens af weggeskram omdat dit hulle seermaak. Die Woord van God met sy hoë eise vir die lewe en sy roep tot bekering maak hulle ongelukkig. Dis asof hulle besef wat die lewe vir hulle kon gewees het. Die godsdiens herinner hulle daaraan dat hulle hul lewe verbrou het. Hulle voel dit dan aan asof die godsdiens 'n kritiek op hulle lewe is; en van kritiek het hulle 'n grondige afkeer. Van hulself en van andere het hulle dan ook al so baie gehoor dat hulle sleg is en vir die familie tot 'n skande, dat hulle erg gevoelig is vir kritiek. Dis niks minder as krap in rou wonde nie. Om die rede wil sommige niks met die godsdiens te doen hê nie.

Vir baie is die godsdiens maar net een van die dinge wat hulle saam met so baie ander dinge verloor het. Hulle familie, hulle naam, hulle status, hulle werk en toekoms het hulle verloor en daarmee saam ook hulle geloof. Hulle bekommer hulle ook nie daaroor nie. Vir hulle is dit onherroepelik verlore. Hulle is dan ook heeltemal onverskillig en koud. Soos hulle in ander opsigte verhard het en hul met die lewe van 'n misdadiger versoen het, so het hulle hul ook skrap gestel teen alle godsdiens. Sonder enige gewetensbeswaar sal hulle dan ook 'n blaai uit 'n Bybel skeur en 'n sigaret daarmee draai. Godsdiens is nou maar net een van die bande wat hulle verbreek het. Soms mag hulle met 'n tikkie weemoed aan die verlore dinge dink, maar meestal is hulle tevrede met hul lot en het hulle hul heeltemal oorgegee.

Daar is ook die tipe wat die godsdiens gebruik soos alle ander dinge gebruik word, nl. om ander daarmee om die tuin te lei. Godsdiens is vir dié klas net 'n dekmantel. Deur hul godsdienstigheid wil hulle ander onder die indruk bring dat hulle nie so sleg is nie. Sommige het lang briewe na mense geskrywe waarin hulle van hul bekering vertel en dat daar 'n brandende begeerte by hulle ontstaan het om die evangelie te gaan verkondig. Een van die slegste bandiete daar het selfs die begeerte gekoester om 'n Roomse priester te word.

Tog is dit 'n feit dat die geloof vir baie 'n steun is. Hulle het nie alleen die begeerte om die Here te dien nie maar leef in die geloof. 'n Mens kon daar ook sien dat die genade van die Here genoeg is. Die een het in die dodesel die roeping en verkiesing met die Here vasgemaak, die ander het as gewoontemisdadiger die heil in Christus deelagtig geword. So was daar tog 'n hele groep wat soos 'n Simson in die gevangenis in gemeenskap met die lewende God geleef het.

Soos te begryp is, het die politieke gevangenes gans anders gereageer as die gewone misdadigers. Daar was by hulle geen

gevoel van minderwaardigheid of skuld nie. Hulle het daar ingekom nie deur slegtigheid nie, maar gedrewe deur die hoogste motiewe en aangevuur deur liefde vir volk en vaderland. Die verskil tussen hulle en die misdadigers was so radikaal dat dit ook in hulle houding teenoor die godsdiens moes uitkom. Die een het daar beland omdat hy teen sy volk gesondig het, die ander omdat hy volgens sy gewete nie teen sy volk wou sondig nie; die een het toegegee aan die laagste, die ander aan die hoogste drange van die lewe; die een het op die loer gelê vir 'n slagoffer, die ander het gesoek na 'n geleentheid om te offer; die een het daar gekom as gevolg van botsing met die gereg, die ander deur sy stryd vir reg; die een kon nie in vryheid leef nie, die ander kon nie sonder vryheid leef nie; die een het 'n misdaad begaan, die ander het volgens sy oortuiging teen die grootste van alle misdade gestry. Daarom kon die politieke gevangenes as gewone mense ook in die gevangenis na die dienste gaan. Oor die dade wat hulle daar gebring het, het hulle nie berou gehad nie. Dit het nie tussen hulle en God gestaan nie. Hulle het dus nie in die versoeking gekom om die godsdiens as dekmantel te misbruik nie. Ook het die Woord van God met sy hoë eise hulle nie ongelukkig gemaak nie maar vir die meeste 'n heerlike steun gebied. Die meeste van hulle het dan ook nie alleen vrede met God gehad nie, maar in die geloof ook berus en na die toekoms gekyk. Vir baie was die geloof in die Albestuur van God en sy voorsienigheid 'n uitnemende steun. Hulle het daardeur sterker gestaan.

Die verskil tussen die politieke en die gewone gevangenes is ook in hul godsdienstige probleme geopenbaar. Die gewone gevangenes het, volgens my aantekening, onder meer oor die volgende probleme lig gesoek: die sonde teen die Heilige Gees, die weg van die saligheid, die gewete en dans. Hulle wat geïnteresseerd was of dit geword het, het met hierdie sake geworstel. Baie was heimelik bang dat hulle al die sonde teen die Heilige Gees gepleeg het. Waarom sommige met die gewete moeilikhede gehad het, is natuurlik duidelik. Waar die meeste gewone gevangenes in die tronk is of deur wyn of deur vroue of deur geld, en in die meeste gevalle deur aldrie saam, is ook die moeilikheid met die dans begryplik. Die politieke gevangenes het ander probleme gehad. In die eerste tyd het baie gevoel dat die kerk in die algemeen en baie leraars in die besonder nie genoeg die nood van die volk in sy verknegting en gevolglike verarming gevoel nie. Die kerk het na hulle sin nie skerp genoeg teen die misstande in verset gekom en vinnig genoeg beweeg nie. Hulle self het so intens oor die dinge gevoel dat hulle radikale en besliste optrede verlang het. Die meeste van die manne was aktiviste, mense van en vir die daad, en hulle het meer dade verwag. Natuurlik het sommige baie bitter teen bepaalde leiers of voorgangers op kerklike gebied gevoel. Dit het dikwels gelei tot harde kritiek en bittere uitlatinge. By enkele het dit selfs die vorm van 'n geloofskrisis aangeneem.

Die meeste was genoeg onderlê om tussen sake en persone te onderskei en het normaal in die diens van God voortgegaan. In die latere tydperk, toe die afloop van dinge duidelik geword het, was die voorsienigheid van God en sy regering vir ons manne die groot probleem. Menige waarom is daar uitgesnik. Waarom het God die gebeure toegelaat? Was hulle gebede dan ydel? Is daar dan geen geregtigheid by God nie? Met hierdie vrae is daar geworstel. Die nageslagte van die boere wat na 1902 en weer na die Rebellie met hierdie vrae geworstel het, is weer in dieselfde krisis gedompel. Hulle het weer in die nag gestaan. Hulle het vorentoe gekyk, maar dit was alles donker. Sommige is tot aan die rand van twyfel gebring. Andere het heel moeilik of in die geheel nie aan die gevaar om sinies te word ontsnap nie. Die meerderheid van die gelowiges het egter berus in die wete dat Gods weë hoër is as ons weë, en dat die meule van God stadig maal. Die lig van die Openbaring het vir hulle die duisternis verdryf. Die meeste van hulle het dan ook weer gewoonweg by die kerk ingeskakel nadat hulle die tronk verlaat het.

Volledigheidshalwe moet dit ten slotte beklemtoon word dat die geestelike bearbeiding in die gevangenis nie alleen meer en gespesialiseerde aandag moet kry nie, maar dit moet heeltemal anders aangelê word. Die hoofklem moet op persoonlike kontak en sielesorg gelê word. Die besoek in die sel is van veel meer betekenis as die diens. Daarvoor sal dit nodig wees dat 'n voltydse persoon aangestel sal word, wat net soos die bewaarders onder die reëls en dissipline staan. Dit sal hom die reg gee om sonder die teenwoordigheid van die bewaarder met die gevangenes te spreek. Hy kan selfs soos in die leër 'n rang hê, hoewel dit nie in die geval wenslik sal wees nie. Die gevangenes is baie geslote, en die bedienaar moet nie met die gereg geassosieer word nie. Hierdie arbeider moet iemand wees wat psigologies geskool is. Hy moet die gevangene kan lei tot belydenis van skuld. Hy moet hom veral kan help om te stry teen die geweldige verontpersoonlikende invloed van die opsluiting. Hy sal vertroue moet inboesem en deur liefde en takt, gelei deur die Gees van God deur Sy Woord, die persoon weer moet opbou. Die getalle regverdig so 'n aanstelling, en die staat se dividende sal wees die voorkoming van die herhaling van die misdaad.

*J. D. Vorster.*

---

## SMOKKELARY

VAN die veelvuldige onwettige dinge wat die mens tot eie-, groeps- of volksvoordeel beoefen, is daar seker nie een wat so gewild soos smokkelary is nie; of dit nou vrede of oorlog is, is die smokkelaar altyd besig om een of ander verbode artikel te smokkel. Hier het ons egter uitsluitlik te doen met

smokkelary gedurende die afgelope oorlogsjare in Suid-Afrika in die kampe en tronke waarin politieke gevangenes en geïnterneerdes betrokke was.


Met die oorlogsverklaring in 1939 was die Ossewabrandwag reeds besig om alle nasionale elemente saam te snoer in 'n magtige eenheid. Die regering was egter van mening dat hierdie beweging vir hom 'n bedreiging was, en honderde lede is opgespoor en sonder meer in kampe en tronke gestop om sodoende die organisasie te ontwrig deur isolasie. Om algehele ontwrigting dus teë te werk, was smokkelary 'n baie doeltreffende middel om vanuit die gevangenisse en kampe die doel van die regering te help verydel.

Dit was egter baie moeilik vir die gevangenes en geïnterneerdes om vanuit die afgesonderde omstandighede met hulle medelede en goedgesindes wat nog op vrye voet verkeer het, in aanraking te kom. Maar mure, deure, hekke en drade is nie een bestand teen die vele vorms van smokkelary wat deur intelligente, denkende gevangenes beoefen word nie.


Ons behandel net enkele gevalle van smokkelary.

Boodskappe van uiters dringende aard, soos byvoorbeeld in die volgende geval, moes dikwels gesmokkel word. Twee offisiere van hoë rang was in twee gevangenisse opgesluit wat ongeveer 500 myl vanmekaar verwyder was. Sekere speurders sê nou aan die offisier wat in gevangenis B opgesluit is dat sy mede-offisier in gevangenis A getuienis teen hom afgelê het om hom sodoende uit te lok om ook getuienis af te lê. Laasgenoemde offisier kom nou op een of ander manier te hore van die verkeerde inligting wat aan offisier B verskaf word. So gou moontlik moet vanuit gevangenis A dus nou 'n boodskap aan die ander offisier gestuur word. Op die volgende manier is nou te werk gegaan.

A werk sy geskrewe boodskap sorgvuldig in die soom van die broek wat hy saam met sy wasgoed wil uitstuur. As vroutjie hom nou weer kom besoek en skoon klere bring, word hierdie boodskap saam uitgeneem. Al wat hy aan haar sê, is: „Kyk in die soom van die broek en sorg dat dit sy bestemming bereik." Dat dit 'n uiters gewaagde onderneming is, sal die leser besef as hy in gedagte hou dat die wasgoed deeglik ondersoek word en dat die besoek in die onmiddellike teenwoordigheid van die bewaarders en speurders plaasvind en dat die twee nog geskei is vanmekaar deur ogiesdraad. Op een tydstip was daar selfs twee sifdraadskerms, drie voet uitmekaar, wat 'n private gesprek nog verder bemoeilik het. In hierdie gevalle is meestal van vingertaal en geheime tekens gebruik gemaak. 'n Ander oulike metode wat ook hier gebruik is om die besoeker se aandag op die verstoke boodskap te vestig, is om in die baadjiesakke van die seuntjie wat toegelaat is om by sy vader te kom, vinnig en natuurlik ongesiens 'n notatjie te plaas. Die vrou is nie toegelaat om naby haar man te kom nie.



*Kode en berig op 'n stuk ouma laken in baadjievoering uit Koffiefontein-Interneringskamp uitgesmokkel*



*Poging tot ontslag. Op 'n stuk ouma-laken getik en in baadjievoering uit Koffiefontein Interneringskamp uitgesmokkel*

Deur die gombandjie van 'n pakkie sigarette los te stoom, die tabak uit een van die sigarette in die boonste laag uit te haal, die boodskappie netjies daarin op te rol en die tabak dan weer terug te plaas, kan die inligting aan die offisier in gevangenis B oorgelewer word. Deur middel van die reedsgenoemde maniere word die gevangene dan van die boodskap in die sigaret in kennis gestel.

'n Ander baie geslaagde metode om die boodskap by die betrokke persoon te kry, is om dit versigtig in die hak van 'n nuwe of versoolde skoen te versteek.

Sodoende is offisier B gelukkig bytyds gewaarsku teen die listige set van sekere speurders en is gevolglik verhoed dat hy hulle moontlik inligting verskaf wat ongetwyfeld sou lei tot die inhegtenisneming van honderde van ons kamerade asook verdere ontwrigting van ons beweging. So het die gevangenes met smokkelary as hulle enigste wapen in hulle haglike omstandighede voortgeveg teen die owerheid wat alle mag in hande gehad het.

Smokkelary is egter nie alleen as teenmiddel teen die ontwrigting van ons beweging gebruik nie, maar ook om ons beperkte en ongerieflike leefwyse in die kampe en tronke te verbeter. Een van die gewaagdste en geslaagdste smokkelkunsies wat seker uitgevoer is, is die geval van die radiotoestel wat in een van die kampe ingesmokkel is. Die radio is nie alleen in die kamp gesmokkel nie maar ook van een kamp na 'n ander gesmokkel tydens 'n massa-oorplasing toe die eerste kamp tot niet gemaak is. Nog merkwaardiger is hierdie prestasie as in ag geneem word dat die radio in sy geheel vervoer is en dat die geïnterneerdes tydens hulle oorplasing tweekeer onderworpe was aan 'n baie noukeurige visentering van hulle persoon sowel as hulle bagasie. Die kakies was bewus van hierdie radio en het alles in hulle vermoë gedoen om hom te ontdek, dog sonder sukses. Die radio het saam met die geïnterneerdes in die nuwe kamp aangekom en die „voëltjie" het weer vryelik oor die doringdrade van die kampe gevlieg. Dit sal verskoon word as hierdie geslaagde onderneming nie in besonderhede bekend gemaak word nie.

Muntstukke is nie in die kampe toegelaat nie miskien sodat amptenare nie daarmee omgekoop of ontsnapte geïnterneerdes daarmee gehelp kon word nie. Maar muntstukke is ook gebruik om borsspelde, wapens en ander artikels te vervaardig. Dit was dus 'n veelgesogte en skaars artikel in die kampe. Japie wou ook graag 'n paar muntstukkies bekom, en vroutjie het die oulike plan uitgedink om in hulle vierjarige Kareltjie se skoentjies en in haar eie skoene 'n paar muntstukke te versteek. Die geld is met die besoek aan Japie oorhandig, en hy het dit in sy woeste bos baard versteek en so die kamp ingedra. Toe hulle onder geleide van die gewapende wag van die hek na die ontvangskamer gestap het, het Kareltjie wel tot die

ontsteltenis van sy Moeder, gevra „Maar Mammie, wat is hier in my skoene wat my so seer maak?" Hy het natuurlik nie onmiddellik 'n antwoord gekry nie, maar die oorsaak van sy ongemak is in die ontvangkamer deur homself ondersoek. Tot die vreugde van sy vader, die verligting van sy moeder en sy eie verbasing, het hy twee yslike halfkrone tevoorskyn gehaal. So het die eenvoudigste smokkelinsidentjie sy oomblikke van spanning. Ontdekking van hierdie muntstukke sou kansellering van alle verdere besoeke ten gevolge gehad het.

Die sykante van houtkaste waarin allerlei toelaatbare goedere uit of in die kampe gestuur is, is dikwels netjies uitgehol en verbode artikels daarin versteek. Vyltjies, ystersae, radiodele, geïnsuleerde elektriese drade en ander artikels het dikwels langs hierdie weg in die kampe beland. Op dieselfde wyse is artikels soos borswapentjies, silwerware en geheime dokumente uitgesmokkel.

Ons kampe was van die Duitse en Italiaanse kampe deur slegs 'n nou gang geskei en dan natuurlik die dubbele doringdrade aan albei kante. Selfs tussen hierdie kampe wat mense van verskillende nasionaliteite bevat het, is artikels gesmokkel. Planke of ander houtvoorwerpe en dosies sigarette is eenvoudig oor die drade gegooi wanneer die wag op sy verste van die bepaalde punt verwyder is. Op dieselfde wyse is nuus—die „voëltjie"—van een kamp na die ander versprei. Hieroor meer in die artikel „Ons Buurkampe."

Ook mag nog bygevoeg word dat baie berigte uitgesmokkel is deur dit op boordjievoerings te tik en die voering weer in die boordjies in te werk.

Interne smokkelary in die tronke was ook aan die orde van die dag. Hier was kontrole baie strenger as in die kampe, en die gevangenes is tweekeer daagliks aan 'n deeglike persoonlike ondersoek na etenstye of oefentye onderworpe. In die selle was rook verbode, en alle maatreëls is getref om te verhoed dat rookgoedjies daarheen geneem word. Maar om van vieruur in die middag tot die volgende dag nege-uur sonder sigarette in 'n sel opgesluit te lê, is vir 'n gereelde roker 'n toestand wat nie goedsmoeds verduur kon word nie en gevolglik verander moet word. Kragte is saamgespan en 'n paar kêrels is aangesê om die smokkelwerk te verrig. Die metodes wat hulle gevolg het om sigarette in die selle te kry, is om 'n steen seep netjies in die middel deur te sny, die twee stukke dan uit te hol, die sigarette en vuurhoutjies in papier toe te draai, dit in die holte te versteek en dan die twee stukke weer presies aanmekaar te voeg. So is ook te werk gegaan met „katkoppe", 'n taamlik groot soort beskuit wat aan die gevangenes gedurende die etenstye gegee is. Baie het die voerings van hulle jasse losgetorring en die sigarette daarin weggesteek. Aangesien jasse gewoonlik dik opgestop is, kon die sigarette nie maklik gevoel word wanneer ons ondersoek word nie. Kêrels met lang digte

baarde het hierdie groeisels nogal nuttig gevind om hulle rookgoedjies in te versteek. Skoene was nie 'n baie gewilde vervoermiddel nie, die rede . . .

In die selle gekom, moes hulle die sigarette weer versprei. Dit is gedoen deur middel van 'n lang lyn met 'n houtlepel aan die een ent en 'n soort slee aan die ander ent vasgebind. Hierdie metode was bekend as die „skip". Die staalselle in elke gang was reg teenoor mekaar met ongeveer 'n duim opening onder elke deur. Die houtlepel word nou van een sel na die ander deur hierdie opening geskiet. Dan word die slee met die sigarette agterna getrek en so neem elke burger sy rantsoen. Ontdekking het dikwels eensame opsluiting met ryswater as die enige voedsel vir drie of meer dae beteken.

Die lewensbelangrike rol wat smokkelary egter in 1942 met die hoogverraadsaak gespeel het, is seker min bekend en nog nooit in ons geskiedenis oortref nie.

Agt-en-vyftig jong manne is van hoogverraad aangekla. Dit is 'n baie ernstige klag, want skuldigbevinding kan die doodstraf beteken. Die kroon het dan ook twee getuies nodig wat mekaar se getuienis op elke klag van hoogverraad onder eed bevestig. Die hoofgetuie, A, het reeds sy verklaring in die hof afgelê, maar die tweede getuie, B, moes dit nog doen. B was nog besig om 'n vonnis van twee jaar hardepad op 'n politieke klag uit te dien. Hy is na die Fort in Johannesburg oorgeplaas, waar die jongmanne hulle ook bevind het. Hy is egter afsonderlik en onder streng bewaking geplaas. Hy was ook baie sieklik in die tronk, en onder onware voorwendsels het sekere speurders hom oorreed om 'n verklaring teen sy kamerade te maak. As hy die ware feite weet, voel ons, sou hy weier om te getuig. 'n Sorgvuldige verduideliking is opgestel en in 'n vulpen, wat 'n vriend kamtig moes laat herstel, uitgesmokkel. B was 'n uiters belangrike getuie, en hy is toegelaat om van vriende kos te ontvang. Ons vriend het gesorg dat B die boodskap en sy kos ontvang. Die vulpen het teruggekom met B se versekering dat hy in die hof sou weier om te getuig. Die poging was uiters gewaagd, en om met kroongetuies te peuter is baie gevaarlik. Dog die doodstraf het soos 'n swart skaduwee oor ons gehang, en ons het alles in die stryd gewerp.

Maar sou B regtig weier? Sou sy moed hom nie begewe wanneer hy in die hof verskyn nie. So het honderde vrae deur ons gedagtes geflits. Net vier van ons het van die onderhandelinge geweet, en ons het in 'n verskriklike spanning verkeer. Eindelik het die dag wat B in die getuiebank sou verskyn, aangebreek. Nog 'n paar oomblikke, en ons sou weet of ons smokkelary geslaag het.

Daar het 'n uittartende stilte op die hof toegesak en met B se binnekoms in die hof kon mens 'n speld hoor val. Die hele sukses van ons onderneming hang net van twee woordjies „Ek weier" van B af. Die gewone formaliteite is afgehandel,

en die magistraat vra die getuie of hy bereid is om 'n verklaring onder eed af te lê. Die agt-en-vyftig jong manne se oë is op die man in die getuiebank gevestig, en die spanning het nou sy hoogtepunt bereik. In B se binneste woed 'n verskriklike stryd, die pêrels sweet op sy voorhoof is duidelik merkbaar. Hy draai sy oë eenkeer in die rigting van sy kamerade en sy vroutjie onder die gehoor. In die doodse stilte van die hof weerklink sy stem helder en sterk: „EK WEIER".

Dis al.

*J. Trichardt.*

---

## ONTSNAPPINGS UIT TRANSVAALSE TRONKE

TUSSEN die jare 1941 en 1943 was daar vyf ontsnappings, waaronder twee mislukkings was maar desnietemin hier verhaal word.

Hierdie vyf gebeurtenisse word in chronologiese volgorde behandel en is telkens aangepak en deurgevoer met 'n oënskynlike doodsveragting wat die stempel gedra het van die spanningsvolle tye waarin dit plaasgevind het, tesame met die onvermurfbare geestesdrang na 'n onafhanklike republiek wat, Gode sy dank, nog sterk in die are van die Boer pols.

### 1. Johannes van der Walt se ontsnapping (1941)

Op 17 Desember 1941 word Johannes van der Walt (toe swaargewigstoeikampioen van Suid-Afrika) onder die „noodregulasies" gearresteer en te Marshallplein aangehou.

'n Week later, t.w. op 24 Desember, ontsnap hy ewe maklik uit sy sel.

### 2. Eerste gesamentlike poging tot ontsnapping (1942)

Dit is op 'n Saterdagmiddag gedurende Junie 1942 dat Rokebrand, I. L. Ferreira, T. Ferreira, Hans Masser, Daan Strydom, Julian Visser en Hendrik van Blerk 'n mislukte poging tot ontsnapping uit die Fort aanwend. Daar is gebruik gemaak van 'n pistool van indrukwekkende formaat om twee bewaarders onder die indruk te bring dat die saak vir die sewe noodregulasiemanne erns is. Die modus operandi is die beproefde toestopping van die monde van die bewaarders en vasbinding van hulle hande en voete. Elke bewaarder word afsonderlik in 'n sel toegesluit.

Ses van die genoemde manne bevind hulle op die eerste verdieping van die Fort te Johannesburg en is dus reeds buite hulle selle. I. Ferreira (Vale), gewapen met die pistool, haas hom na die grondvloer om Hans Masser, wie se sel alreeds toegesluit is, vry te stel. Hier vind 'n fatale vertraging met die oopsluiting van sy seldeur plaas en bied net daardie paar deurslaggewende minute aan een van die bewaarders om homself

sodanig los te wikkel dat hy sy fluitjie kon bereik om alarm te maak.

Bewaarders en gewapende wagte storm uit alle oorde op die sewe manne af met die latere gevolge: 21 dae eensame opsluiting in kettings; vier manne kry elk vier maande hardepad, terwyl twee ses maande elk opgelê word tesame met ses houe met die rotting. Een is onskuldig, en S. J. Visser (broer van Julian) word veertien dae in die polisieselle te Marshallplein aangehou onder verdenking van die insmokkeling van die pistool in 'n matras.

### 3. Die tweede geslaagde ontsnapping (1942)

Op 11 Augustus 1942 word Danie Theron, Piet Steynberg, Danie Malan en Wessel Cronje gearresteer onder suspisie van 'n beweerde bommakery en beland oudergewoonte in die selle te Marshallplein, Johannesburg.

Hier, op die eerste verdieping, bevind die vier hulle in die geselskap van talle O.B.-kêrels wat, volgens een en ander van die legio noodregulasies, kwansuis as „hoogverraaiers" aangekla staan te word.

Na kameraadskaplike oorweging besluit Wessel Cronje, Danie Theron en Piet Steynberg om in die nag uit hulle gemeenskaplike sel te ontsnap. Onder die voorwendsel dat hulle drie wil studeer, word verlof aan hulle toegestaan om alleen in die bepaalde sel te vertoef tesame met twee verdere kamerade, wat egter nie aan die ontsnapping sal meedoen nie.

Na ernstige beplanning word daar besluit om 'n gat deur die selmuur te grawe wat tot 'n binneplaas sal lei. Jasse word reg onder die enigste selvenster opgehang sodat dit die gat gedurig sal bedek teen nuuskierige oppassers-oë wanneer laasgenoemde telkens deur die loergaatjie in die deur verkennings doen. Een persoon moet plat op sy maag op die selvloer lê, met die ore wawyd oop om naderende voetstappe of sleutelgeklingel waar te neem. So gesê, so gedaan . . . maar die muur is dik en hard. Uiteindelik word 'n stoofyster en 'n tafelmes van die tronk-personeel „geleen" (soms ook „vasgelê" of „georganiseer" genoem), en sodoende word die sementpleister en daarna die een baksteen na die ander verwyder.

Hierdie grawery gaan oënskynlik met joligheid gepaard, want om die geraas van die grawery te demp word daar liedjies gesing of gefluit. Hierdie spanningsvolle ure en dae, gepaard met bloedblare in die hande veroorsaak deur die primitiewe delwingsimplemente, word kloekmoedig verduur sodat, na sewe dae verloop het, vryheid in sig was. Die finale deurgrawing word gelaat vir die nag van ontsnapping.

Dis Maandagmôre 2-uur, die voorafbestelde motor staan buite en wag. Die finale deurgrawing neem egter te veel tyd in beslag en die ontsnapping word tot die Dinsdagmôre uitgestel.

Maandagaand word die deurgrawing finaal voltooi, 'n brief word agtergelaat waarin die owerhede meegedeel word

dat die agterblywende selbewoners geen aandeel aan die ontsnapping het nie. Ongeveer halfeen Dinsdagmôre, op 29 September 1942, kruip die driemanskap deur die gat, wag ongeveer vyf minute dat die twee wagte onder in Sauerstraat padgee, spring toe aldrie gelyktydig van hierdie eerste verdieping af tot in die straat daaronder en laat spaander. Vanweë die vertraging van een dag, is daar geen motor om hulle te vervoer nie en maak hulle dus maar gebruik van 'n huurmotor om hulle weg te neem na .... die genadige, uitgestrekte vlaktes en heuwels van hul geliefde vaderland en na vryheid.

**4. Vyftien S.J.'s span die kroon (1943)**

„Massa-ontsnapping — sover bekend, deur die grootste aantal persone wat nog ooit gelyktydig uit 'n gevangenis in die Unie ontsnap het — het vanoggend om twee-uur uit die Johannesburgse Fort plaasgevind toe vyftien jongmanne, wat reeds geruime tyd kragtens die noodregulasies aangehou word, hulle weg op geheimsinnige wyse na buite gebaan het" (**Die Vaderland**, Donderdag, 10 Junie 1943).

Agter hierdie koerantaankondiging skuil voorwaar 'n dramatiese gebeure wat in geregverdigde reaksie, in fyn-berekende beplanning, in onderlinge getrouheid en in onverskrokke en doelbewuste handeling enig van sy soort is.

Nadat daar van die jongmanne reeds vyf maande lank sonder 'n formele aanklag of verhoor in die Fort aangehou is, is daar op 5 Mei 1943 die volgende eise skriftelik aan die owerhede gestel:

„Dit het vantevore gebeur dat Afrikaners vir etlike maande in die gevangenis opgesluit gesit het, sonder aangekla of verhoor te word. Soos uself weet, moes daar oorgegaan word tot hongerstakings voordat reg en geregtigheid geskied het.

„In ons beskeie opinie is daar geen rede of redes waarom ons nie reeds aangekla of losgelaat is nie. Om verdere hongerstakings en skandvlekke op die gereg van die Unie te voorkom, wens ons dat u asseblief sal toesien dat daar voldoen word aan:

(1) Dat ons aangekla of losgelaat sal word op of voor 20 Mei 1943.

(2) Indien ons aangekla word, dat ons geleentheid sal kry om voor of op 5 Junie 1943 ons onskuld te bewys in 'n geregshof.

(3) Dat ons tegelyk met ons klagskrifte ook ons dagvaarding sal kry indien daar enige rede is om ons aan te kla.

(4) Dat ons toegelaat sal word om ons prokureurs te spreek binne twee dae na ons aangekla en ons ons dagvaarding ontvang het.

(5) Dat nie net 'n gedeelte van ondergetekendes bevredig word nie, maar dat reg en geregtigheid in een en almal se geval sal geskied."

Hierdie geskrif is o.a. deur die volgende betrokke Stormjaers onderteken: C. F. Kriel, J. D. Hay, J. S. du Plessis, A. J. Venter, J. R. van der Walt, Barnie Basson, G. L. P. Kruger, J. A. Boshoff, J. C. Kruger, F. J. van Niekerk, D. Theron, D. J. Kotze, J. L. Steynberg, Wentzel (Koeties).

Om die opregte erns van hulle eise te steun, besluit hierdie manne op 'n hongerstaking. Dit word egter op 31 Mei afgelas, aangesien daar toe reeds in beginsel op 'n ontsnapping besluit is, gepaard met 'n verdere eis dat die owerhede sal reageer op die eise van 5 Mei.

Aangesien hierdie verdere eis geen reaksie van owerheidsweë uitlok nie, word die datum van die ontsnapping op 5 Junie vasgestel. Hierdie voorgenome ontsnapping loop egter mis, daar die nagbewaarders nie op die bestemde tyd gedurende die vroeë môre-ure hulle ronde doen nie. Die volgende dag, 6 Junie, kom die antwoord van die owerhede waarin lg. alle eise op 'n aanklag of verhoor verwerp. Hierdie verkragting van die elementêrste regsbeginsels word verder geaksentueer deur 'n daaropvolgende noodregulasie wat die dreigement van verbanning inhou indien iemand skuldig bevind word van opsweping binne 'n gevangenis. Hierdie verdere inbreuk op die jurisdiksie van die howe deur middel van 'n regulasie dien slegs tot groter aansporing om 'n ontsnapping deur te voer, ten spyte van 'n waarskuwing van „Owerste" dat, volgens inligting waaroor hy beskik, dit onmoontlik is om uit die Fort te ontsnap.

Die finale ontsnappingsdatum word op Donderdagmôre vroeg vasgestel, en vanaf Maandag, 7 Junie, word reeds stille voorbereidingswerk gedoen. Daar word o.a. telkens gedink aan 'n versteekte pistool wat reeds sedert Aprilmaand sy verskyning baie geheimsinnig binne die Fort gemaak het en daagliks, binne 'n skeersak van een van die manne, onwetend deur die gevangenisowerhede gereeld oornag toegesluit is!

Woensdag, 9 Junie, word die pistool uit die skeersak gehaal tydens die daaglikse ontspanning wat in 'n ommuurde binneplein plaasvind. Die insmokkeling van hierdie enige vuurwapen na die selle word met 'n bewonderenswaardige kalmte deurgevoer. Telkens wanneer die manne gedurende die dag moet aantree vir deursoeking voordat hulle vir die nag bo, op die eerste verdieping, in die selle toegesluit word, moet die hande omhoog gehou word; en dit is dán wanneer die pistool daarbo in die lug van eienaar verwissel terwyl die bewaarder afbuk om die een man se broekspype nougeset te betas.

Al vyftien van die aspirant-ontsnappers bevind hulle op die eerste verdieping van die Fort, waar hulle snags in staaldraadhokke toegesluit word. Elkeen van dié hokke, of selle, is verder van 'n staaldraaddak voorsien. Sommige hokke is egter nie van een enkele gevlegte draaddak voorsien nie maar is deur twee afsonderlike draadbane, wat met draad aanmekaar geryg is,

oordek. Hierdie rygdraad word deur swartgesmeerde lemoensakvesels vervang en word Woensdagnag om kwart voor twaalf weer verwyder en sewe van die manne bevind hulle eerlang buite hul selle. Om 1.20 vm., op Donderdagmôre, verskyn die hoofbewaarder tesame met nog 'n bewaarder by die traliehek (nr. 1 sal ons dit noem), sluit dit oop en voordat een van hulle die ligte kon aanskakel, word komberse oor hulle koppe gegooi, die monde met nuwe (sic!) „Pyramid"-sakdoeke toegestop en hande en bene agter die rug vasgebind met koorde, wat vir hierdie doel reeds vroeër die nag uit die manne se slaapbroeke getrek is.

Die bewaarders word hulle sleutels ontneem, en in sy oorhaas om die bewaarder se pistool te bekom, pluk Danie Hay dit met band en al van die bewaarder af. Barnie is intussen baie bedrywig met die ontsluiting van die ander seldeure. Danie hou wag in bg. hek nr. 1. Steynberg trek die bewaarder se jas aan en sit ook sy helmet op. Albei bewaarders word nou in 'n sel geplaas. Jannie Kruger is besorg oor die welstand van die een bewaarder wat alreeds nie meer te jonk is nie en sleep dus 'n matrassie nader en gooi dit bó-oor die „oubaas!"

Versigtig haas die vyftien nou na die grondvloer, ontsluit tronkhek nr. 2; toe nog 'n verdere staaldeur (nr. 3). Hiervandaan beweeg Steynberg na hek nr. 4, wat 'n loerluik in het. Hier moet hy, soos vooraf gereël, sy kop deursteek en die bewaarder, wat agter hek nr. 5 waghou en ook die sleutel van hek nr. 6 by hom het, roep om koffie te kom drink. Sy stem laat hom helaas in die steek. Kotze trek nou die jas aan en sit die helmet op, steek sy kop deur die luik en o wee! dit is aan hom nie bekend wat hy moet sê nie en ten einde raad lig hy die bewaarder in dat daar vir hom 'n telefoonoproep is. Die bewaarder gehoorsaam, maar kom weer terug en vra vir Kotze om hom deur te skakel aangesien dit blykbaar nie die geval met die oproep is nie.

'n Onheilspellende stilte volg ....

Die bewaarder merk onraad.

Hy blaas sy fluitjie en skree met 'n stem wat buite verhouding rou en wreed klink in hierdie vroeë môre-uur.


Nou gee dit 'n onbeheerste stormloop af. Die manne spat uitmekaar, storm dwarsweg tussen die hoë tronkmure en die bykans dertig-voet-hoë, skuins grondwal, wat deel van die Fort se afsondering uitmaak, deur en klouter soos wafferse adoonse teen die wal uit. Die ses-voet-hoë doringdraadversperring bo-op die wal word summier platgeloop.

Naturellebewaarders, wat bo-op hierdie wal patrolleer, slaan met luidrugtige uitroepe van Jô-Jô! ysterkloue in die grond.

'n Laaste draadversperring buite, aan die voet van die wal, word eweneens platgeloop,en die manne bevind hulle in die teerstraat, bykans in die hartjie van Johannesburg. Dit is nou 1.45 vm.



*Baviaanspoort*
*(Met hierdie tekening op poskaarte het gevangenes aan familie en vriende die geheim geopenbaar waarheen hulle verhuis)*




*Wapen van Interneringskampe*

Om die manne nou verder aan te moedig word hulle onder die lood gesteek deur verskeie wagte wat hier buite die wag hou. 'n Laaste koeël klap tussen Barnie en Jannie op die sypaadjie, en met die woorde: „Nog net 'n paar tree dan is ons om die hoek," word hierdie ontsnapping afgerond, om sodoende nog 'n episode van Afrikanerdurf toe te voeg tot die kleurrykheid van ons bewoë volksgeskiedenis.

**5. 'n Laaste poging (1943)**

'n Laaste poging tot ontsnapping uit 'n Transvaalse gevangenis wat vermelding verdien, is die poging van J. A. van Zyl en J. H. L. Claassens.

Omstreeks 1943 grawe hierdie twee manne eerstens 'n gat deur die muur tussen hulle twee selle in die Sentrale Gevangenis, Pretoria, en was besig aan 'n tweede gat deur 'n agtienduimsmuur toe hulle in die nag betrap is. Soos in 'n ander bogenoemde geval loop hierdie mislukte poging uit op kettings, weke se eensame opsluiting en skraal-diëet wat — om dit nie te eentonig te laat word nie — met ryswaterdiëte afgewissel word.

Saamgestel deur *J. D. Visser* in medewerking
met *Barnie Basson* en *Wessel Cronjé.*

---

## EK, VLUGTELING

EK kan nie meer goed onthou wanneer ek lid van die O.B. geword het nie, maar ek weet net dit was heel in die begin. Dit was na die Eeufees. Een groot vuur het in my gebrand, ek wou my volk vry sien, los van die bande van die veroweraar. Die aflê van die eed was vir my 'n heilige erns. Ek het my voorgeneem om terwille van die ideaal trou te bly en onvoorwaardelik my dienste te lewer. Min het ek geweet wat die gevolge van hierdie erns sou wees. En tog, hoeveel armer sou my siel nie gewees het as ek die gevolge nie beleef het nie. Ek het my eie volk leer ken. Ek het hulle leer ken nie by die groot feeste nie, ook nie in groot vermaaklikheidsplekke nie, maar in hulle huise, in die veld, op die paaie voortvlugtend en in gevaar. Die edele moeders onselfsugtig, die vaders sterk en beskermend. Die dapper seuns. My troue kamerade en ONS LEIER en VRIEND, die K.G.

In 79 huise het ek geslaap, en aan 211 tafels my etes genuttig. Duisende myle het ek afgereis. Min het ek honger gehad, selde was ek dakloos en steeds het ek geweet vriende staan vir my en wag. 'n Wonderlike organisasie was dit. Ek, vreemdeling, het dwarsoor Transvaal steeds gasvryheid in arme of ryke se huis ontvang. En baie kere wanneer ek nog onbewus van gevaar was kom daar onverwags 'n vreemde vriend of

vriendin om my te vervoer na veiliger skuiling om weer daar met dieselfde hartlikheid verwelkom te word.

Ek het jukskeigooier geword en toe S.J., want aan die front wou ek wees. By geleentheid van protesvergaderings teen die oorlogsbeleid van die nuwe regering het ons nasionale parlementslede ons verder aangespoor teen die oorlogspoging, en onder die invloed van hulle welsprekendheid het ek heimlik telkens by myself gesweer om steeds met woord en daad teen die oorlog te protesteer.

Die eerste sabotasiedade is gepleeg; slag op slag is met sukses gelewer. Verwarring na verwarring in kragtoevoer en kommunikasies is geskep.

Die organisasie het begin koers kry namate daar vordering was. Dit is onderverdeel in afdelings (departemente). Daardie tyd is geen tweeduimpype met rus gelaat nie. Die paaltjies by stopstrate en die dun telefoonpaaltjies van die plaaslyne was vername bronne.

Honderde en honderde handgemaakte granate is geproduseer. Die werkplek word verskuif na 'n digte bos op Leeufontein naby Kendal. Die plek word ontdek, navrae lei tot arrestasies, ander arrestasies volg, en ook ek word gearresteer op 11 Augustus 1942 om 6.55 nm., en dit deur nie minder as 'n groep van nege geregsdienaars nie. Toe moes ek kennis maak met die lot wat reeds so baie van my makkers sedert Desember 1941 te beurt geval het. Eers was ek alleen opgesluit in 'n polisiesel te Benoni. Later het Piet en Wessel bygekom. Sonder matjie of matras, slegs met 'n luisbesmette kombers moes ons van Dinsdag tot Donderdagnamiddag in hierdie kaffersel deurbring. In die tyd is ons nooit daaruit gelaat nie. Die enigste gerief tot ons beskikking was 'n emmer sonder deksel wat die sel ingestoot is.

Vanaf 13 Augustus tot middel September is ons saam met baie ander wat gekom en gegaan het, te Marshallplein in sel nommer 34 opgesluit. Nooit is ons aangekla nie. Toe het ons aan die minister geskryf en ons beroep op ons reg om verhoor te word. Omdat daar geen antwoord gekom het nie en omdat ons tot datum niks verneem het van die klag teen ons nie, het ons maar besluit om, oudergewoonte, verder stil te bly en net te handel. Buite is die verset teen die oorlogspoging steeds aan die gang en hierbinne verroes weerbare manne. Ons moet hier uit, so word besluit.

Boy, Piet en ek probeer die slot uit 'n deur kerf. Maar die tyd ontbreek, en ons sien daarvan af. Toe word Boy aangekla en met £40 beboet omdat hy die nuwe Duitse rewolwer in sy besit nie kon verklaar nie. Nog 'n poging deur Wessel, Piet en my moes weens tydgebrek laat vaar word. Nou besluit ons egter op 'n tydsamer maar sekerder plan. Ons moet 'n gat deur die muur maak.

Ek buit 'n stoofyster en smokkel dit die sel in. Ons hang ons jaste net onderkant die venster regoor die plek waar ons die gat wil maak. Terwyl Piet tonnel, hou Wessel die jasse uit die pad en ek staan wag by die loergaatjie van die deur. Met my ore gespits tot die uiterste kon ek bepaal wanneer die deur onder oopgesluit word en of die wag na ons verdieping toe kom. Teen die blink muur kon sy beweging in ons rigting dof waargeneem word. Dan gee ek die teken, Piet staak sy werk en Wessel laat die jasse terugval. Binne-in die sel is alles dan rustig en normaal, maar agter die ribbes slaan elke hart sy harde slae. Trems en ander swaar voertuie, sowel as rumoerende besope prisoniers help baie om die stampslae van die stoofyster onhoorbaar te maak. Ons laat weet aan die vriende buite dat hulle gereed moet wees om ons Sondagnag te kry. Ons het die taak onderskat, want Sondagnag het vriende tevergeefs „enjin-moeilikheid" regoor die tronk gehad; maar ook ons geluk dat die gat nie kon deurkom nie, want later het dieselfde vriende ons vertel van talle wagte wat die aand op ons afspringplek gestaan het. Eers Maandagnag om 8-uur was die opening gereed. Maar ons moes geduldig wag tot 1.50 vm. tot die wag eers sy ronde gedoen het. Elkeen het sy pakkie met die belangrikste artikels sorgvuldig toegedraai. Die tasse moes ons laat, want daar was die losgrond in. Met baarde afgeskeer en genoeg klere aan ons lyf glip een na die ander, 15 minute na die wag verby is, deur die gat van 11 dm. x 23 dm. Op 'n hoekyster onderkant die venster gaan ons van venster tot venster, totdat ons op die muur te lande kom. Op hierdie muur beweeg ons versigtig voortwaarts. Juis op hierdie oomblik maak 'n speurder reg oorkant 'n deur oop en staar in ons rigting. Ons val plat op die muur en roer nie. Na 'n paar oomblikke, wat soos ure gevoel het, draai hy om en maak die deur agter hom toe. Nou vinnig speel. Soos ons verder op die hoë muur voortbeweeg, kom ons nader aan die plek waar dit nie meer so hoog is nie en ons die sprong kan waag. Maar hier onder ons staan twee wagte. Eindelik draai hulle weg van mekaar en verdwyn elkeen om 'n hoek. Nou kan ons nie langer talm nie, en ons spring. Die maats land veilig, maar ek moes met die spring wegdraai vir Wessel en beseer albei my voete. Stadig stap ons verder die stad in, eers by die St. Mary-katedraal gooi ek die stoofyster weg. Ons huur 'n huurmotor na Brakpan, waar Wessel woon. Hy klop hard aan die venster en roep saggies na sy vrou. Sonder om te aarsel maak sy die deur oop. In haar uitbundige blydskap vergeet sy egter nie om die heerlikste koffie vir ons in te skink nie. Sy sê aan ons dat sy altyd oortuig was dat ons sou ontsnap. Hier kon ons egter nie langer vertoef nie.

Nou het ons 'n nuwe lewe begin, die lewe van 'n vlugteling. Hiervandaan is ons afhanklik van ons vervoerdienste en veral van ons informasie-afdeling maar, nie die minste nie, van ons toevlugsoorde. Hiervandaan word vervoer en verblyf gereël

deur persone wat jy miskien nooit eers sien nie. En terwyl ons spore maak, gaan die jong vroutjie van Wessel onskuldig by speurderhoofkwartier verlof vra om haar man in die tronk te besoek. Die woede wat hulle die môre op haar kwytgeraak het, kon haar nie tref nie; want in haar siel het sy hulle uitgelag met die wete dat sy, en nie hulle nie, weet waar haar man is.

Piet en ek is na Pretoria. Hier is ek ontvang soos 'n prins en is my voet verpleeg.

Dit was 10 Oktober 1942. Op 'n staatsgebou die vroeë môre in die stad van Paul Kruger het 'n vierkleur fier en hoog gewapper. Hoe dit daar gekom het, was die môre vir die kakies 'n raaisel. Dit was ook nie die enigste vierkleur wat daardie môre oor hierdie land gewaai het nie, en dit was ook nie die enigste raaiselagtige daad wat gepleeg is nie. As ek dink aan hierdie manne wat ek toe nog bedrywig gevind het, vol lewe, lus en durf, wat daarop uit was om die regering te tart deur sy oorlogspoging te dwarsboom, hierdie jongmanne wat met die daad geprotesteer het, lank na die eggo's van lawaaiende protesvergaderings verby was; hierdie jongmanne wat nie geskroom het om plofstowwe te gebruik nie selfs lank nadat die Noodregulasie die doodstraf op dergelike dade van toepassing gemaak het, ja, selfs nadat Visser en Van Blerk ter dood veroordeel is — as ek dink aan hierdie dapperes, dan voel ek bly dat ek ook 'n lid is van hierdie volk, wat in sy verset in tye van gevaar nie verlam geraak en bang geword het nie. En met dankbaarheid dink ek ook aan die onverskrokkenes wat ons steeds met ope arms ontvang, versorg, beskerm en gehelp het, en dit ten spyte van die feit dat ook hulle vanweë hierdie gasvryheid die tronke en kampe gewag het. Tog het hulle nooit aan hulleself gedink nie. Dan was daar plekke waar haas al ons vlugtelinge van geweet het. Daar kon jy maar gaan skuiling soek sonder waarskuwing of vooraf reëlings. As die nood hoog is, vlug jy daarheen. In Wes-Transvaal was dit miskien 'n rondawel op 'n oom se plaas; aan die Rand was dit so of so, terwyl Oos-Transvaal ook sy bekende skuilplekke gehad het net soos al die ander provinsies.

Van Pretoria is ons na Ventersdorp, waar Piet en ek geskei het. Hy het gaan boer, terwyl ek stene gemaak en huise gebou het. Op Ventersdorp het 'n sersant aangekom, en ons het vermoed dat hy na iemand soek. Op ons uitnodiging het hy saam begin kaartspeel en het hom gretig aan die drankies tot sy beskikking gehelp. Na elke drankie het hy spraaksamer geword en toe begin vertel dat hy die vlugteling Theron soek.

Soortgelyke voorvalle was nie seldsaam nie. Twee van my maats het eendag tussen Johannesburg en Pretoria stilgehou by 'n motor wat teëspoed gehad het. Hulle het afgeklim en die mans gehelp om weg te kom, maar net voor hulle ry, maak

die vreemdelinge bekend dat hulle twee speurders is wat op pad is om juis dié twee te arresteer. My twee vriende het nog die tyd gehad om te wag dat die speurders wegtrek en toe ook maar weer spore gemaak.

Maar om tot my relaas terug te keer. Te lank het dit hier ook nie goed gegaan nie. 'n Dame kom waarsku my dat dit weer tyd is om te spat. Per trein is ek na die Rand en toe weer na my vorige skuilplek in Pretoria, waar my twee gekraakte voetbene so sorgsaam verpleeg was. Maar wat moes ek hier ondervind? My eertydse gasheer was net gevang en in die tronk gestop, en sy goeie vrou se huis is in 'n chaos gelaat, 'n edele moeder beledig en in trane. Ook my eie ouers en suster moes hierdie proses by herhaling beleef — ou mense was hulle en 'n jong dogter, wat daaronder moes deurloop. As so 'n snuffeltog niks oplewer nie, word gedreig dat hulle aldrie opgesluit sal word as hulle nie nou verklaar waar die vlugtelingseun en -broer is nie. Privaatbriewe is gelees, alles is deursnuffel en in wanorde gelaat, in 'n toestand wat 'n mens so baie laat dink het aan die „joiners" gedurende die Tweede Vryheidsoorlog.

As jy dan op so iets afkom, pak 'n magtelose woede jou beet. Maar jy koel tog maar weer af, al begeer jy om wraak te neem. O, die soete gedagte aan wraak, om met rente terug te betaal die smart een goeie vrou aangedoen.

Dan gebeur dit dat 'n paar van ons voëlvryes weer bymekaar kom en dan val daar maar weer iets voor; weer volg daar verwarring, 'n nuttelose rondjaag van speurders links en regs terwyl ons uit ons skuilhoeke die speletjie aanskou en geniet.

Op 1 Februarie 1943 het ek met £5/1/9 in my besit 'n kamer teen £5 gehuur en die huur vooruit betaal. Met die 1/9 het ek tweemaal daagliks na 'n koffiehuis gestap om 'n ete te nuttig. Na 17 dae het ek nog 1/3 oorgehad. Toe is ek weg om op 'n plaas tussen Pretoria en Benoni te gaan werk. Op 'n middag was ek in my kamer, toe ek 'n manstem hoor: „Goeie middag, mevrou, bly Nel hier en waar is sy kamer?"

So helder en onbevreesd klink haar antwoord dat dit my altyd sal bybly: „Ek weet nie waar hy is nie."

Bars kom dit weer: „Kom, kom, moenie vir ons staan en lieg nie. Ons weet hy is hier; en as jy nie wil sê nie, donner ons jou saam met die vark in die tronk." Hy stamp hierdie bejaarde en waardige dame opsy en storm die huis binne. Nog nooit was ek op die oomblik van 'n vlaag van magtelose woede so na aan die oorsaak daarvan nie. Daar was hierdie keer nie

kans om te bedaar nie. Binne-in die kamer gooi ek een ou se kop toe met 'n kombers en slaan na meneer die spreker met alle mag. Hy het in Benoni eers bygekom. Toe die ou onder die kombers sy kop ooptrek, slaan ek hom ook plat en ek spring, maar net om my vas te loop in 'n kordon met rewolwers buite. Weerskante word my arms vasgeboei aan 'n speurder en my voete word aanmekaar geboei. Van Benoni word ek na Johannesburg gestuur met instruksies aan die wagte om te skiet by die geringste teken van verset. 'n Hoofspeurder ontvang my oorvriendelik, maar ook sy magtelose woede was duidelik sigbaar toe hy geen informasie uit my kon kry nie. Hulle metodes het nie meer geslaag nie, en dit maak hulle boos. Van Marshallplein stuur hulle my na die Fort. Ek word aangekla, nie vir ontsnapping nie, maar vir beskadiging van eiendom. Terwyl my vingerafdrukke te Hospitaalheuwel geneem word, wed 'n speurder my vir £50 dat ek nie weer sal ontsnap nie. Kort daarna ontsnap ek met talle ander uit die Fort. Die £50 is nog uitstaande skuld. Die nag van die ontsnapping slaap ek veilig in die Voortrekkerpers-gebou. In Melville moes ek een aand onder die vloer slaap en in Krugersdorp op 'n graf. Op 'n plaas waar ek heen is, het die waarskuwing weer vroegtydig gekom. So was dit maar baie keer hier en elders, met my en die ander. Ons vriende hou altyd wag. En waar dit moontlik was, het inligting van gevaar ons altyd vroegtydig bereik. Pas was ons ook weg van die plaas of die speurders kom van vooraf by ons verby, om maar nog eens vir die soveelste keer uit te vind dat hulle verniet gery het. Min het hulle geweet dat hulle baie keer slegs minute te laat was. Dr. Van Rensburg het altyd gesê ons bly „so 'n paar tree voor die C.I.D." Daardie selfde nag is ek in Krugersdorp en omgewing vier keer verskuif en elke slag was dit net voor die speurders. Op Luipaardsvlei het ek by die agterdeur uitgestap terwyl die speurders besig was om by die voorhek in te kom. Op Lichtenburg was toestande gunstiger, en hier was die gevaar van onverwagte arrestasie byna uitgesluit. Van Lichtenburg af is ek na die Bosveld in die omgewing van Marico.

By al ons ontberinge en die voortdurende gevoel van iemand op wie gejag word, was daar darem altyd ons grappies en ook ons persoonlike triomfe. Drie maats het op 'n keer vir 'n swerm speurders gevlug. Hulle was in 'n Chevrolet-motorkar en hulle agtervolgers in 'n Ford. In 'n poging om die speurders af te skud, beland hulle in 'n straat wat teen 'n spoorlyn doodloop. Hulle spring uit en wou vlug, maar twee word gevang en die een kruip in 'n stormwaterpyp af. Vir baie honderde treë het hy onder die aarde gekruip totdat hy eindelik weer kon lig sien en uitkruip. Meer geslaagd was die ontsnappings van Mitchell en Fourie, wat altwee by die venster van die badkamer uitgespring het, waarna laasgenoemde nog met die speurders se motor weggejaag het, met die Corpus delicti.

Ek word ongelukkig ernstig siek. Zeerust se dokter beveel 'n noodoperasie. Hulle jaag met my na die Krugersdorpse hospitaal. Die polisie kom dit agter, maar weer word ek 'n paar tree voor hulle die hospitaal uitgesmokkel. Die operasie is nie gedoen nie, en in Beyersstraat lê ek baie siek. Na twee weke het die speurders my skuilplek ontdek, maar 'n paar tree bly ons voor, en ek stap by die agterdeur uit terwyl hulle vanuit 'n boom in die agterstraat dophou.

Ek gaan weer terug Bosveld toe en woon ses maande lank by 'n Duitse gesin in, maar ek kon merk dat die spanning vir die oumense nie goed was nie. In Marico was dit maar weer dieselfde ou storie. In Zeerust was ek net drie weke, toe omsingel drie polisiemanne met agt naturellekonstabels my kamer en plaas my onder arres. Ek word weer geboei en na Johannesburg vervoer. Vanaf sewe-uur die oggend moes ek tot die volgende dag om elfuur sonder kos of water bly, terwyl my hande dertien uur lank aanmekaar geboei was.

Weens ontsnapping uit die Fort word ek gevonnis tot drie maande. Ek word daar gehou, en later stuur hulle my na Koffiefontein-kamp, vanwaar ek na vyf maande op parool losgelaat word, juis toe die planne vir 'n volgende ontsnapping begin broei het.

Binne-in my het gevoelens soos donderwolke voor 'n storm gemaal en gemaal. Ek kon maar nie besluit of ek bly was of spyt nie. Jare reeds was die enigste plek waar ek veilig gevoel het, binne die tronk en hier in die kamp. Daarbuite was ek soos 'n wildsbok, enigeen kon maar skiet. En nou is ek vry, en tog is ek nie bly nie. Vry binne 'n volk wat self nog gebonde is aan die troon van die veroweraar. En dan weer kom daar die ander gedagte by my op: hier stap ek nou vry rond, maar net hier agter die doringdrade sit nog 24 van my kamerade wat juis daar sit omdat hulle hierdie klas vryheid verag het en omdat hulle die vryheid van hul volk bokant die vryheid van die persoon gekies het. En buite swerf ook nog 'n klompie kamerade en geesgenote. En in Europa het Asië en die Kommunisme geseëvier, en die bolwerk teen hierdie magte, 'n edel volk, moes ondergaan.

Hoe kan 'n mens onder sulke omstandighede bly voel? Wat beteken my eie persoonlike vryheid na die verlore stryd wat ons so eensaam gestry het? Die eertyds kragtige organisasie is deur vyand en ongelukkig ook deur broer aan flenters geslaan. In die Sentrale Gevangenis sit eerbare seuns en manne wat ten koste van gevare hulle steeds verset het en bly protesteer het teen die oorlogspoging. In die uur van hulle nood toe die doodsvonnis oor hulle koppe gehang het, is hulle deur 'n leier

in die steek gelaat met die woorde: „Dis nie my mense nie." Goddank dat daar toe iemand was wat kon sê: „My kamerade, Visser en Van Blerk." Hoe heerlik was dit tog om as vlugteling ook hier by hom, die K.G., tuis te gaan. Welke vlugteling het nie daar tuis gevoel nie? Hoe het sy teenwoordigheid ons nie besiel nie? Nee! Alles is nie verlore nie.

„Die Stryd wat ons Vaders begin het
Sal woed tot ons sterf of gewin het."

*Danie Theron.*

---

## BAVIAANSPOORT

NA baie spekulasie, oor en weer geredekawel onder die gevangenes en voorspellings en beloftes wat oor 'n tydperk van twee jaar gestrek het, is die volgende van ons eindelik op 2 Junie 1947 na die plaas Baviaanspoort gestuur, waar ons dan ook onmiddellik die hoër status van „verpleegdes" en nie meer bandiete nie met dank aanvaar het:

Barnie Basson, „Oom" Roelf Botha, W. W. Botha, F. A. Fourie, G. J. Kotze, C. F. Kriel, C. N. Louw, B. de V. Pelser, D. J. Scribante, H. S. van Blerk, Johan van der Watt, J. van Heerden en J. D. Visser. Later, in dieselfde jaar, is ons geledere aangevul deur drr. Eric Holm en J. A. Strauss en verder M. J. Pienaar en Robey Leibbrandt.

Op Baviaanspoort aangekom, het ons die kamp nog in ongeorganiseerde toestand aangetref. Daar was wel slaapplek vir almal. Na 'n bietjie moeite kon 'n mens vir jou 'n bed bekom. Die eerste maaltyd was reeds berei, en ons kon dadelik eet nadat iemand vir ons 'n beker, lepel, mes en vurk gegee het. Ja, ons sou in die toekoms die nuwe voorreg om met mes en vurk te eet, ook smaak.

Die bestuurder het ons daar in die menasie toegespreek en die voorlopige paar reëls aangekondig. Wat die werklike en uiteindelike reëls vir Baviaanspoort sal wees, hang van ons gedrag af. Daar is dadelik 'n heel ander gees geopenbaar as dié waaraan ons in Sentrale Gevangenis gewoond was. 'n Mens het gevoel dat samewerking hier verwelkom sal word.

In die loop van die volgende weke en maande moes ons met die plaaslike owerhede saamwerk om alles in orde te kry. Die plek het toe nog geen stelsel gehad waarvolgens alles sou funksioneer nie. Ons het saamgewerk, en ons gewilligheid om van hierdie nuwe inrigting iets anders as 'n tronk te maak, is sodanig beloon dat die gevangenisowerhede ons vir die eerste keer leer ken het as mense wat nie altyd net stroomop wil dwing nie. Hulle het verder gegaan en ons tot samewerking uitgenooi.

So het dit gebeur dat toe een van ons kêrels aan die meester-ambagsman gevra het hoekom hy ons nie toelaat om die werk

op Baviaanspoort vir hom te organiseer nie, hy nie 'n oomblik geaarsel het om die wenk te aanvaar met 'n baie naïewe uitnodiging nie. „Man, ja, dis reg, kom organiseer jy nou alles vir my," het hy gesê, en dit het werklik gelyk of die doodgoeie man lig in die chaos gesien het.

Die gevolg van hierdie uitnodiging was dat die weinige politieke gevangenes wat toe nog nie in sleutelposisies beland het nie, ook nou hul geleentheid gevind het om voltyds by te dra tot Baviaanspoort se huishoudelike opbou.

Met die leuse: „Geen ander as politieke gevangenes om my nie," het die enkele kampbewaarder daartoe bygedra om ons posisies te konsolideer en ook oneindig bygedra tot die harmonie wat Baviaanspoortkamp sonder bewaarders snags gekenmerk het. Daar was feitlik niks vooraf beraam nie. Toe ons, saam met nog ongeveer 140 misdadigers, op Baviaanspoort aanland, moes vir almal dadelik werk gesoek word sonder dat daar vooraf enige reëlings in hierdie verband getref is. In die klerewinkel het 'n veertigtal meer as 'n week gesit voordat die eerste besending materiaal gearriveer het. Die skoenwinkel moes nog langer wag voordat 'n aanvang met die werk gemaak kon word. Wat die res van die verpleegdes betref, moes werk gemaak word om hulle besig te hou.

Daar was geen klerevoorraad nie en geen besending nuwe klere het Baviaanspoort in die eersvolgende twee maande bereik nie. Die hospitaal het nie eers 'n noodhulpuitrusting gehad nie, ook geen bewaarder nie, sodat die eerste pasiënte sommer in die huise moes bly lê, waar hulle twee keer per week deur die besoekende geneesheer ondersoek kon word.

Behalwe ons maaltye driekeer per dag is niks planmatigs van stapel gestuur nie. Ons moes weke lank in vuil en stukkende klere loop voordat 'n eerste omruiling moontlik was. Alles het maar soos harmansdrup gegaan, en dit wou werklik voorkom asof Baviaanspoort nooit gladgeolie bestuur sou word nie. Alles moes agterweë bly omdat hoër geplaaste amptenare skynbaar nie tot hulle pligte en verantwoordelikheid gedwing is nie.

Intussen moes ons in die kamp self vanuit die staanspoor wegspring om alles vir onsself gerieflik in te rig. Die twaalf huise se bewoners het elk 'n „monitor" gekies. Uit hierdie twaalf gekose monitore het die bestuurder 'n hoofmonitor aangestel, 'n pos wat uit die aard van die saak een van ons kêrels te beurt geval het. Aan hom is opgedra om orde in die kamp te handhaaf, veral in die nag, en te sorg dat niks ongerymds plaasvind nie. Een van die monitore moes elke aand tot tienuur op diens bly, toesien dat al die ligte in die huise afgeskakel is en sorg dat alle verpleegdes in hul kamers is. Gebeur dit dat 'n verpleegde na agtuur in 'n ander kamer of huis betrap word, word dadelik aan die hoofmonitor gerapporteer. Hy gaan stel ondersoek in en doen stappe na sy eie oordeel.

Die hoofmonitor moes ook alle klagtes ontvang rakende die kamp en die individuele verpleegdes. Hy moes toestemming

verleen wanneer persone oor en weer wil trek. Hy kon met voorstelle na die bestuurder gaan, wat dan ook dikwels gebeur het. Dit is dan ook die hoofmonitor, een van ons kêrels, wat Baviaanspoort se huishoudelike reëls opgestel het — reëls wat byna onveranderd deur die bestuurder aanvaar en goedgekeur is; reëls wat net die algemene harmonie en kampdissipline in aanmerking neem en nêrens, soos in die geval van die Sentrale Gevangenis, daarop gemunt is om straf uit te oefen of wraak te neem nie. Die hoofmonitor moes ook menige keer ingryp in geskille wat ontstaan tussen twee verpleegdes of somtyds tussen twee groepe. Hy was nie alleen 'n bewaker van die vrede nie maar ook algemeen erkende vredemaker.

Intussen moes verpleegdes ook die biblioteek, sport en vermaaklikhede organiseer. Die biblioteek het begin met 'n tweehonderd geskeurde en afgekeurde relieke van vergange dae — erflating van die Sentrale Gevangenis. Die drie bibliotekarisse — ook aldrie politieke gevangenes — moes hulle eie boekbindery, hoe primitief ookal, oprig en elke boek lap en stop voordat hulle dit kon uitreik. Hulle moes ook hulle eie uitruilsisteem opstel om sodoende kontrole te hou oor die uitreikings. Op hulle inisiatief is ook aan verskillende liggame, biblioteke en belangstellende persone om lees- en studieboeke geskryf. So fluks het hulle aangegaan dat die biblioteek binne 'n jaar met meer as 'n duisend goeie, heel en hoogstaande boeke kon spog. Onder andere dien hier vermeld te word dat die grootste besending eersterangse lektuur wat hier in ontvangs geneem is, boeke is wat vanaf Koffiefontein deur die owerhede hiernatoe oorgeplaas is. Binne in dié boeke is daar dan ook heelwat bekende name ingeskryf gevind met die versoek daarby: „Na die sluiting van hierdie kamp, stuur asseblief terug aan die eienaar . . . " (Hierdie boeke het in alle geval hulle eienaars nie bereik nie en staan nou in die rakke van die biblioteek van Baviaanspoort. Ook prikkel dit die skrywers hiervan om te dink dat daar o.a. gevorderde werke is wat handel oor die hoër Wiskunde.)

Die eerste sportsvergadering is reeds die tweede aand nadat ons daar aangekom het, belê. Op hierdie vergadering is 'n sportkomitee gekies, die inwonendes in vier groepe verdeel en vier sokkerkapteins gekies. Daar is besluit om ligasokker, jukskei, ringtennis en tennis te speel. Die eerste aansoeke om sporttoerusting soos sokkerballe, jukskeie en ringtennisballe is reeds daardie aand uitgeskryf. Daardie seisoen kon die vier spanne nog 'n reeks sokkerwedstryde afspeel in 'n uitklopkompetisie wat op Boomplantdag begin en beëindig is.

Met verloop van tyd het die eerste indeling van verpleegdes onprakties geblyk. Toe is die kamp, oud en jonk, in twee afdelings of groepe verdeel, nl. die Takhare en die Ruiters. Nou kon elke groep 'n 1ste, 2de en 3de sokker- en sagtebalspan in die veld stoot. Jukskeie kon tot met agt spanne aan 'n kant spog, en ringtennis het soveel as twaalf ligaspanne opgelewer.

Later is ook 'n baie geslaagde atletiekdag gehou, t.w. op Nuwejaar. Sagtebal is ook gespeel, en die politieke gevangenes het hier hulle eie span, die Velskoene, gehad en die kompetisie tweekeer gewen.

Ons het ook 'n flinke vermaaklikheidskomitee daargestel en het in die bestek van 'n jaar drie konserte gereël — een hiervan was 'n toneelstuk van vier bedrywe.

Die voedsel was uit die staanspoor nie van die beste nie en ook nie genoegsaam nie. Die koks het hulle bes gedoen met die rantsoene wat hulle ontvang het, maar dit was glad nie voldoende nie. Klagtes by die bestuurder het steeds die afgesaagde antwoord uitgelok: Die kos is deur die Parlement vasgelê. Sake het ontwikkel tot waar dit optrede dwingend noodsaaklik gemaak het. Die hoofmonitor het in onmin geraak by sy mede-verpleegdes en daarmee veel van die noodsaaklike en onontbeerlike vertroue ingeboet. Om sy eie posisie te bestendig moes hy optree. In oorleg met die kombuisbewaarders, wat maar te bewus van die voedseltekort was, is op 'n kwasie-hongerstaking besluit: ons weier om die aangebode kos te eet alvorens ons die bestuurder gespreek het, en weier ook om die menasie te verlaat voordat hy ons te woord gestaan het.

Die bestuurder is van hierdie besluit verwittig. Hy het onverwyld gekom, was kwaad en seker teleurgesteld in die mense wat hy soveel vertroue geskenk het. Hy was egter 'n genaakbare mens, en na 'n paar minute van verduideliking en ook 'n demonstrasie was hy vatbaar vir wenke. Ons het 'n paar geskilde aartappels, wat as ongeskilde gewig aan ons uitgemeet is, aan hom getoon. Wat oorbly nadat skil en slegte plekke verwyder is, het hom oortuig dat daar 'n groot verskil tussen die vasgestelde ongeskilde gewig en die geskilde artikel is.

Die feit dat ons voedselrantsoene deur die Parlement vasgelê en deur die Direkteur van Gevangenisse goedgekeur is, het nou nie meer by hom so swaar geweeg nie. 'n Agterdeur is vir ons oopgemaak. By die afgeweegde voedsel wat van die hoofkwartier af kom, sou ons ook die voorreg hê om van die groente wat plaaslik gekweek word, te bekom.

Op Baviaanspoort is studie sover moontlik aangemoedig. Ons is toegelaat om ons ligte tot selfs elfuur in die aand te laat brand. Die Sentrale Gevangenis se onderwyser het gereeld eenkeer per week gekom om klagtes aan te hoor, studieboeke om te ruil, klaswerk na te sien en nuwe inkomelinge tot studie aan te moedig. Die mate van sukses wat hierdie onderwyser dan ook gehad het, kan teruggevoer word na die akademiese onderleg wat hy gehad het. Tog was die studie-omstandighede nie so ideaal soos in die Sentrale Gevangenis nie, waar 'n mens in 'n sel opgesluit word en atmosfeer en stilte het om beter te konsentreer. Daar was so baie dinge in Baviaanspoort wat 'n mens se aandag van jou werk af kon hou. Te maklik het mens skiet gegee en liewer deelgeneem aan die baie afleiding wat

verskaf word. Om te studeer het mettertyd werklik wilskrag geverg.

Soos reeds genoem, was die hoofmonitor met sy monitore verantwoordelik vir die dissipline in die kamp. Na vyfuur in die middag was daar selfs geen bewaarder voltyds op diens in die kamp nie. Dit was dan ook die plig van almal om enige ondermynende planne, soos 'n voorgenome ontsnapping, smokkel van dagga en ander misdade, dadelik te rapporteer. En menige gepoogde ontsnapping is dan ook in die kiem gesmoor. Tog het dit gebeur dat verpleegdes daar ontsnap het — een van die maklikste dinge om te doen en glad nie 'n kordaatstuk nie. So 'n persoon kon slegs sy maats se omstandighede vir hulle vergal het. Geen politieke gevangene het hier dus ooit aan ontsnapping gedink nie. Andersyds was die bestuurder grootmoedig genoeg om nie op die agterblywendes weerwraak te neem nie.

Een faktor wat homself hier besonder voelbaar gemaak het, was die aantal besoeke en die manier waarop ons besoeke kon ontvang. In hierdie besoekkamer was dit dan ook dat sommige van die getroude politieke gevangenes hul kinders vir die eerste maal weer kon sien na selfs vyf jaar . . . Die Kliphorisonne van weleer is vervang deur dié van 'n Wye Genade.

Byna hardnekkig is deur die bestuurder en van sommige van sy ondergeskiktes volgehou dat Baviaanspoort nie 'n gevangenis is nie maar wel 'n hervormings- of verpleeginrigting. In hoeverre dit in sy doel geslaag het of in die toekoms daarin sal slaag, is 'n voël van ander vere. 'n Vername faktor is egter: die politieke gevangenes wat in die Sentrale Gevangenis met wraak in venynige vorme te doen gekry het, het hier in Baviaanspoort geleer dat daar mense in die bewaarderuniform is wat 'n hart het en wat ook ander gedagtes koester as om op wraak op die stiefkinders van die samelewing te sin.

In die algemeen is hier dan ook gevind dat die verpleegdes nie in 'n onafgebroke verset teen die handhawers van wet en orde lewe nie, vanweë 'n redelik-simpatieke behandeling om sodoende 'n vrugbare aarde te bied vir konstruktiewe bewerking. Dog die gedagte van hervorming word daardeur gekortwiek dat die persone aan wie dit opgedra is, nie die middele tot hul beskikking het en ook nie rigtinggewers het om die potensialiteite van hierdie braakland tot iets bestendigs en nuttigs om te skep nie. Van hervormingswerk is hier dus bykans geen sprake nie.

Hier in Baviaanspoort het nog 'n episode in ons volk se geskiedenis ten einde geloop toe ses van ons ontslaan is op 12 Junie 1948 na die bewindsaanvaarding van 'n Nasionale Regering, wat ook verantwoordelik was vir die loslating van dr. Eric Holm op 24 Desember 1948.

Opgestel deur *J. D. Visser* in samewerking met *H. S. van Blerk*.